# TUSSEN DROOM EN WERKLIKHEID: DIE VOORSTELLING VAN DIE SAKEWêRELD IN DIE OEUVRE VAN WILLEM ELSSCHOT

deur

**CHRISTA IRENE MARIE JANSE VAN RENSBURG**

Tesis ingelewer ter voldoening aan die vereistes vir die graad

**MAGISTER ARTIUM**

in

**DIE FAKULTEIT *HUMANITIES***

aan

**DIE UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD**
April 1999

STUDIELEIER: Dr R Wolfswinkel

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

University of Cape Town

Schrijven is verdomd moeilijk.
(Elsschot)

## ERKENNING

Ek bedank my studieleier, Dr R Wolfswinkel vir sy leiding met die skryf van die tesis, die Departement Afrikaans en Neerlandistiek vir die beskikbaarstelling van 'n kantoor waar ek ongestoord kon werk en my eggenoot,
Nico Janse van Rensburg vir sy aanmoediging en vertroue in my vermoë.

# INHOUDSOPGAWE


BLADSY

**SINOPSIS** i

***HOOFSTUK 1***

1.1 **METODOLOGIE** 1

1.2 **GESIGSHOEK** 1

1.2.1 **Realisme** 1
1.2.2 **Ideologiekritiek** 3
1.2.3 **Postmodernisme** 5

1.3 **HOOFSTUKOORSIG** 9

***HOOFSTUK 2***

2.1 **INHOUDELIKE OORSIG VAN DIE OEUVRE VAN ELSSCHOT** 13

2.1.1 **Verzen van Vroeger** (1934) 13
2.1.2 **Villa des Roses** (1913) 14
2.1.3 **Een Ontgoocheling** (1914) 16
2.1.4 **De Verlossing** (1921) 17
2.1.5 **Lijmen** (1924) 18
2.1.6 **Kaas** (1933) 20
2.1.7 **Tsjip** (1934) 21
2.1.8 **Pensioen** (1937) 23
2.1.9 **Het Been** (1939) 24
2.1.10 **De Leeuwentemmer** (1939) 25
2.1.11 **Het Tankschip** (1942) 26
2.1.12 **Het Dwaallicht** (1947) 28

***HOOFSTUK 3***

3.1 **INLEIDING** 29

3.2 **AARD VAN DIE SAKEWêRELD** 31

3.2.1 **Subtiele oneerlikheid** 33
3.2.2 **Geld, wins en tyd** 37
3.2.3 **Uiterlike voorkoms van die sakeman** 39
3.2.4 **Grootdoenerigheid** 40

3.2.4.1 Taalgebruik 40
3.2.4.2 Hiperbole 42
3.2.4.3 Leuens 43
3.2.4.4 Liggaamstaal 44
3.2.4.5 Spog 45
3.2.4.6 Geskenke 46

3.2.5 **Kantore** 47
3.2.6 **Wesenskenmerke van die sakeman** 48


## *HOOFSTUK 4*

4.1 **TEGNIEKE WAT ELSSCHOT AANWEND OM DIE AARD VAN DIE SAKEWêRELD STERKER TE BELIG** 51

4.1.1 **Styl**

4.1.1.1 Elsschot en die Realisme 52
4.1.1.2 Elsschot en Multatuli 55
4.1.1.3 Elsschot se vertellershoek 58
4.1.1.4 Vorm en inhoud 62
4.1.1.5 Sinisme 62
4.1.1.6 Woordkeuse 66
4.1.1.7 Humor 69
4.1.1.8 Geen fantasie 73

4.1.2 **Karakterisering** 74
4.1.3 **Die verwysings in Elsschot se oeuvre** 80
4.1.4 **Die outobiografiese aard van sy oeuvre** 87


## *HOOFSTUK 5*

5.1 **LITERêRE AGTERGROND** 97

5.1.1 **Kunsstrominge voor Wêreldoorlog I** 97
5.1.2 **Kunsstrominge na Wêreldoorlog I** 101
5.1.3 **Elsschot en die Vlaamse letterkunde** 108
5.1.4 **Elsschot en Forum** 112

5.1.4.1 Vorm of Vent? 112
5.1.4.2 Outobiografiese inslag versus Forum 113
5.1.4.3 Elsschot se styl versus die styl van Forum 113
5.1.4.4 Moralisme 115
5.1.4.5 Forum en samelewing 116

## *HOOFSTUK 6*


6.1 **DIE SAKEWêRELD IN DIE GESKIEDENIS** 118

6.2 **GESKIEDKUNDIGE AGTERGROND** 120

6.2.1 **Voor Wêreldoorlog I** 120
6.2.2 **Die Eerste Wêreldoorlog in België** 121
6.2.3 **Na Wêreldoorlog I** 124
6.2.4 **Tydperk van heropbou** 125

6.3 **IDEOLOGIESE SPANNING TUSSEN DIE KAPITALISME EN DIE SOSIALISME** 131

6.3.1 **Kapitalisme** 135

6.3.1.1 Omskrywing 138

6.3.2 **Sosialisme** 141

6.3.2.1 Omskrywing 142

6.3.3 **Taalkwessie** 148

6.4 **DIE KERKLIKE AGTERGROND IN BELGIë** 153

6.4.1 **Ontwikkeling** 154
6.4.2 **Elsschot en die kerk** 159


## *HOOFSTUK 7*


**SLOT** 165


## *BIBLIOGRAFIE*

# ABSTRACT

This study investigates the representation of the business world in the oeuvre of Willem Elsschot.

Firstly Elsschot as businessman levels criticism at a capitalistic economic system of which he himself was part. An ambivalence, namely humanitarianism versus profit, emerge through the sober style in which Elsschot's writes. Style was very important to Elsschot.

Secondly, Elsschot illuminates the ideological tension between capitalism and socialism present in his oeuvre. Thirdly Elsschot provides the reader with insight into his fiction by incorporating in a realistic manner the historical, economic and social background of the society of his time.

His representation of the business world implies social commentary on the civilian life of which he was part and from which he never really escaped. He seeks through his portrayal of capitalism a more moral society where the weak would no longer be seen as objects through whose usefulness more profit could be gained for capitalism. In this way he tacitly supports socialistic notions without ever actually practising or choosing socialist party politics.

Fourthly, the autobiographical aspect of Elsschot's representation of the business world deserves mention. Although the characters in his oeuvre refer back to historical figures, and he draws from his own experience to create the business world about which he writes, it would be dangerous to assume that his writing is merely a realistic representation of Elsschot's own life.

Fifthly, Elsschot examines the church as an instrument in the hands of

capitalism. His representation of the church serves as criticism against the Roman Catholic Church which dominated many facets of Belgian society. Elsschot considers it as hypocracy when the church and the business world are seen to behave similarly.

Elsschot uses different techniques to describe the business world. Style, being the first one captures Elsschot's choice of words, his overaccentuation and his use of language.

Characterization is the second technique that requires consideration. Elsschot's characters act in pairs, an outward representation of the duality, humanitarianism is profit making, ("droom versus werklikheid") that is present in his characters. Even Elsschot as successful businessman himself, Alfons de Ridder, experiences this conflict and writes under the pseudonym Willem Elsschot.
The last technique that contributes to the description of the business world is the evocation of unusual worlds with which to compare the real business world. The juxtaposition of everyday occurrences with biblical events for example strengthens the irony and humour in his style.

Finally, this study determines Elsschot's motivation in representing the business world in the way that he does; to what extent he is influenced by the history, the ideologies and the society of his time and to what extent he was influenced by the conventions of his time. Although Elsschot has been dead for 38 years, the vitality and realism in his oeuvre are still strong and he still has many readers.

# *SINOPSIS*

Die studie ondersoek die representasie van die sakewêreld in die oeuvre van Willem Elsschot - pseudoniem vir Alfons Jozef de Ridder. Verskeie temas kom aan bod tydens die bestudering van die sakewêreld.

Eerstens lewer Elsschot kritiek op 'n ekonomiese stelsel waarvan hyself deel was. Hy was goed bekend met die sakewêreld en het sy geld gemaak met publisiteit en reklame. As 'n sakeman, kritiseer hy die kapitalisme. 'n Ambivalensie, naamlik menslikheid en sensitiwiteit versus geldsug en winsbejag, kom deur die nugter en sober styl waarin Elsschot skryf, na vore. (Dit dra by tot die ironie en humor in die oeuvre wat deurgaans tot die leser spreek.) Styl was vir Elsschot baie belangrik. In sy inleiding tot Kaas vermeld Elsschot dat styl slegs bevatlik is vir die mens met "een ziel". (Elsschot, 1963:413) Daarmee gee hy te kenne dat hy self "ziel" of liewer 'n gevoelskant het. Sy skryfkuns het vir hom 'n uitlaatklep vir sy eie menslikheid gebied of dalk het dit vir hom as gewete gedien vir al die geld wat hy as sakeman gemaak het.

Tweedens belig Elsschot die ideologiese spanninge teenwoordig in sy oeuvre: die kapitalisme versus die sosialisme. Derdens leer ken die leser die tydperk om en by 1900 tot die einde van sy oeuvre in 1947, en verstaan dat Elsschot op realistiese wyse die historiese, ekonomiese en sosiale agtergrond van die samelewing van sy tyd in sy oeuvre geïnkorporeer het.

Sy voorstelling van die sakewêreld impliseer sosiale kommentaar op die burgerlike samelewing waarvan hy deel was en waaraan hy eintlik nooit ontkom het nie. Elsschot dwing die leser tot alternatiefsoeke. Hy soek via sy voorstelling van die kapitalisme 'n meer morele samelewing, waarin die swakkeres nie langer uitgebuit sou word nie en nie gesien sou word as objekte wat met hulle nuttigheidswaarde

meer wins vir die kapitaliste sou bring nie. Op die wyse word byna kant gekies vir die sosialistiese beskouinge sonder om ooit die sosialistiese partypolitiek te bedryf of te verkies. Hierdie ideologiese spanning word slim vervat in die dualisme wat ter sprake is in Het Been.

***"Wij mensen van zaken moeten het geld en de vervloekingen gelaten als ons deel accepteren en malligheden als deze*** (gevoel vir die swakkes) ***overlaten aan die daartoe geroepen zijn en die als het Rode Kruis kunnen nakomen."*** (Elsschot, 1957:391)

Vierdens verdien die outobiografiese inslag in sy voorstelling van die sakewêreld melding. Hoewel die karakters in sy oeuvre heenwys na historiese figure en hy die sakewêreld waaroor hy skryf onttrek uit sy eie belewenisse, sou dit gevaarlik wees om aan te neem dat dit slegs 'n realistiese weergawe van sy eie lewe is. Outobiografiese inligting word altyd geselekteer en georden tot 'n onafhanklike kunswerk, wat deur 'n interpreterende leser in 'n spesifieke konteks gelees kan word. Elsschot ontleen aan die outobiografiese, maar sy ontleding van die feite en die styl waarop hy die sakewêreld aanbied, maak die outobiografiese maar 'n klein faktor in die verstaan van sy oeuvre.

Vyfdens bekyk Elsschot die kerk as 'n instrument in die hande van die kapitalisme. Sy voorstelling van die kerk dien as kritiek teen die gebruike van die kerk en hy ontmasker eintlik die praktiese christendom. Die Rooms-Katolieke kerk het ten tyde van Elsschot se skrywersloopbaan (1900 - 1947) talle fasette van die Belgiese samelewing oorheers. Elsschot sien dit as hipokrasie as die kerk en die sakewêreld eintlik op dieselfde manier optree. In Tsjip stuur Laarmans aan die kerk soos aan die burgemeester 'n fooi vir dienste gelewer:

***"Maar een dankbrief krijgt hij in ieder geval en honderd frank voor de armen ook, zoals die burgemeester gekregen heeft. Dat is nu eenmaal mijn tarief."*** (Elsschot, 1957:528)

Die eerste tegniek wat Elsschot aanwend om die aard van die sakewêreld te beskryf, is sy styl. Die hardheid, gewetenloosheid en misleiding van die reklamebedryf word vasgevang in Elsschot se woordkeuse, ooraksentuering en taalgebruik. Die sakewêreld word voorgestel as 'n oerwoud waar oorlewing van die sterkstes geld. Dit handel nie in Elsschot se oeuvre om groot verhale of intriges nie, maar dit is die styl waarin hy alledaagse gebeure met spanning en tragiek beskryf, wat die leser boei of laat lag.

Karakterisering is die tweede tegniek wat belig word. Hy laat tree die karakters in pare op, wat 'n uiterlike voorstelling is van die tweespalt, menslikheid versus winsbejag, wat teenwoordig is in Elsschot se karakters. Hierdie karakterpare kontrasteer of vul mekaar op verrassende wyse aan (Van der Elst et al (red.), 1988: 364). Die Laarmans-Boorman karakters uit Lijmen en Het Been verteenwoordig die spanning, gees en materialisme, of droom en realiteit wat in die Elsschotkarakters teenwoordig is. Mevrouw Lauwereyssen en Boorman dui op die konflik tussen handelaar en slagoffer in die sakewêreld, terwyl die Laarmansegpaar in Kaas die botsing tussen wensdenkery en praktiese realisme illustreer. Die drie matrose en die burgerman in Het Dwaallicht wys verder op die tipiese Elsschottema naamlik droom en realiteit. Die tema is woordeliks vasgevang in die vyfde strofe van sy gedig "Het Huwelijk" wat in Verzen van Vroeger voorkom. Hierin beskryf hy die stryd wat beleef word tussen "droom" en "daad" in die huwelik:

***"Maar doodslaan deed hij niet, want tusschen droom en daad***
***staan wetten in den weg en praktische bezwaren,***
***en ook weemoedigheid, die niemand kan verklaren,***
***en die des avonds komt, wanneer men slapen gaat."*** (Elsschot, 1957:738)

Elsschot se karakterisering lei tot die insig dat die sakeman in sy oeuvre 'n teenstrydige en verskeurde wese is. Hierdie tweespalt kan nie toegelaat word nie; want om suksesvol te wees, kan die sakeman nie twyfel aan sy ambisie om geld te

maak nie. Goed en kwaad kry in die sakewêreld nuwe betekenis. Goed is om geld te maak en kwaad is om toe te laat dat enigiets die geldmaakproses steur!

Elsschot ervaar dié tweespalt as sakeman self. Hy, as suksesvolle sakeman in reklame, Alfons de Ridder, vind dit nodig om te skryf onder die skuilnaam Willem Elsschot. Dié twee name verteenwoordig die kwaliteite droom en werklikheid en dié twee opponerende begrippe is grootliks onversoenbaar met mekaar.

Die laaste tegniek wat bydra tot die beskrywing van die aard van die sakewêreld, is Elsschot se oproep van vreemde, onverwagte en byna vergesogte verwysingswêrelde om die sakewêreld met al sy verskillende aspekte mee te vergelyk. Die jukstaposisionering van die alledaagse met die skeepvaart, groot volksgebeure of Bybelse gebeure versterk die ironie en humor in sy styl. Dit is nie humor wat laat skaterlag nie, maar die droër effek van 'n verbale of beskrywende humor wat die leser gevange hou.

Ten slotte word in die studie bepaal wat Elsschot se motivering was om die sakewêreld voor te stel soos wat hy dit wel doen; in watter mate hy beïnvloed is deur die geskiedenis, die ideologieë en die samelewing van sy tyd en in watter mate hy hom gesteur het aan die konvensies van sy tyd. Hoewel Elsschot reeds ag en dertig jaar dood is, is die vitaliteit en realisme in sy oeuvre nog sterk en het hy ook vandag nog veel te sê.

# *HOOFSTUK 1*

## 1.1 METODOLOGIE

Die studie word in twee komponente verdeel. Eerstens word 'n kritiese analise gedoen oor spesifieke tekste van Elsschot, met 'n fokus op die voorstelling van die sakewêreld. Dit sal nie uit 'n strukturalistiese oogpunt nie, maar eerder uit 'n ideologiese gesigshoek gedoen word. Die leesfokus sal dus nie primêr op die strukturele vormgewing van die tekste wees nie, maar sal eerder die visie op die samelewing wat uit die tekste gerekonstrueer kan word, belig. Die analise sluit Elsschot se hele oeuvre in, maar klem val op tekste waarin die sakewêreld die hooftema is, soos Lijmen, Het Been, Kaas, Het Tankschip en De Verlossing.

Die tweede komponent wil besig wees met 'n historiese ondersoek na die sosiale en ekonomiese omstandighede waarteen Elsschot skryf, met 'n beklemtoning van die spanning tussen die kapitalisme en die sosialisme in die jare tussen 1900 en 1940.

## 1.2 GESIGSHOEK

### 1.2.1 **Realisme**

Alvorens 'n hoofstukoorsig gegee kan word, moet belig word uit watter gesigshoek die studie na Elsschot se oeuvre kyk. Elsschot se styl kan as die realistiese skryfstyl beskou word. Die werklikheid soos die outeur dit via sy sintuie ervaar, word vervat in die realisme. Elsschot se oeuvre word dus aanvanklik in die studie gesien as 'n

representasie van die werklikheid waarin Elsschot hom bevind het.

Die literêre werk funksioneer nie geïsoleerd nie, maar is deel van 'n kommunikasieproses waarin vier elemente onderskei kan word: 'n skrywer, 'n teks, 'n leser en 'n samelewing. (Sötemann, 1985: 117 - 130) Dié studie berus op 'n literêre teorie, wat fokus op die verhouding tussen die teks en die samelewing. Die samelewing met sy ideologieë, druk sy stempel op die teks af. Ideologie kan verklaar word as 'n ***"sisteem van samehangende idees wat die samelewing en ook die denke van die lede van die samelewing ingrypend beïnvloed."*** (Van der Merwe & Viljoen, 1998: 150) Daarom word die gevolgtrekking gemaak dat die sakewêreld in die oeuvre van Elsschot, 'n representasie is van die sakewêreld uit sy tyd; nou tot kunswerk omvorm. As die samelewing die tekste van Elsschot beïnvloed het, moet besef word dat die samelewing ook Elsschot, as outeur, beïnvloed het. Die implisiete outeur in die oeuvre van Elsschot lewer bewys daarvan. Met implisiete outeur word bedoel, die geheel van lewens- of morele opvattinge wat uit 'n teks afgelei kan word. Die implisiete outeur is 'n samevatting van 'n reeks voor- en afkeure van die spreker in die teks. Die wêreld- en lewensbeskouing van die skrywer en sy ideaal of verlange na 'n ander (beter?) bestel kom dikwels na vore via die idees van die implisiete outeur. Die implisiete outeur lewer sosiale kritiek op die samelewing deurdat hy die samelewingsnorme bevraagteken. Dié uitdaging van die stereotipe samelewingsopvattinge maak verandering en veral vernuwing moontlik.

Elsschot skryf in 'n tydperk toe 'n nuwe ideologie, die sosialisme, in Europa en ook in België, aan die posvat was. Sy siening van ideologie was anders as die populêre opvattinge van sy tyd. Die kapitalisme, wat vir lank die sterkste ideologie in België

was, word deur Elsschot bevraagteken. Sy simpatie het gelê by die randfigure van die samelewing. By diegene wat deur die kapitalistiese stelsel misbruik en uitgebuit is. Met dié uitdaging van die kapitalistiese idees blyk dit dat hy meer ten gunste van die leerstellinge van die sosialisme was. Die sosialisme sou 'n regverdiger bestel vir die uitgebuitenes en slagoffers van die kapitalisme daarstel. Elsschot self het ten spyte van sy bepleiting vir 'n nuwe bestel, nie opgehou om binne die kapitalistiese stelsel te funksioneer nie. (Buyens, 1978: 10)

Elsschot het as sakeman hom in die reklamebedryf bevind. Reklame is die simbool van 'n samelewing wat inherent dekadent is. Oppervlakkig skep dit die indruk van welvaart, maar onder die oppervlak heers dikwels 'n beeld van verrotting en onvervuldheid. Reklame is die produksie van illusies en bedrog binne die kommersiële opset van die kapitalisme. Die hele samelewing is volgens Elsschot vol van illusies en bedrog. Selfs die kerk tree as werktuig van die kapitalisme op. Elsschot wil die samelewing verbeter. Hy klim daarom in sy oeuvre in die mondering van die kapitalisme en ontheroïseer dit. Sodoende stel hy wat self sakeman is, die kapitalisme aan die kaak. (Van der Merwe, 1988: 210)

### 1.2.2 Ideologiekritiek

Volgens die literatuursosiologie kan 'n bepaalde visie op 'n samelewing uit 'n literêre teks afgelei word. Hierdie visie word uit die teks gerekonstrueer. Eietydse problematiek word in die werk beskryf en beklemtoon (Segers, 1985: 117 - 119). Die begrip ideologie speel 'n belangrike rol in die benadering. Van der Merwe & Viljoen (1998: 150) haal Althusser aan as hy sê ideologie is 'n ***"system of ideas and***

***representations which dominate the mind of a man or a social group."***

Die Marxistiese ideologie van Karl Marx en Friedrich Engels het ten grondslag dat die lewe materialisties is. Die daarstelling van die moontlikheid om te eet, drink, kleding te hê, te besit en te kan werk, vorm die middelpunt van die ideologie. Die kapitalisme vervreem mense van hul arbeid en hulle word, volgens die Marxisme, op die wyse van 'n wesentlike deel van hulself vervreem.

Vir die produksie van materiële lewe is slegs twee sake van belang, naamlik produksiekragte en produksieverhoudings. Eersgenoemde verwys na die werkers as natuurlike hulpbronne en laasgenoemde word gekenmerk deur die feit dat die bourgeoisie die proletariaat oorheers. Marx reken dat die werker in 'n kapitalistiese sisteem tot gebruiksartikel met nuttigheidswaarde gedegradeer word.

Die samelewingstruktuur, binne die Marxisme, word deur 'n klassestryd tussen die middelklas en die werkers bepaal. Die samelewing ontwikkel op 'n dialektiese wyse: van tese na antitese na sintese. Die bourgeoisie-samelewing vorm die tese; dit skep die antitese van die proletariaat; wat moet uitloop op die sintese naamlik die klaslose samelewing.

Marxisme onderskei tussen die bobou en die onderbou van die samelewing. Die basis of onderbou verwys na die basiese ekonomiese struktuur gekenmerk deur uitbuiting en klassestryd. Hierdie onderbou skep die superstruktuur of bobou wat produksie in stand hou en konflik hanteer. Dit sluit in 'n regstelsel, 'n parlement, 'n opvoedingstelsel en 'n religie. Die ideologie hoort volgens Marx by die bobou.

Hiervolgens word die mag van die bourgeoisie oor die proletariaat bevestig en voorstellings wat wesenlik van belang is vir die burgerstand, word as universeel geldig beskou. Die kunste, letterkunde en ander kultuurprodukte hoort volgens Marx ook tot die bobou. (Van der Merwe, 1998: 149)

Die literêre ideologiekritiek fokus op die verband tussen die literatuur en die dominante ideologie van die samelewing wat op 'n spesifieke tyd geld. Dit dui aan hoe die ideologie bepaal wat 'n skrywer (mag) skryf of wat 'n leser (mag) lees. Dit ontmasker die subtiele verborge inwerkinge van die ideologie op die voorstellings van die implisiete skrywer. Die studie sal met die realisme en ook met die ideologiekritiek na die oeuvre van Elsschot kyk.

### 1.2.3 **Postmodernisme**

Die laaste woord sou kwalik oor Elsschot se sakewêreld gespreek kon word, as daar nie kennis geneem word van die aporia van die postmodernisme, wat die diskoers van die laat twintigste eeu oorheers nie. Dié "modewoord" of "verskynsel" (Hutcheon, 1989; Hambidge, 1995) wat assosiasies oproep van 'n einde of breuk het die literatuur, kunste, teologie en die historiografie van die laat twintigste eeu beïnvloed. (Van Heerden, 1997:11) Postmodernisme is 'n komplekse en multidimensionele kunsbeweging wat volgens Hambidge die grense van die kunsmedium ondersoek, herdefinieer en verironiseer. (Hambidge, 1995:9) Elsschot se oeuvre sou ook op die manier bekyk kon word en dit sal moontlike teenstrydighede blootlê. Slegs enkele aspekte van die postmodernisme sal vir die doel van die studie aangeraak word.

Eerstens sal die werklikheid van Elsschot as die enigste ware weergawe van die werklikheid bevraagteken word. Derrida, die grondlegger van die dekonstruksie teorie, dui aan dat die werklikheid, soos wat dit ook deur Elsschot voorgestel word, maar net nog 'n teks is wat gebroke, onbegrypbaar en ondeurdringbaar is. Dekonstruksie is volgens Hambidge die postmodernisme in aksie. Hiervolgens moet besef word, dat die gebrokenheid van 'n teks slegs begryp kan word, omdat die werklikheid net so gebroke is. (Hambidge, 1995: 14) Derrida reken voorts dat enigiets slegs binne 'n konteks gekonseptualiseer kan word. Daar ontstaan dus 'n waarheidsbreuk met die stelling dat Elsschot die werklikheid voorstel in sy oeuvre. Werklikheid, binne die postmodernisme, word gesien as 'n representasie wat huiwer tussen die weergawe van die "essensie" en die afskaduwing van die "ware" gebeure. Elsschot se werklikheid ontglip die leser dus binne die konsep van die postmodernisme.

Om binne die raamwerk van die postmodernisme te sê dat wat Elsschot opgeteken het, bloot die werklikheid van sy tyd is, is om die subjektiwiteit van die skrywer te ignoreer. Hayden White sê oor letterkunde en geskiedenis:
***"every presentation of the past has specifiable ideological implications."***
(White, 1978: 69) Die ideologie van die postmodernisme is paradoksaal. Dit leun op dieselfde beginsels wat dit teenstaan. Dit dui dus daarop dat kultuurvoordeel, interpreterende konvensies en die bevraagtekening van die outoriteit van die skrywer nie geïgnoreer kan word nie. (Hutcheon, 1988: 120)

Daar sal voorts nie binne die postmodernisme gesê kan word dat Elsschot se karakters soos Laarmans outobiografiese voorstellings van homself is nie, maar

eerder dat hy die outobiografiese kode as metode aanwend om die grense tussen teks en werklikheid te problematiseer.

Roland Barthes beweer dat die skrywer binne die postmodernistiese raamwerk dood is. Hy verwerp die sterk rol wat die skrywer in tekste speel as tiranniek. (Barthes, 1988: 169 - 170) E van Heerden (1998:30) dui aan dat die outeur in die postmodernisme hom as subjek aanmeld en wroeg met die kwessie van woord en wêreld. Patricia Waugh vat die subjektiwiteit van die skrywer as volg saam: ***"metafictional texts which introduce real people and events expose not only the illusion of verisimilar writing but also that of historical writing itself. The people and events here may "match" those in the real world, but these people and events are always recontextualized in the act of writing history. Their meanings and identities always change with the shift in context. So history, although ultimately a material reality (a presence) is shown to exist within textual boundaries. History, to this extent, is also "fictional".*** (Waugh, 1984: 106) Elsschot is binne die postmodernisme uiters subjektief as hy gebeure opteken.

Die skrywer as subjek in 'n teks verwys altyd terug na homself en so word gefokus op die onsigbare hand agter enige stuk letterkunde of geskiedenis. Die outobiografiese inslag word dus nie weggeneem binne die postmodernistiese raamwerk nie. By Elsschot word nou nie meer gekyk na wat is die "ware" geskiedenis nie, maar Barthes sê wat bepaal moet word, is wie bied watter werklikheid aan, vir wie en om watter rede? (Marshall, 1992: 153; Van Heerden, 1998: 30)

Die postmodernisme kyk ook na die onmag van taal. Geskiedenis is talige interpretasies van gebeure en daag daarom die enkellynige, sogenaamde objektiewe, neutrale en onpersoonlik optekening van geskiedenis uit. Die postmodernisme kyk krities, bevraagteken vorme, kontekste en stereotipe waardes van die verlede. Geskiedenis kan nie opgeteken word sonder ideologiese of institusionele analises nie, ook nie sonder die analise van taal en skryf nie. Opgetekende gebeure, verwys volgens Derrida, altyd weer na ander tekste sonder om by die werklikheid te kan uitkom. Derrida dui 'n aporia in tekste aan. 'n Onvermydelike teenstrydigheid, wat 'n finale sluitende interpretasie van tekste onmoontlik maak. Dis nie die produk wat belangrik is nie, maar die proses dat konvensionele sisteme talig oopgebreek kan word en nuwe verbande gelê kan word. Elsschot het binne die postmodernisme nie die finale woord in sy private optekening van die geskiedenis nie! (Hambidge, 1995: 11-14)

Die studie bekyk dus Elsschot se oeuvre literêrteoreties as synde realisties, dit wil sê die klem val op die weerspieëling van die sosiale werklikheid in die literatuur. (Van der Merwe, 1998: 88) Daarna word van die ideologiekritiek gebruik gemaak om die geykte maniere van kyk na die werklikheid te ontmasker. Van die pluraliteite van die postmodernisme sal kennis geneem word. Die saamlees van die postmodernisme met die modernisme en andersom, sal begrippe aktiveer soos ironie, distansiëring en intertekstualiteit.

## 1.3 HOOFSTUKOORSIG

Die vraag wat die studie wil beantwoord, is wat Elsschot se motivering was vir die voorstelling van die sakewêreld op die wyse soos hy dit gedoen het . Die hoofstukoorsig van die studie word gemeld, om bogenoemde vraag te probeer beantwoord. Nie dat digsluitende antwoorde met finaliteit moontlik is nie, maar daar volg 'n poging om meer moontlikhede oop te sluit. Elke hoofstuk sal poog om 'n nuwe reeks vrae te genereer wat sal bydra tot verheldering van die hoofvraag.

In hoofstuk een word die manier waarop daar in die studie na die sakewêreld van Elsschot gekyk word, beskryf. Dit vloei vanaf die realisme deur die marxistiese ideologiekritiek en eindig by die aporia van die postmodernisme. Daarbenewens word die metodologie hoe die studie aangepak word, beskryf en volg die hoofstukoorsig van die studie.

Aangesien die leser van die studie nie noodwendig bekend is met al die tekste uit Elsschot se oeuvre nie, bestaan hoofstuk twee uit 'n kort inhoudelike oorsig van Elsschot se oeuvre. Dit verskyn in volgorde waarin Elsschot die tekste geskryf het.

Die derde hoofstuk sal die aard van die sakewêreld wat Elsschot beskryf, bespreek. Subtiele en verskuilde oneerlikheid, fnuiking van die ander persoon met woord en daad, uitbuiting van die swakkeres om sodoende slagoffer van die sakeman se "slim" idees te word, is dwarsdeur die oeuvre aan die orde. Die sakeman wat sy mag misbruik en aanwend tot sy persoonlike gewin asook die grootdoenerigheid van

sakelui as wesenskenmerk word belig. Aspekte soos die fisiese metamorfose wat die sakeman ondergaan, om volgens die reëls van die kapitalistiese sakewêreld, suksesvol te wees, word verduidelik. Die sakewêreld is volgens Elsschot in Kaas 'n ***"oerwoud."*** (Elsschot, 1957:455) 'n Oerwoud is 'n leefwêreld waar oorlewing van die sterkstes en die slimstes geld. Die sterkes in die geval is die kapitaliste wat dié sonder kapitaal en veral die armes uitbuit.

Tegnieke soos styl, karakterisering en verwysings wat Elsschot gebruik om die aard van die sakewêreld te beskryf, sal in hoofstuk vier bespreek word. Elsschot span sy styl in om groter effek te kry met die omskrywing van die sakewêreld. Hy skryf nie groot spanningsvolle verhale nie, maar die alledaagse verhaal word so aangebied dat dit die leser se aandag hou. Die karakters en tipe karakters soos Laarmans en Boorman, wat in die oeuvre voorkom, sou simplisties gesien, die dualisme menslikheid versus winsbejag wat in Elsschot self en in sy sakewêreld voorkom, vervat. Mev. Lauwereyssen uit Lijmen en Het Been, wat met haar selfrespek weier om die slagoffer van sakemanne te wees, vestig haarself as iemand om mee rekening te hou. Die oproep van buitengewone verwysingswêrelde as Elsschot sake met mekaar vergelyk, dra by tot die ironie en humor wat sterk in sy styl ingebed is. Die verbale of geskrewe humor van Elsschot word versterk deur die ooraksentuering van sake, wat die leser boei en spanning in sy verhale, skep.

Die outobiografiese inslag van Elsschot se sakewêreld sal die laaste afdeling van hoofstuk vier vorm. Die konflik tussen die geestelike en die materiële in Elsschot se oeuvre en hoe hy via die voorstelling van die sakewêreld daaraan uiting gee, sal bespreek word. Die tweespalt in sy sakewêreld sou verklaar kon word as Elsschot

se eie agtergrond bekend word.

Hoofstuk vyf sal die literêre agtergrond van Elsschot belig. Die effek wat Forum, die invloedryke tydskrif van Ter Braak en Du Perron op Elsschot gehad het, sal ook bespreek word.

Hoofstuk ses sal gewy word aan 'n historiese ondersoek na die sosiale en ekonomiese verhoudinge, met 'n fokus op die ideologiese spanning van die tyd tussen 1900 en 1940. Die ekonomiese agtergrond in België, tussen die twee wêreldoorloë, was gekenmerk deur uitbuiting, geldgierigheid en die verryking van die individu ten koste van die ander. Kapitalisme as ideologie het gestaan teenoor die sterker wordende sosialisme. Dit het op sy beurt weer gelei tot anargistiese strominge en die opkoms van kommunisme in België. Elsschot lewer bewustelik of onbewustelik kommentaar op instellings wat in die sakewêreld voorkom en deur die politieke ideologie van sy tyd beïnvloed is, soos die samelewingstruktuur, die kleinburgerlike bestaan en die kerk.

Die laaste hoofstuk verduidelik die slotsom waartoe die studie lei. Elsschot se persoonlike agtergrond, die geskiedkundige ekonomiese leefwêreld waarin hy hom ten tyde van sy skrywery bevind het en die invloed van die ideologie van sy tyd op hom en die letterkunde verklaar die voorstelling van die sakewêreld. Die vraag na die voorstelling van Elsschot se sakewêreld en die moontlike antwoorde waartoe die studie gekom het, word slim verteenwoordig deur die vraag wat Jan, Laarmans se neef en pastoor van beroep, aan hom stel in <u>Het Been</u>:

***"Je ziet er anders keurig uit, van buiten tenminste. Maar hoe zit het daar binnen, kerel?" Hy keek mij in de ogen en richtte een wijsvinger op mijn borst.***

(Elsschot, 1957:374)

# *HOOFSTUK 2*

## 2.1 INHOUDELIKE OORSIG VAN DIE OEUVRE VAN ELSSCHOT

Hieronder volg 'n inhoudelike oorsig oor die oeuvre van Willem Elsschot – skuilnaam van Alfons Jozef de Ridder. Hy was die seun van 'n suksesvolle bakker wat aan vadersknie die handelskuns bemeester het wat hy later self in die reklamebedryf sou inspan. Sy skrywery wat begin het met Verzen van Vroeger het hy te danke aan die gevoelskant wat hy van sy moeder geërf het.

### 2.1.1. **Verzen van Vroeger** (1934)

Hoewel dié gedigte eers in 1934 in boekvorm verskyn het, het Elsschot hulle reeds tussen die jare 1907 en 1910 geskryf. Hulle het ook in die eerste uitgawe van die tydskrif, Forum, in 1932 verskyn as Verzen van vroeger, waar hulle groot aansien geniet het, aangesien hul goed ingepas het by die nuwe strak skryftradisie van Forum.

Die gedigte uit hierdie bundel sou in twee groepe verdeel kon word, naamlik die huislike en die sosiale gedigte. Laasgenoemde kategorie sluit gedigte in soos De Baggerman (1908), Tot den Arme (1909), De Bedelaar (1909) en Brief (1910). Hulle is almal geïnspireer en geskryf deur Elsschot se identifisering met politieke slagoffers en lydendes en verloorders in die samelewing.

Moontlik ten onregte, maar gesien teen die agtergrond van sy latere prosa, het Elsschot se "huislike" gedigte meer aansien geniet as die ander. Gedigte soos "Bij het doodsbed van een kind", "Moeder" en "Het Huwelijk" is voorbeelde hiervan. Volgens Marnix Gijsen bevat die gedigte al Elsschot se latere verhaalkuns en temas in 'n neutedop. In Kaas en Pensioen kom die moeder tema weer na vore wat in "Moeder" sentraal staan en die konflik tussen droom en werklikheid uit Lijmen en Het Been is ook al vervat in Het Huwelijk. Die verhaalkuns sal vervolgens inhoudelik bespreek word.

2.1.2 **Villa des Roses** (1913)

Villa des Roses was Elsschot se eerste roman en het verskyn in 1913 nadat hy in Parys in 'n losieshuis gewoon het. Die karakters en gebeure in Villa des Roses toon direkte ooreenkomste met Elsschot se ervaringe in Parys.

Mevrou Brulot, 'n notarisvrou, verhuur die kamers in die losieshuis. Sy het haar liefde vir 'n afgestorwe seuntjie oorgedra op 'n klein apie. Haar onbeduidende eggenoot lei 'n vreemde bestaan. Hy is besig om na sestien jaar nog die verkoop van sy notarissaak af te handel. Hy het nie die geld vir die saak ontvang nie en moes derhalwe dikwels vir sy vrou geld vra. Daarvan hou sy nie.

'n Eienaardige mengsel van loseerders gaan by hulle tuis. Madame Gendron, wat al oud en kinds is, is die finansiële steunpilaar van Villa des Roses. Sy is 'n kleptomaan en grootliks die spot van die ander loseerders. Die Noor,

Aasgaard, wat in Parys is om troos te soek na die dood van sy vrou, is besig om Frans te leer praat. Die belangrikste figuur in die losieshuis is die Duitser Grünewald. Hy het swak maniere en werk in 'n kantoor. Die karakter is dikwels met Elsschot self vergelyk. Gustave Brizard uit Vogezen is 'n argitek en hy het aan depressie gely. Die laaste noemenswaardige karakter in Villa des Roses, is die kamermeisie Louise wat baie ernstig van karakter was.

Met so 'n kosmopolitiese samestelling van karakters kan 'n vreemde intrige te wagte wees. Twee gebeurtenisse tree na vore: Brizard pleeg selfmoord en die wake by sy lyk, wat voorlopig in die bed van Madame Gendron geplaas is, was die vertrekpunt vir 'n idille tussen die naïewe Louise en die siniese Grünewald.

Die liefde is die draad wat alle ander episodes in die roman aan mekaar gebind het. Byvoorbeeld die vieringsverhaal van Madame Demoulin, die moord op die apie deur Madame Gendron en ander dergelike insidente. Die naïewe Louise word deur Grünewald bedrieg, waarna hy haar weer verlaat vir 'n nuwe avontuur.

Wanneer die Villa des Roses verkoop moet word, keer Louise terug na haar geboortestreek. Die egpaar Brulot, wat intussen kosgangers geword het, kry onderdak op koste van en by Madame Gendron.

Tussen Villa des Roses en sy volgende werk, Lijmen, het Elsschot twee novelles geskryf wat volgens B F Van Vlierden (1977) meer beskeie was:

Een Ontgoocheling wat in 1914 verskyn het en De Verlossing wat in 1921 verskyn het.

2.1.3 **Een Ontgoocheling** (1914)

In Een Ontgoocheling wil Willem Elsschot op sy eie jeugherinneringe reageer. Die triestige jeug van Kareltjie de Keyzer stem opvallend ooreen met dié van Alfons de Ridder toe ook hy die skool moes verlaat weens baldadige gedrag. Die vader van Kareltjie, 'n versukkelde sigaarmaker, is bloot 'n verbeeldingsvlug van Elsschot.

Die vader, lid van die middelklas, se lewe speel hom af op twee vlakke: sy onrealistiese toekomsverwagtinge van sy seun, wat hom noodwendig moes teleurstel aangesien die seun nie die verstandelike vermoë gehad het om 'n advokaat te word nie en sy eie agteruitgang in die lewensomgang. Hulle vervang hom met 'n kolehandelaar as voorsitter van die Lustige Whistspelers. Die vereniging het vir hom alles in die lewe beteken. Dit gee hom veral in sy eie oë, aansien. Dit is egter die plek waar hy te veel gedrink het. Drank was later die oorsaak van 'n lewerdefek wat sy gesondheid sou kos. Hy haat die kolehandelaar. Tog moes hy om sy sigaarsaak te red, 'n bestelling vir kole vir die komende winter by hom plaas. Die kole is afgelewer op die dag wat hy gesterf het. Die begrafnis, ironies genoeg oorgeneem deur die Lustige Whistspelers, was vol prag en praal en roerende toesprake.

### 2.1.4 **<u>De Verlossing</u>** (1921)

<u>De Verlossing</u> het in 1921 verskyn. Hierin verhaal Elsschot die stryd tussen 'n dorpspastoor, en 'n vrydenker Pol van Domburg. Die gemeentelede is almal verknegd aan 'n graaf wat al die grond besit het in die dorp Groendal. Een, naamlik Pol van Domburg, het hom vry geveg van die graaf aangesien hy 'n timmerman was en 'n winsgewende winkel besit het op die dorp. Die handelsgees van Boorman word sigbaar as Van Domburg die produkte aan sy klante opdring. Hy was 'n gevaar vir die gemeenskap want hy het getwyfel aan die bestaan van God. Hy was die enigste man wat boeke gelees het in Groendal. Soos die ander dorpsbewoners met hul vrouens gedoen het, het ook hy sy vrou, Sidaria, geslaan.

Die klante van sy winkel boikot hom en die koster word sy konkurrent onder die invloed van die dorpspastoor. Die stryd tussen Van Domburg en die pastoor eindig dramaties. Van Domburg roep die pastoor na sy siekbed om te bieg, maar as hy opdaag, skiet Van Domburg hom onverwags dood. Hyself het dieselfde nag ook gesterf.

Elsschot kies nie kant vir kerk of vrydenkery nie. Tog is die toon van die verhaal duidelik anti-papisties. (Smits, 1976:45)

Die tweede deel van die boek fokus op die bestaan van een van Van Domburg se dogters, Anna. Anna wou graag boete doen vir haar sondige vader en verval dan in haar eie eensaamheid.

### 2.1.5 <u>**Lijmen**</u> (1924)

<u>Lijmen</u> het in 1924 verskyn en word beskou as 'n deurbraak in die kuns van Elsschot. Die verhaal speel hom af in die publisiteitswêreld. Vir die eerste keer in sy oeuvre verskyn die karakter Boorman. Hy figureer in verdere tekste weer. Boorman word beskou as 'n prototipe van mense wat hul medemens uitbuit. Hy is 'n sakeman wat wil wins maak uit ander. Hy bestuur die Algemeen Wereldtijdschrift voor Financiën, Handel, Nijverheid, Kunsten en Wetenschappen. Laarmans word sy assistent. Laarmans was oorspronklik 'n klerk wat gemaklik was in 'n idealistiese tog kleinburgerlike bestaan. Saam met Boorman het Laarmans gefokus op die "lijmen" van duisende eksemplare van die tydskrif aan goedgelowige sakelui. Hulle het nie intekenare op die tydskrif nie, maar is slegs verkopers van bedrukte papier.

Die firma Korthals XIV en XV was ook kopers van die tydskrif met 'n artikel oor hulself daarin. Dit was 'n begrafnisonderneming wat die sentimentaliteit van Boorman se vrou uitgebuit het. Die vrou se suster het gesterf. Boorman het besef dat die Korthals XIV en XV, onderskeidelik die ambulans en lykswa, dieselfde voertuig is, wat afwisselend vir verskillende funksies gebruik word. Boorman besef hul bedrog. Hy buit dit uit en so betaal hy nie vir die diens gelewer deur Korthals nie. Hulle het sy vrou se suster se lyk vervoer. Hy benut die bluf en "lijm" hulle in die koop van twintig duisend eksemplare van sy tydskrif.

Die saak met die firma Lauwereyssen, firma wat kombuishysbakke vervaardig, oorheers die boek. Dit word in al sy stadiums beskryf nl. Lijmen, De bestelling, Redactiewerk, De levering en Het incasseren. Die suster van die eienaar, 'n ou man wat hom 'n leeftyd afgesloof het om die saak op te bou, het die eksemplare van die tydskrif gekoop. Toe hul besef het dat hul "bedrieg" is, (deur hul eie ydelheid gedryf) het hul dit nog met prokureursbriewe en -besoeke probeer kanselleer. Dit was tevergeefs.

Die bedreiging van die moderne sakewêreld, die publisiteitsagent, het hul uitoorlê. Die firma het, hoewel met moeite, daarin geslaag om die skuld te vereffen vir die afgelewerde bedrukte papier. Ten slotte wou Laarmans die laaste paaiement vir haar kwytskeld, maar die moraal van Mev Lauwereyssen oorwin dié van haar uitbuiters, as sy die aanbod van die hand wys.

In die verhaal van Lijmen "gebeur" daar dus nie veel nie. Dis 'n verhaal wat Laarmans aan 'n vae derdepersoon vertel. Dit handel meestal oor Boorman se uitbuiting. Die geval Lauwereyssen sou Laarmans se oefenskool tot uitbuiting wees. So word die ex-romantikus-digter Laarmans gekonfronteer met die realiteit - lijmen - wat eintlik maar 'n swendelspul was.

Later vlug die vae derdepersoonsluisteraar voor Laarmans se voorstel om by hom aan te sluit, uit. Anders as wat Laarmans vroeër met Boorman se aanbod gedoen het.

Die ontmaskering van die bluf in die verhaal, die stryd tussen geroetineerde

swendelaars, en die geskiedenis van 'n skurkestreek kan beskou word as 'n kursus in bedrog of kan as 'n illustrasie van die siek sakemoraal dien. Laarmans se stryd met bogenoemde faktore maak die kern van die verhaal uit.

2.1.6 **Kaas** (1933)

Danksy die aanmoediging van Greshoff, van Forumfaam, het Elsschot in 1933 die novelle Kaas geskryf. Dit was tien jaar nadat Lijmen verskyn het. Elsschot het Kaas binne twee weke geskryf. Dit is eers in Forum gepubliseer voordat dit in boekvorm uitgegee is. Kaas het sodoende Elsschot se mees gelese boek geword.

Die intrige in Kaas, indien dit so genoem kan word, is verwant aan die intrige in Lijmen. Die karakter Laarmans is weer aanwesig. Die keer nie op 'n lymavontuur nie, maar 'n kaasavontuur. Laarmans was eers klerk by die General Marine and Shipbuilding Company. Op sy moeder se begrafnis ontmoet hy ene mijnheer Van Schoonbeke. Hy was 'n vriend van Laarmans se broer wat 'n dokter is. Van Schoonbeke nooi vir Laarmans om in te skakel by 'n groep sakelui wat weekliks by sy huis vergader. Laarmans gaan, maar voel baie minderwaardig in die kring van suksesvolle sakemanne. Van Schoonbeke (soos Boorman in Lijmen gedoen het) bied Laarmans die kans van 'n leeftyd aan. Laarmans moes die "algemeen en officieel verteenwoordiger voor België en het Groot hertogdom Luxemburg" van die Amsterdamse kaasfirma Hornstra wees. Laarmans, ingenome met die idee,

gryp die kans en loods sy nuwe firma: The General Antwerp Feeding Products Association of kortom GAFPA! Hy ontvang tienduisend kase wat hy moet verkoop. Eers moes hy koelkamers huur om die kase te stoor. Die verkope moes begin, maar Laarmans hou hom besig met onnodige kleinburgerlike detail soos die inrig van 'n kantoor, werwing van agente, weggee van kase aan sy nuwe "vriende" by Van Schoonbeke se kring en die verkoop van enkele kase, danksy die propaganda van sy kinders by die skool.

Wanneer Hornstra kom afreken, het Laarmans nog byna geen kaas verkoop nie. Hy kruip weg as Hornstra kom. Hy erken sy kaasmislukking en keer berouvol terug na sy klerkskap by die General Marine and Shipbuilding Company. Daar luister hy weer na sy innerlike stemme en besef hoe gelukkig hy op kantoor tussen sy vriende is. Tuis het niemand daarna weer van kaas gepraat nie. Nie vrou of kind nie!

Die verhaal speel af in die handelswêreld. Laarmans-Boorman of liewer Laarmans van Schoonbeke is afgerond na Lijmen. Hulle was nou vriende. Laarmans besef hy is 'n dromer, nie in staat tot dade nie. Hy het sy ondergang sien nader kom in die kaasbedryf en het selfs sy mislukking as sakeman erken. Hy het tot die insig gekom dat hy 'n fout gemaak het om Van Schoonbeke te volg en het gesê hy verdien sy kaasbeproewing!

### 2.1.7 **Tsjip** (1934)

Tsjip het in 1934 verskyn en is al genoem familiememoires van Elsschot self.

Dis outobiografies en presies die verhaal van sy oudste dogter, Adele, se vryery, verlowing en huwelik met 'n Poolse studentevriend, Bennek, wat in kunsvorm verwerk is. Die geboorte van Elsschot se eerste kleinseun, Jan, word ook beskryf. Dis die kleinseun, Jan, na wie Elsschot as Tsjip verwys.

Adele het 'n Poolse studentevriend, Bennek saam huis toe gebring aangesien hul mekaar kon aanvul met hul studies aan die hoër handelskool. Bennek het so ingeburger en tuis geraak in die familiekring, dat almal stilweg 'n huweliksaansoek van hom aan Adele verwag het. Ná hul finale eksamen kom die huweliksaansoek wel. Bennek se vader wat op besoek gekom het uit Pole, het die huwelik laat uitstel. Bennek is tot Adele se ellende terug Pole toe. Na 'n tyd het Bennek per brief laat weet dat hy België toe kom om te trou.

Die treurende Adele het weer gelag, by die wete van sy terugkeer. Bennek was Katoliek en Adele nie. Adele is dus gedwing om haar in die Katolieke kerk te laat doop, die kategismus te leer en te bieg voor sy kon trou.

Hulle is getroud en vertrek daarna na Pole. Die nuus van 'n kleinkind het die grootouers oorstelp van vreugde gemaak. Adele kom besoek haar ouers met klein Jan in Vlaandere. Laarmans was baie gelukkig en noem die seuntjie Tsjip. Hy doen dit na aanleiding van 'n welkomsgroet van 'n "bende missen" (voëls).

Roelants (1934) reken dat Tsjip 'n boek sonder intrige is. Dis volgens hom 'n

boek wat spannend gemaak word deur die beskrywing van die lewe self. Dis 'n loflied op die eenvoudige en suiwer vreugdes van die lewe.

### 2.1.8 **Pensioen** (1937)

In 1937 verskyn die boek Pensioen. Laarmans blyk hierin nie meer beklaend teenoor die lewe te staan nie. Hy bekyk sy onmiddellike omgewing spottend. Die hooffiguur in die verhaal is Laarmans se skoonmoeder, by name Moeder Verstappen. Die verhaal wat volg, kan beskryf word as 'n karikatuurskets op die moederliefde.

Verstappen se seun, Willem, is na die oorlogsfront waar hy krygsgevange geneem is. Hy sterf enkele dae voor die wapenstilstand. Moeder Verstappen het haar seun oorweldig met al die pakkies wat sy vir hom na die front gestuur het. Die vertoon van oordadige moederliefde was patologies.

Na Willem se dood het moeder Verstappen met dieselfde drif as wat sy haar pakkies versend het na die front, sy oorlogspensioen inkasseer. Willem se wetlik erkende seun, Alfred, wat hy gehad het by 'n meisie Anna, met wie hy nie getroud was nie, tree onverwags op die voorgrond. Hy eis sy pensioengeld, waarop hy as wettige afstammeling geregtig is, op. Hy het sy ware identiteit (as seun van Willem) per toeval ontdek, toe hy wou trou. Sy eise vir die geld was 'n swaar slag vir moeder Verstappen en ook "de grote raad" (haar oorblywende kinders wat graag sou wou erf). Laarmans sien egter toe dat Alfred sy deel kry sonder dat die familie skade ly. Moeder

Verstappen verhuur 'n deel van haar huis en bewoon self die ander helfte. Met 'n ekstra verband het niemand toe skade gely nie en Alfred het sy pensioengeld ontvang.

Die realiteit van familiehebsug rondom erf tree na vore. Elsschot laat speel dit af in die milieu van Laarmans se skoonfamilie om so 'n afstand van homself te skep. Dit blyk 'n tipiese kenmerk van Elsschot se styl om afstand te skep oor iets waaroor hy sterk voel, deur ‘n saaklike, nugter toon te gebruik.

2.1.9 **Het Been** (1939)

Het Been wat in 1939 verskyn het, kan gesien word as 'n vervolg op Lijmen. In Kaas beleef Laarmans 'n opbloei in die sakelewe sowel as 'n mislukking daarin. In Lijmen beleef Laarmans slegs die opbloei in die lymgeskiedenis. Menno ter Braak het Elsschot aangemoedig om die Boormanlyn uit Lijmen verder deur te trek. Het Been is byna 'n voortsetting van die saak Lauwereyssen wat so deeglik in Lijmen bespreek is. Toevallig kruis Laarmans en Boorman en Mevrouw Lauwereyssen se paaie weer op die markplein. Sy het 'n houtbeen.

Boorman se vrou het hom intussen ontval en dit maak hom week. Hy word verteer deur skuldgevoelens omdat hy haar in die jare van die lymery so afgeskeep het. Toe hy boonop mevrou Lauwereyssen se houtbeen sien, het hy homself verwyt dat hy haar uitgebuit het met eenhonderdduisend eksemplare van sy wêreldtydskrif. Hy het gereken dat sy met die geld wat sy

hom betaal het, beter mediese behandeling kon kry en so die houtbeen verhoed het.

Hy wou sy bedrog teen haar herstel, maar mevrou Lauwereyssen het te veel selfrespek en wys sy aanbod van die hand. Boorman het daarna vele pogings aangewend om haar sy geld te laat aanvaar, maar tevergeefs. Die herstel van die bedrog blyk veel moeiliker te wees as die lymery self. Dit het 'n komiese effek - onder andere dat Boorman op 'n veiling 'n belaglike aanbod op die ou eksemplare van die tydskrif maak om so vir mev Lauwereyssen te vergoed. Dit lei tot sy inhegtenisname en opname in 'n sielsieke hospitaal.

'n Onderpastoor het as deus ex machina opgetree en tussenbeide getree. Hy het versoenend opgetree tussen die twee partye. Die onderpastoor was 'n familielid van Laarmans.

Boorman keer hierna terug tot die sakewêreld en Laarmans was finaal genees van enige sakemaneuvers.

2.1.10 **De Leeuwentemmer** (1939)

In 1939 verskyn De Leeuwentemmer. Volgens die inhoud sou dit gemaklik as die vervolg op Tsjip beskou kon word.

Laarmans-Elsschot-De Ridder, oupa word aan die woord getref as hy 'n brief aan sy seun in Parys skryf. Hy skryf oor sy gesprekke en wedervaringe met

sy vierjarige kleinseun Jan (Tsjip) Maniewski. Sy moeder Adele, het moeg geword van Bennek en Pole en het van hom geskei. Sy woon weer by haar ouers in Antwerpen.

Jan het 'n paar keer tussen Antwerpen en Pole gereis om sy vader en grootmoeder te gaan besoek. Sy vader en grootmoeder was Rooms-Katoliek en was nie geneë met die feit dat Adele en haar ouers sonder kerk lewe nie. Veral aangesien Jan (Tsjip) in Antwerpen dus sonder God sou grootword.

Die laaste besoek van Jan aan Pole is uitgestel aangesien hy daar siek geword het. Laarmans het gereeld in die tyd met Bennek gekorrespondeer. Later is Adele Pole toe en het met 'n listige set die seun van sy ouma se huis af oor die grens ontvoer. Jan was veilig terug in Antwerpen.

In 1939 dreig 'n oorlog in Europa. Pole se ligging is gevaarlik ten opsigte van die uitbreek van die oorlog. Laarmans was veral bly dat Tsjip terug was in Antwerpen by sy moeder se familie voor die oorlog uitbreek in Europa.

2.1.11 **Het Tankschip** (1942)

Die tweede laaste boek wat Elsschot geskryf het, was Het Tankschip wat tydens die oorlog in 1942 verskyn het.

In die roman raak Laarmans heeltemal op die agtergrond en tree Boorman weer na vore. Dis die Boorman wat in Het Been 'n soort inkeer ervaar het en

wat heelwat sinisme ingeboet het.

Die hele geskiedenis met die tenkskip kom neer op die verhaal van belastingontduiking. Die Franse skeepsbouer, De Castellane het soveel wins gemaak dat hy te veel belasting sou moes betaal. Hy soek derhalwe iemand wat gratis 'n tenkskip in ontvangs wil neem. Die persoon wat dit sal doen sal saam met De Castellane groot geld verdien. 'n Tenkskip sal na die oorlog baie meer werd wees as voor die oorlog. Boorman tree as makelaar op in die transaksie. Laarmans se swaer Jack Peeters, neem dit na Barcelona. Hy glo in die skynbaar onmoontlike, want hy sit nog sy wins by dit wat De Castellane wil maak. De Castellane is met sy skelmstreke en al skynbaar op pad om minister te word.

Die feit dat Elsschot weer die verhaal afstandelik van homself laat afspeel, maak dat dit meer objektief beskou en bespot kan word. Dit speel af in sy swaer se familie. So lewer Elsschot kritiek op 'n siek maatskappy waarvan hy deel is, maar oënskynlik nie wil wees nie.

In Lijmen het Laarmans nie teruggekeer na die bedryf waaraan Boorman hom bekend gestel het nie. In Het Tankschip neem hy 'n afkeurende houding in teenoor sy swaer en die samelewing se siek idees om meer geld te maak en ander uit te buit. Dit lyk of die katarsis van die skrywer Elsschot sodoende voltooid is.

2.1.12 **Het Dwaallicht** (1947)

Elsschot se laaste voltooide boek wat verskyn het in 1947 is Het Dwaallicht. Dit het verskyn twee jaar na die einde van die Tweede Wêreldoorlog. Dit klink soos 'n epiloog in die Laarmansgeskiedenis. Laarmans berus in sy burgerlike bestaan, maar mens wonder tog uit die teks of hy werklik tevrede is met sy lot. Toe drie Oosterlinge hom die pad vra na die adres van 'n ene Maria van Dam, gryp hy die geleentheid aan om hulle te help vir 'n afwisseling van sy burgerlike bestaan. Hy stap 'n nag lank saam met hulle tevergeefs op soek na die woonplek van Maria van Dam. Hy doen dit volgens Elsschot in 'n land van Blankes waar mense met 'n donker vel nie meer in tel is as 'n Fox-terrier nie! Sy was slegs 'n dwaallig waarna hul gesoek het. Tydens hul soeke en staptog het Laarmans en die drie Afghane oor verskeie onderwerpe gesels. Die verskil in godsdienste van die Weste en die Ooste, die lewensfilosofieë van die twee partye en die effek van die kommunisme is bespreek. Beide partye het egter agter 'n dwaallig aangeloop. Laarmans, omdat hy uit sy geroetineerde bestaan, wou ontvlug en sodoende opwinding wou raakloop en die drie Oosterlinge wat nie vir Maria van Dam kon opspoor nie.

Daar is 'n sweem van verlatenheid wat in die verhaal opval. Dit herinner aan die ellende van De Keyzer met sy seun Kareltjie in Een Ontgoocheling. Dit laat die leser met sy eie ontgogeling oor die kringloop van die lewe.

Elsschot het voor sy dood nog 'n manuskrip begin, maar het gesterf voor hy dit voltooi het.

# *HOOFSTUK 3*

# DIE AARD VAN DIE SAKEWêRELD IN ELSSCHOT SE OEUVRE

## 3.1 INLEIDING

Voordat die aard van die sakewêreld beskryf word, moet daar eers 'n omskrywing van die begrip "sakewêreld" gegee word wat van toepassing is op die studie.

Die sakewêreld wat deur Elsschot beskryf word, is 'n kapitalistiese struktuur wat 'n representasie is van die sakewêreld in Europa tydens Elsschot se skryftyd. Die samelewingsideologie het in alle fasette van lewe, ook die sakewêreld, sy beslag gekry. Volgens Greshoff van Forum het Elsscot die sakewêreld in 'n realistiese skryfstyl weergee:

***"het goede realisme, gelijk Elsschot dat beoefent, verstaat de kunst om alle menslijke handelingen en ervaringen te verhevigen en te verdiepen zodat zij een bovenmenselijke betekenis krijgen, zonder daarbij iets van hun gelijkenis met de nuchtere werkelijkheid in te boeten."*** (De Jong en Groot, 1982: 43)

Die oorsprong van die kapitalisme lê gedeeltelik so ver terug as die beëindiging van feodalisme, maar veral Adam Smith se idees soos vervat in Inquiry into the Nature and Causes of the Wealth of Nations (1776) was die boustof daarvan. Die praktyke van 'n vrye marksisteem, kompetisie wat gegrond is op sakebelang, geld en al hoe groter geleenthede vir wins, is sleutelkonsepte in die ekonomiese teorie.

Die gedagte dat kollektiewe belang die optelsom van alle individuele belange is, staan sentraal.

Die implikasie van een party wat al hoe meer wins maak, het hoewel nie vir Adam Smith nie, 'n noodwendige gevolg dat 'n ander party verlies ly. Die werkende massas het na die eerste wêreldoorlog al hoe meer in opstand gekom teen die winste van die kapitalisme. Hierdie opstande was 'n keerpunt in die ontwikkeling van die kapitalisme in Europa. Twyfel het ontstaan oor die kapitalisme as ekonomiese stelsel. Die wêreldwye depressie van die vroeë dertigerjare het die laissez-faire beleid van geen inmenging deur die staat in die ekonomie van 'n land opgeskort, wat die twyfel in die kapitalisme versterk het en die sosialisme 'n groter plek gegee het. Na die Tweede Wêreldoorlog het kapitalisme weer sy vitaliteit bewys, hoewel sosialisme ook sterker na vore getree het, met name in Oos-Europa. (Encyclopaedia Brittanica, 1988. v.23, 536)

Die kapitalisme is gebaseer op gedesentraliseerde besluitneming. Individue, gedryf deur wins of eiebelang, neem self inisiatief om te presteer. Die effek hiervan is dat 'n ongelyke verdeling van welvaart en armoede ontstaan. 'n Aanklag teen die kapitalistiese stelsel, is die onsekerheid wat die stelsel bring en die voortdurende afwisseling van tye van voorspoed met tye van resessie en depressie. Die uitgebuite massas voel dat die staat moet ingryp om die ekonomie te beheer en welvaart meer eweredig te versprei. Volgens De Wet is die sosialisme 'n idealistiese ideologie en hy reken dat dit in die praktyk selde gelei het tot beter lewensomstandighede vir die armes. Die werkersklas word in die kapitalisme deur die besittersklas uitgebuit en die twee groepe word deur 'n klassestryd al meer van

mekaar vervreem. (De Wet, 1990: 27)

In België was die kapitalisme sterk onder die aanval van die werkersklasse. In die Vlaamse provinsies van België was die ekonomiese groei stadig, maar in die Franse provinsies, wat ryk was aan steenkool, was daar 'n groot opbloei in industrialisasie. Na die eerste wêreldoorlog het die werkers georganiseer en *en masse* weerstand gebied teen die uitbuiters en het verskeie stakings en opstande gevolg. Hiervolgens is werkers se posisies in die fabrieke verbeter en het hul 'n sterk opbloei beleef. Die gevolg was dat die middelklas baie van hul welvaart en politieke mag verloor het. Die liberale burgerstand het hulself begin terugtrek ten gunste van die Katolieke en sosialistiese partye. (Encyclopaedia Brittanica,1988. v.23, 313)

Elsschot was, hoewel hyself 'n sakeman was, links van die bestaande politiek en die kapitalisme en hy was Vlaamsgesind. Hy skaar hom graag aan die kant van die swakkeres. Dit mag selfs lyk asof hy die kapitalisme in sy oeuvre so intens beskryf, om die swak plekke in die sisteem te ontmasker. Hy, as lid van die burgerklas, belig die stryd om voortbestaan om die sosiale posisie in die samelewing te behou. Hy beeld in sy sakewêreld uit dat die mens alles wil doen om geld te maak en suksesvol te wees, om sy sosiale status te behou en te vergroot. (Buyens, 1978: 55)

## 3.2 AARD VAN DIE SAKEWêRELD

Elsschot herdefinieer goed en kwaad in die sakewêreld. Goed word nou om geld te maak en kwaad is om dit te verhinder. Die implikasie hiervan is dat die

ongelykheid in die kapitalistiese maatskappy nog duideliker voorgestel word. Niemand kan dit vermy om slagoffer van die handel te wees nie. Almal moet koop om te oorleef. Die verkopers moet en wil wins maak en hulle reken dat hul nie bedrog pleeg nie, maar soos Ter Braak, die forum-kritikus dit stel:

***"geen zwendel, maar op de zuivere logica van de handelsman berustende negotie."*** (De Jong & Groot, 1974: 63)

***"Je moet met alles tevreden zijn, want kleine dingen bestaan in zaken niet. Een zaak is een zaak en steeds een overwinning voor een van de partijen."*** (Elsschot, 1957:304)

Die slagoffers is volgens die uitbuiters self skuldig aan hul uitbuiting aangesien hul nie kan weerstand bied teen hul eie ydelheid en die begeerte in hulself om nommer een te wees nie. Die wêreld wil immers bedrieg word. (Smits, 1976:52)

***"Dat alles komt van de ijdelheid, [...]. Ieder wil nummer één zijn of ten minste doorgaan voor nummer één. De meeste gaan er nog liever voor door dan zij er op gesteld zijn het werkelijk te wezen. Jezus Christus, die gepraat heeft als had hij de wijsheid in pacht, heeft daar niets aan veranderd."*** (Elsschot, 1957: 304)

Winsbejag is dus onlosmaaklik deel van 'n kapitalistiese sisteem. Daar is sonder die sakewêreld en sy handelsmoontlikhede nie kans op oorlewing nie. Twee groepe mense staan teenoor mekaar in Elsschot se sakewêreld: die verkopers wat hul mag misbruik en verkry wat hul wil hê, wat deurgaans optree vir eie gewin, wat enige metode sal aanwend om hul wins groter te maak; en die slagoffers, met 'n onvermoë om te sien dat hulle uitgebuit word en dat hul ydelheid en behoefte om nommer een te wees deel uitmaak van hul eie ondergang.

### 3.2.1 **Subtiele oneerlikheid**

Die subtiele "oneerlikheid" uit Elsschot se sakewêreld word belig deur 'n kritiese analise van sommige van die tekste te doen. Die teks Lijmen wat in die sakewêreld afspeel verduidelik die standpunt die beste. Die karakter Boorman, 'n sakeman, buit Laarmans, 'n klerk uit die burgerstand, se swakheid uit om meer geld te maak, as hy hom die aanbod maak om 'n sakeman te word. Laarmans kon nie weerstand bied teen Boorman se aanbod nie, aangesien dit soos 'n verlossing van sy vervelige klerkbestaan geklink het en veral omdat die moontlikheid van baie meer geld gesuggereer is. Hy het alles gedoen wat Boorman hom voorgesê het en het heeltemal in Boorman se mag verval. Boorman flous hom as hy aan Laarmans sê ***"Eerlijkheid boven geld en goed ..."*** (Elsschot, 1957: 340), want uit die teks blyk dat dit slegs lippetaal was. Die titel Lijmen verduidelik wat Boorman éintlik gedoen het. Hy het handelaars laat inteken op 'n wêreldtydskrif waarin 'n artikel oor hul bedryf opgeneem is. Die handelaar koop die hele oplaag van die tydskrif en moet dus self lesers vir hul artikel soek. Hoe meer eksemplare hul koop, hoe goedkoper kos dit. Hul word dus kopers van bedrukte papier! 'n Tipiese handeltransaksie uit die kapitalistiese sakewêreld word hier beskryf.

Die artikel wat in die tydskrif - Wereldtijdschrift voor Financiën, Handel, Nijverheid, Kunsten en Wetenschappen - geplaas word is nie eers oorspronklik nie. Hulle het vyftig voorafopgestelde voorbeelde van artikels wat reeds gebruik is, waaruit hul kan onttrek en dit net effens aanpas vir elke onderneming. Hul speel op die kopers se gevoel en ydelheid, maar al waarin regtig in die sakewêreld belang gestel word, is

die hoeveelheid geld en wins wat dit vir die verkopers inhou. Niemand sou hul kon beskuldig van blatante oneerlikheid nie, want hul beroem hul daarop dat daar in 'n transaksie ***"een kwestie van geven en nemen"*** plaasvind! (Elsschot, 1957: 451)

Die subtiele oneerlikheid blyk uit die raad wat Boorman aan Laarmans bied in Kaas. Elsschot meld in Kaas:

***"Hij heeft naar mijn Gafpageschiedenis geluisterd zonder mij te onderbreken en dan gezegd dat twee zaken voor mij van belang zijn: hoe ik binnen kom en wat ik zeg."*** (Elsschot, 1957:466) Hornstra, die kaasbaas, kom uit Amsterdam om die eerste twintig ton kaas se geld te kom haal. Laarmans het nog nie die kaas verkoop nie en soek raad by Boorman, wat in 'n koerant adverteer dat hy raad bied aan sakemanne. Sy raad aan Laarmans is om subtiel slinks te wees. Sy taalgebruik moet indrukwekkend en pronkerig wees sodat dit lyk of hy suksesvol en in beheer is, al is dit nie so nie! Die waarheid is dat hy niks verkoop het nie en gevolglik dus geen geld het om Hornstra te betaal nie. Volgens Boorman kon hy Hornstra so 'n rat voor die oë draai. Verdere oneerlikheid in Kaas is die valse siektesertifikaat wat Laarmans se dokterbroer aan hom moes uitreik sodat hy onbetaalde siekteverlof by die General Marine and Shipbuilding Company kon neem om kaasverteenwoordiger vir Hornstra te word. Ironies dat Laarmans weer om "gesondheidsredes" van sy amp as verteenwoordiger vir Hornstra in België en Luxemburg afsien. Dit was ook oneerlik aangesien hy bloot ontslae wou wees van Hornstra. ***"Nog de zelfde avond heb ik aan Hornstra geschreven, dat ik, om gezondheidsredenen, gedwongen ben van zijn vertegenwoordiging voor België en het Groothertogdom Luxemburg af te zien."*** (Elsschot, 1957:477)

In Een ontgoocheling is daar ook sprake van oneerlikheid. Almal, selfs die jong kantoorjongens het sonder enige moraliteit opgetree. Kareltjie, seun van 'n sigaarmaker, wat nie opgang kon maak in die skool nie, se swakheid word uitgebuit deur Stockmans wat hom leer om oneerlik te wees met die seëlverkope. Hy moet opskryf dat posstukke meer seëls gebruik as wat werklik nodig is. Daardie seëls kon Kareltjie hou en moes slegs die "wins" met Stockmans deel. ***"Dat komt van de postzegels. Zal ik je wel leren, want nu moet jij de postzegelkas houden. Maar mij de helft geven hoor, of je zal wat zien..."*** (Elsschot, 1957: 133)

Verskeie verwysings na subtiele oneerlikheid kom ook in Pensioen voor. Werklui wat saam met Vader vir van Overbeke gewerk het, wou van die spykers vat vir gebruik of eie gewin. Moeder (Laarmans se skoonmoeder) het dwarsdeur die oorlogsjare subtiel oneerlik die pensioen wat haar kleinseun Alfred toekom vir haarself getrek. Sy het op oneerlike wyse met die posman gereël dat haar pakkies altyd eerste aan haar seun op die oorlogsfront versend sou word. Sy misbruik en buit vir Frits, die posman, dus uit om vir haarself "wins" te verkry. Die moeder word later skuldig bevind aan die oneerlikheid oor die pensioen en moes dit terugbetaal aan Alfred. Sy kon nie, maar bedink wel 'n slim plan om so min moontlik skade te ly of te boet vir verkeerde dade. Sy het 'n verband uitgeneem, die huis in twee verdeel, een deel bewoon en die ander verhuur. Die opbrengs van die verhuring kon dus haar skuld betaal en die res bly beskikbaar vir die erfgename! ***"Zij konden gerust zijn. Ik zou haar niet verwennen, opdat er flink wat overblijven zou".*** (Elsschot, 1957:642)

Het Been bring ook die subtiele oneerlikheid na vore. As Mevrouw Lauwereyssen

weier om die geld van Boorman vir haar houtbeen te aanvaar, besluit hy om haar 'n kredietnota plus agduisend vyfhonderd frank te stuur. Die kredietnota sou netjies deur Boorman uitgewerk word sodat op papier niks verdag of verkeerd sou lyk nie. Dit sou lyk asof hy vroeër 'n berekeningsfout begaan het toe hy die honderduisend gelymde eksemplare van die wêreldtijdskrif deur Laarmans en vragryer De Leeuw laat aflewer het. Tog weet die leser dat dit alles oneerlik is en dat Boorman soos altyd enige metode sal aanwend om vir homself wins te verkry. Dié keer weliswaar nie in geld nie, maar in gemoedsrus wat hy uiters nodig gehad het. Sy subtiele oneerlikheid het hom as gevolg van 'n bieëry op 'n veiling, om sy gelymde bedrukte papier terug te koop van Mevrouw Lauwereyssen, in die polisiestasie en in 'n psigiatriese hospitaal laat beland.

Na die hofsaak in Het Been toe Mevrouw Lauwereyssen gedagvaar was om geld te ontvang wat haar nie toekom nie, was die geld eintlik vir Boorman verlore. Die landswet bepaal dat die gemeenskap die onopgeëiste geld na dertig jaar sou ontvang. Dit was vir Boorman ongehoord om sodanige verlies te ly. Boorman is volgens die hof nie skuldig genoeg nie en laat vaar die saak ten gunste van Mevrouw Lauwereyssen. Die geld wat hy nou kwyt was, is op sy versoek deur Van Kampen, die deurwaarder, aan hom terugbesorg. Hy voel skuldig dat hy Mevrouw Lauwereyssen gelym het en dat sy moontlik as gevolg van te min geld vir mediese koste 'n houtbeen moes kry. Boorman sal nuwe metodes moet bedink om sy gewete stil te kry. Wat opval is die belangrikheid wat geld vir hom het en wat hy alles sal doen om voordeel vir homself te bewerk.

Bogenoemde voorbeelde van fnuiking en misbruik van menslike swakhede lewer

bewys dat 'n subtiele oneerlikheid die grondslag van sukses van Elsschot se sakewêreld gevorm het. Om wins vir die "verkoper" te verseker, word die "koper" slagoffer van die verkoper. As daarvan afgewyk word, sal sukses uitbly vir die kapitalistiese sakeman. Die tipe transaksie laat die leser kennismaak met die twee tipes in die sakewêreld wat moontlik die twee ideologieë verteenwoordig in Elsschot se oeuvre naamlik Kapitalisme versus Sosialisme. Die slagoffer wat swak, sensitief en menslik ingestel is en die sakeman, vir wie al wat van belang is, geld, wins en kapitaal is. (Marks-van Lakerveld, 1977: 37) Boorman se raad in Lijmen aan Laarmans beklemtoon bogenoemde stelling:

***"Betrouw niet op God, [...]. Wees beleefd tegen je klanten, want het zijn je vijanden, vergeet het niet. Zij laten slechts los wat je ze ontwringt en behouden alles waar je niet voor opkomt met je leven."*** (Elsschot, 1957: 305)

3.2.2 **Geld, wins en tyd**

Geld, as essensiële onderdeel van die kapitalisme word deur Elsschot verhef as iets baie edels, want as Boorman in Lijmen vir Laarmans leer hoe om in sake 'n slag te slaan, dui hy geld aan as iets wat van God kom:

***"Spreek je daarentegen even luchtig van een flink bedrag als van een nietigheid, dan gaan ze je de loef afsteken met een totaal gebrek aan consideratie voor al Gods mooie geld, al moet het ook uit hùn zak komen."*** (Elsschot, 1957: 304)

In Kaas meld Elsschot oor geld as komoditeit:

***"Wie't meest verdient is ten slotte de baas, de toekoms ligt voor mij open en ik***

***ben vast besloten mijn hele ziel in die kaas te leggen."*** (Elsschot, 1957:436)

In Kaas word tyd en geld by herhaling saam genoem en blyk dit dat in die kapitalistiese sakewêreld van Elsschot tyd as geld gereken word. Hoe meer tyd daar dus gemors word, hoe meer geld gaan verlore. Alles moes so vinnig as moontlik afgehandel word:

***"Dat tijd geld is begin ik nu pas te ondervinden, want aan't leveren van die zeven en een halve bol is een hele morgen verloren gegaan."*** (Elsschot, 1957:456)

'n Voorbeeld van tyd wat kosbaar is vir die sakeman blyk uit die spreuke op Boorman se kantoormure in Lijmen:

***"Dat Boorman zijn tijd bij't lood woog, bleek uit spreuken die de wand versierden, als daar waren:***

> ***Gij die hier voor zaken klopt,***
> ***Wees in Godes naam beknopt***
> ***Bondigheid in zaken,***
> ***Is zeker niet te laken.***
> ***Hou niemand van zijn werk,***
> ***Hetzij patroon of klerk."*** (Elsschot, 1957: 261)

Stiptelikheid is van belang vir die sakeman anders word sy geld gemors soos blyk uit Lijmen:

***"Wij kwamen precies tegelijk aan het station en ik zag dat mijn stiptheid hem genoegen deed. 'Ik houd niet van mensen die te vroeg komen', zei Boorman***

***toen wij gezeten waren." En te laat komen gaat helemaal niet, dat spreekt van zelf."*** (Elsschot, 1957: 274)

Die volgende kwessie wat toegelig word om die aard van Elsschot se sakewêreld te beskryf, is die situasie van uiterlike vertoon van die sakeman.

### 3.2.3 **Uiterlike voorkoms van die sakeman**

Die uiterlike voorkoms van 'n sakeman is baie belangrik om sukses te behaal in die sakewêreld. Boorman verduidelik dit aan Laarmans in Het Been as volg:
***"Zorg dat je behoorlijk geschoren bent, en dan je donkere das, want nog steeds draagt je voorkomen niet altijd de stempel van onberispelijkheid die voor een man van zaken even gewichtig is als de verpakking voor een product."*** (Elsschot, 1957:379)

In Lijmen en Het Been word Laarmans gedwing om 'n nuwe naam aan te neem. Laarmans was te burgerlik en te gewoon. Hy moes vir sukses in die sakewêreld 'n meer eksotiese en deftige naam aanneem - Teixera de Mattos. Sy voorkoms moes verander. Hy het gelyk soos 'n sosialis en intellektueel aangesien sy baard hom 'n baie genaakbare menslike voorkoms gee. Hy moes sy baard afskeer, 'n donker pak en das dra, sodat hy onberispelik soos 'n sakeman van statuur kon lyk.

In Kaas beskou Laarmans die ander sakemanne op die trein en sien hy dat die uiterlike vertoon 'n goeie indruk maak en vertroue skep. Hy sien die sakeman dra 'n deftige linnepak en kouse van sy. Hy gebruik 'n deftige goue vulpen om mee te

skryf. Laarmans was gedetermineerd om sukses te behaal as sakeman en later val dit op dat Laarmans self met 'n deftige vulpen skryf.

***"Een maakte zelfs aantekeningen in de marge, met een gouden vulpen. Zo 'n vulpen moet ik nu ook hebben, want telkens bij je klanten pen en inkt vragen om hun bestellingen te noteren, dat gaat niet."*** (Elsschot, 1957:434)

Laarmans in Lijmen het pyp gerook, maar dit moes plek maak vir "goldtipped" sigarette. As 'n tipe simboliese daad het Laarmans sy pyp stukkend getrap om te breek met sy vorige burgerlike bestaan en alles wat dit verteenwoordig. In die oerwoud van die sakewêreld geld ander reëls as in 'n klerkbestaan. Net die sterkstes en die slimstes oorleef. Met enige swakheid in 'n sakeman, al is dit slegs sy uiterlike voorkoms, staan hy 'n kans om te verloor of volgens oerwoudreëls onder te gaan.

### 3.2.4 **Grootdoenerigheid**

Grootdoenerigheid is 'n verdere eienskap van sakelui uit Elsschot se oeuvre wat manifesteer in hul taalgebruik, manier van praat en liggaamstaal. Grootdoenerig impliseer dat alles groter en beter gemaak word as wat dit werklik is. Die bespreking wat volg verwys na die taalgebruik, hiperbole, leuens, liggaamstaal, spog en geskenke wat alles meewerk om die grootdoenerigheid in die oeuvre te verduidelik.

#### 3.2.4.1 Taalgebruik

Elsschot span die taalgebruik in om sy doel te bereik, naamlik die kapitalistiese

sakeman te beskryf. Van Schoonbeke wat in Kaas weekliks 'n gesprekskring van kapitalistiese sakelui ontvang, sê Laarmans handel in 'voedingsware' in plaas van kaas. Alles word mooier ingekleur sodat mense geflous word en daar dalk voordeel vir die ander party in is. Van Schoonbeke verswyg die feit dat Laarmans 'n klerk is by die General Marine and Shipbuilding Company en stel hom aan die ryk sakelui voor as ***"Mijnheer Laarmans van die Scheepstimmerwerven".*** (Elsschot, 1957: 426) Laarmans daarenteen sê uit onkunde van sy klerkskap aan die onsigbare luisteraar in die teks:

***"Een klerk heeft niets heiligs over zich. Hij staat moedernaakt op de wereld."*** (Elsschot, 1957: 426). Dit is nader aan die waarheid.

Steeds in Kaas gebruik Laarmans nuwe deftige woorde om gewone sake te omskryf. ***"Want van nu af eet ik niet meer, maar dejeuneer, dineer of soupeer."*** (Elsschot, 1957: 437)

In Lijmen gebruik Laarmans en Boorman 'n deftige tipe sakejargon om sodoende die beeld van groot sukses te vertoon. Toe Meneer Wilkenson Laarmans uitvang dat daar letterlik niks agter die wêreldtydskrif sit nie en Boorman hom leer hoe om so 'n situasie te beredder, gee hy hom die raad wat geweldig deftig klink, maar eintlik 'n leuen is.

***"Komt er nog ooit een bezoeker wanneer ik niet thuis ben, dan zeg je hem: Mijnheer Boorman is met zijn hele staf naar Rijssel voor de internationale conferentie."*** (Elsschot, 1957: 290)

Hoe gepraat moet word as die sakeman transaksies wil sluit of miskien iets onegs

wil wegsteek moes volgens Boorman in Lijmen as volg gedoen word:

***"Als je praat, praat dan uit de hoogte, maar ga in geen geval buiten je conferentie."*** (Elsschot, 1957: 291)

Na die mislukking wat Laarmans van die Wilkenson transaksie gemaak het, leer Boorman hom dat alles wat hy sê hy beter en deftiger moet laat klink as wat die sakeman langs hom dit sal doen. Die aanhaling uit Lijmen verklaar dit:

***"Het Wereldtijdschrift," verklaarde hij, "is een ingenaaide circulaire met een mooie titel, waarin gezegd wordt dat een bepaalde firma enig is in haar soort, een bepaalde naaimachine beter dan enige andere, of dat een kostschool boven alle andere kostscholen uitblinkt door directie, licht, lucht en hygiëne."*** (Elsschot, 1957:292)

3.2.4.2 Hiperbole

Hiperbole word deur Elsschot gebruik om die sakeman uit te beeld. Om alles te vergroot en beter te laat klink tydens saketransaksies spreek vir Boorman in Lijmen vanself as hy Laarmans die sakewenke gee.

***"Heb je nu met trekmieren te doen, die hun verhuizingen niet kunnen verantwoorden, dan zeg je in de studie dat de kerels nergens kunnen blijven omdat de opstal wegens hun reuzenzaken overal te klein wordt. Reuzenschepen, reuzenzaken, reuzenzuivelfabrieken, reuzenzeepziederijen, reuzenmetaaldraadgloeilampenfabrieken, vooruit maar, - je bent nu toch eenmaal hoofdredacteur. De firma die je beschrijft is natuurlijk hypermodern, omdat zij zo op en top in alles "bij" is en toch van de oude stempel wegens de***

***grote degelijkheid. De firmanten zijn te algemeen bekend om over hen uit te weiden, en daarop laat je gerust de onmogelijkste bijzonderheden volgen, want gewoonlijk weet niemand iets van ze af."*** (Elsschot, 1957: 294)

Nog 'n voorbeeld van bogenoemde hiperbole is as Boorman in Lijmen aan Mevrouw Lauwereyssen die fotomateriaal van haar artikel in die wêreldtydskrif wys:

***"'Hier heb je't diploma. Kijk toch, hoe scherp. De tekst komt duideliker uit dan op't origineel.'"*** (Elsschot, 1957: 344)

3.2.4.3 Leuens

Elsschot laat blyk dat om leuens te vertel deel is van die sakeman. Boorman leer Laarmans in Lijmen hoe om geld te kry nadat hy sy bemarking afgehandel het en stel dit as volg:

***"Zolang je liegt en glimlacht zijn ze tevreden, maar de waarheid doet ze rillen. En't incasseren is de waarheid, net als de dood."*** (Elsschot, 1957: 292)

Hieruit blyk dit dat die sakeman volgens Boorman eers lieg voordat hy geld kan maak! Tydens saketransaksies moet aanhoudend en baie gepraat word sodat die luisteraar 'n bietjie onkant gevang word en oorgehaal word om te koop. Om dit te verduidelik sê Boorman in Lijmen:

***"Stilte onder't lijmen komt overeen met het adem scheppen van een drenkeling."*** (Elsschot, 1957: 294)

***"Tracht zelf te geloven wat je vertelt, dan vooral werkt je betoog overtuigend."***

(Elsschot, 1957: 305) In die aanhaling uit Lijmen blyk dat verkoopspraatjies soms leuens is. Boorman moedig Laarmans aan om tydens persoonlike verkope die oortuigingsdeel in te kry aangesien dit mense oorhaal tot dade. Dis in die bewerkstelliging hiervan dat leuens nuttig is. Boorman beweer dat hy een maal 'n sukses met 'n bankbestuurder gehad het, sodat hy 'n miljoen eksemplare van die wêreldtydskrif bestel het. Die volgende aanhaling bevestig dit:

***"Hij*** (die bankbestuurder) ***leek wel een kruisvaarder, in't zicht van Jeruzalem."*** (Elsschot, 1957: 305)

3.2.4.4 Liggaamstaal

Tipiese aangeleerde maniertjies en 'n oordrewe selfversekerde houding maak deel uit van die grootdoenerigheid wat ter sprake is in die sakewêreld wat Elsschot beskryf.

Laarmans se hele liggaamstaal verander toe hy sakeman word. Hy neem 'n pronkerige houding in in Kaas:

***"Voor het eerst ook stak ik mijn duimen in mijn vestzakjes en tokkelde met mijn vingers een marstempo op mijn buik, als iemand die er het zijne van weet. Van Schoonbeke had het gezien en lachte welgevallig in mijn richting."*** (Elsschot, 1957: 436)

Boorman se raad in Lijmen en Kaas aan Laarmans om 'n beter sakeman te wees impliseer spesifieke liggaamstaal, verbale vleitaal en geskenke.

In Lijmen as Boorman 'n slag wil slaan met die Lauwereyssenbroer ontvang hy hom

met oordoende pronkerigheid.

***"Ik ging de smid dus halen en bracht hem in het kantoor, waar hij geestdriftig ontvangen werd, want Boorman stond dadelijk op, drukte de man hartelijk de hand, duwde hem in onze beste zetel en hield hem de kist sigaren onder de neus."*** (Elsschot, 1957: 343)

Boorman se raad in Kaas lui as volg:

***"Hy heeft naar mijn Gafpageschiedenis geluisterd zonder mij te onderbreken en dan gezegd dat twee zaken voor mij van belang zijn: hoe ik binnen kom en wat ik zeg. Eerst en vooral, hoe kom je binnen? Je kan binnen komen als een man van zaken of als een bedelaar. Je kom dus losweg binnen, misschien wel met een sigaar in de mond, gooit je valies neer als zat er om het even wat in, maar geen kaas, en vraagt of je de eer hebt."*** (Elsschot, 1957: 466)

Bogenoemde beklemtoon die belangrikheid van liggaamshouding vir die sakeman om sukses te behaal. As hy nie trots en selfs effens voorbarig 'n vertrek binne kom nie sal sy konkurrent reken dat op eerste indrukke af hy 'n mislukking is.

3.2.4.5 Spog

Spog maak deel uit van die grootdoenerigheid. Die sakemanne in Kaas wat weekliks saam met Laarmans by Van Schoonbeke bymekaarkom, spog teenoor mekaar oor wie die beste restaurante en hoe gereeld besoek het. Hierdie spoggerigheid word verder gevoer as sukses en vooruitgang in die sakewêreld die

enigste maatstaf vorm waarmee mense gemeet word in die gesprekskring. Geld en meer wins maak, is dus die enigste doel van sakelui. Laarmans as klerk is glad nie gereken in Van Schoonbeke se kring nie, maar as hy die sakewêreld, deur kaas, onder deftige, maar vals name betree, word hy deur die ander sakelui geag en erken. Hiervan word bewys gelewer in die volgende aanhaling.

***"Van Schoonbeke zei ... dat het prachtig geweest was.***

***'Je hebt een grote indruk gemaakt', verzekerde hij.***

***'En veel succes met je kaas.'***

***Nu wij alleen in de gang stonden noemde hij kaas eenvoudig kaas. Boven waren het voedingswaren."*** (Elsschot, 1957:437)

Van Schoonbeke spog met Laarmans voor sy sakevriende, maar in wese dink hy nie baie van hom nie.

3.2.4.6 Geskenke

Die voortdurende uitruil van geskenke onder sakelui vorm deel van die grootdoenerigheid in die sakewêreld volgens Elsschot. Laarmans leer dat hy op gunsies van ander sakelui kan reken nadat hy sy Edamkaas uitgedeel het. Elkeen gee, maar met die doel om later op een of ander manier voordeel vir hulself daaruit te trek. Dit kom neer op 'n tipe omkopery. Die kaas wat die doeanebeampte wederregtelik geneem het en Laarmans sodoende baie belastinggeld "gespaar" het, dui op die aanvaarbaarheid van ongemagtigde transaksies tot wedersydse voordeel van sakelui. Hiervan lewer die volgende aanhaling die bewys, dat dit

***"..., met de douane een kwestie van geven en nemen is."*** (Elsschot, 1957: 457)

### 3.2.5 **Kantore**

Die sakewêreld van Elsschot sluit altyd in dat sakelui kantore het waarvandaan hul sake doen. Die suksesvolle sakelui se kantore word voorgehou as 'n plek waar dinge gebeur, baie mense kom en gaan, telefone lui en tikmasjiene kletter. Dié kantore is nie noodwendig mooi of georden nie. Dit is daarom ironies dat Laarmans met sy geordende klerkagtergrond in Kaas 'n kantoor wil en moet hê, waar min tot niks gebeur nie. In Lijmen het die wêreldtydskrif vyf kantore waar weinig gebeur. Tipies van die grootdoenerigheid van Elsschot se sakewêreld is daar groot koperplate by die deure aangebring, maar ten spyte van die vertoon is daar niks daaragter nie. Soos dit in Lijmen beskryf word:

***"Voor ik iets zeggen of doen kon, stond hij uit zijn zetel op, opende de deur die toegang verleende van de Directie tot de Administratiekamer en ontwaarde de grote suite, die als een grafkelder voor zijn voeten lag. Het was een vreselijk gezicht. Niemand, niets. Geen mens, geen meubels, geen geluid. Een grote leegte boven een linoleumvlakte, die zich uitstrekte tot aan't Museum van Inlandse en Uitheemse Voortbrengselen."*** (Elsschot, 1957: 288)

Die leegheid sluit ook aan by die leegheid van die reklamebedryf waarin nie alleen Elsschot self presteer het nie, maar ook die karakters in Lijmen. Die Wilkinsonkarakter wat Boorman se oneerlikheid agtergekom het, groet Laarmans met die woorde:

***"Komplimenten aan mijnheer Boorman", sprak hij.***

***"Zeg hem maar dat zijn hele organisatie mij diep getroffen heeft en dat ik over die eksemplaren later nog wel eens schrijven zal."*** (Elsschot, 1957: 289)

### 3.2.6 Wesenskenmerke van die sakeman

Naas die grootdoenerigheid van die sakewêreld moet die wese van die ware sakeman uit Elsschot se oeuvre beskryf word. Die sakeman kan nie sag, te menslik of sentimenteel wees nie, want dit sal lei na sy ondergang. Hy moet slegs fokus op sake doen, geld en wins maak. Sy gevoelens moet hy verberg en hou by tersaaklike kwessies. In Kaas word dit goed beskryf:

***"Een man van zaken moet gehard zijn als een poolreiziger."*** (Elsschot, 1957: 435)

Die sakeman word in die sakewêreld 'n ander mens. Laarmans in Kaas ervaar dit as hy die laaste dae as klerk nog net aan sake kan dink. Hy sê van homself:

***"Wat een ander mens ben ik reeds."*** (Elsschot, 1957: 441)

'n Goeie sakeman moet vertroud wees met sy produk, baie oorredingsvermoë hê en op 'n meerderwaardige wyse weet hoe om sy produk aan verskillende soorte mense te bemark. Hy moet doelwitte nastreef, risiko's neem en vooruitskattings maak van sy voorgenome sukses. Daar is baie druk op die sakeman om beter te presteer, meer geld en wins te maak. Hy moet sy eie kop volg in sake en staan en val by sy eie idees en planne. Hierdie kwaliteite is saamgestel uit die vier tekste van Elsschot wat in die sakewêreld afspeel en sakemanne belig: Lijmen, Het Been, Kaas en Het Tankschip.

Boorman is 'n goeie voorbeeld van die suksesvolle sakeman in die kapitalistiese

sakewêreld van Elsschot. Hy probeer in Lijmen, Het Been en Kaas die kwaliteite aan Laarmans te leer. Vir Laarmans kom dit nie natuurlik nie. Hy is bloot as gevolg van sy basiese eerlikheid, menslikheid en kleinburgerlikheid nie vinnig en glad genoeg met woorde nie en kon homself nie in of uit sake praat nie. Hy skeld Mevrouw Lauwereyssen haar laaste paaiement kwyt uit jammerte dat sy so deur Boorman gelym is. Sy bedank dit egter tot Laarmans se skaamte as gevolg van haar trots en weier om weer in die sakeman se mag te verval.

***"Ik walg nu nog van't incasseren."*** (Elsschot, 1957: 355)

***"Alles mag mij hiernamaals overkomen, als ik dat incasseren maar niet moet overdoen."*** (Elsschot, 1957:358)

Laarmans het later tog al die eienskappe aangeleer by Boorman en wou dit aan die einde van Lijmen weer aan die onsigbare luisteraar aanbied. Dié het egter gevlug toe hy sien Laarmans is nie meer die digter van vroeër nie, maar sakeman in murg en been.

Wat opval is dat Boorman, die geharde sakeman, in Het Been, 'n kraak in sy mondering toon. Hy is hartseer oor sy vrou se dood en toe hy Mevrouw Lauwereyssen met die houtbeen op die markplein onderstebo loop, kon hy sy gewete nie stil kry nie en wou hy haar ten alle koste vergoed vir die lymery van 'n honderdduisend eksemplare van die wereldtydskrif.

Die aard van Elsschot se sakewêreld is dus voortspruitend uit bogenoemde voorbeelde, kapitalisties. Die voortdurende stryd om meer geld as die ander persoon te maak is duidelik sigbaar in sy tekste. Waarom hy dit juis kapitalisties

voorstel, is omdat hyself as sakeman in die reklamebedryf, dit ondervind het. Dit is 'n "realistiese" voorstelling van die sakewêreld van sy tyd. Daar sou ook gesê kon word dat dit die prominentste ideologie in die samelewing was wat sy denke en die van die samelewing beïnvloed het. Hy klim dus in die mondering van die kapitalisme, stel dit so intens voor, omdat hy op dié manier juis kritiek daarop wil lewer. As 'n postmodernistiese interpretasie van Elsschot se sakewêreld gemaak word, word die werklikheid sowel as die outeur se outoriteit bevraagteken om sogenaamde waarheidsaansprake te maak. As skrywer is Elsschot altyd subjektief en skryf hy deels geskiedenis en deels fiksie in 'n talige medium wat teen die agtergrond van die postmodernisme 'n splinternuwe diskoers oopmaak.

Die leser word geïmpliseer deur na die wat met sy eie idees en interpreterende konvensies die teks lees te verwys. Die leser binne die postmodernisme dekodeer die teks. Wanneer dit gebeur ontstaan die kontekstuele netwerk volgens Barthes wat hy noem skrywer en leser. 'n Konteks is die raamwerk waarbinne die verhaal gelees moet word. (Hambidge, 1995: 40) Die teks kan afhangend van die leser soms ook sinvol teen die skrywer se bedoeling in gelees word. Elke leser sit dus ander waardes in die leesproses en so word die leser byna belangriker as die teks self. As dit op Elsschot se oeuvre toegepas word, is die implikasie dat al verder van die sogenaamde objektiewe "werklikheid" en "waarheid" wegbeweeg word. Die postmodernistiese diskoers bevraagteken Elsschot se realisme.

# *HOOFSTUK 4*

## 4.1 TEGNIEKE WAT ELSSCHOT AANWEND OM DIE AARD VAN DIE SAKEWêRELD STERKER TE BELIG

### 4.1.1 Styl

Die eerste tegniek wat bespreek sal word, is die styl waarin Elsschot geskryf het. In die inleiding tot Kaas haal Elsschot Buffon se definisie van styl aan:
***"de stijl is de mens zelf."*** (Elsschot, 1957: 413)

Styl in letterkunde is vir Elsschot belangriker as dit wat in die teks gebeur. Volgens hom word die tragiese in die letterkunde uit die hoogste stylspanning geskep. Hy reken in die lotsbestemming van die mens, is alles tragies. Die tragiese kan met musiek verduidelik word as:
***"een kwestie van intensiteit, van maat en harmonie, van rustpunten, een afwisseling van gejubel met lento's en gongslagen, van eenvoud en opregtheid met sardonisch grijnzen."*** (Elsschot, 1957: 413)

Styl is alleen bevatlik vir iemand wat 'n siel het, is Elsschot se uitspraak in die inleiding van Kaas. Hiermee word erkenning gegee aan die moontlikheid dat hyself 'n siel en dus 'n gevoelskant het en die skrywer bo die vorm van prosa stel.

Elsschotliefhebbers soos Simons Carmiggelt en Bob den Uyl reken dat Elsschot se styl vandag steeds 'n kwaliteitsnorm is by die beoordeling van styl. Elsschot se styl

is bondig en hy lewer prosa wat met die spreekwoordelike deur in die huis val. (Marks van Lakerveld, 1977: 7)

Aanvanklik skryf Elsschot sagmoedige verse, maar op vyf en twintigjarige ouderdom (1917) breek hy daarvan weg. Hy sluit wat vorm en styl betref by Multatuli aan. Beide hierdie outeurs skryf verslae oor gesprekke tussen karakters. Die grootste gedeelte van die tekste uit Elsschot se oeuvre bestaan daaruit. Die vertellings in Elsschot se tekste is volgens Marthinus Nijhoff (1982:91) sydelingse gesprekke met die leser. Voorbeelde hiervan is tekste soos Lijmen en Kaas. Die gesprekstoon in die tekste van Elsschot is kenmerkend van sy lewendige styl. Op die manier sluit Elsschot aan by skrywers soos Homerus, Dante en De Maupassant wat die mondelinge tradisie in hul werk laat voortleef. Elsschot se epiese prosa sluit ook handeling en stemming in.

#### 4.1.1.1 Elsschot en die Realisme

Elsschot se styl word hoofsaaklik as realisties beskryf. Realisme is die styl wat hom besig hou met feite en die werklikheid soos die outeur dit via sy sintuie ervaar. Dit wil dus 'n spieëlbeeld van die samelewing wat Elsschot beleef het, wees. 'n Representasie van die werklikheid sonder dat maatskaplike, godsdienstige of literêre konvensies daarin 'n rol speel. (Knuvelder, 1976: 5) Alle sentiment en idealisme word uitgeskakel in die realisme en die realiteit word onopgesmuk weergee.

Wat Elsschot se styl betref verskil Greshoff en Ter Braak van mening. Greshoff reken dat Elsschot se styl binne die realisme val, terwyl Ter Braak van mening is dat

Elsschot die realisme en die idealisme meng. Hoewel die sakewêreld in beide Lijmen en Kaas die hooftema is, is daar tog 'n stylverskil tussen die twee tekste. Lijmen is soos 'n tragedie opgeteken, terwyl Kaas 'n realistiese teks is. Tsjip en De Leeuwentemmer sluit by Kaas aan, maar uit die styl van Lijmen en De Verlossing blyk die idealisme duidelik vir Ter Braak. Ter Braak huldig die opinie dat Elsschot 'n idee verteenwoordig of vir 'n sekere lewensbeskouing kant kies sonder om dit noodwendig doelbewus of bewustelik te doen. Dit kom onder andere tot uiting in die karakter Boorman in Lijmen waarin Elsschot bo homself uitstyg en sterker word. Boorman word in Kaas laat vaar as hoofkarakter en daarmee raak die tragiese held verlore en keer Elsschot terug na die realisme. Elsschot fokus meer op die Laarmanskarakter in Kaas en laat vaar volgens Ter Braak die idealisme. Laarmans van Kaas is veel meer gematigd as die een in Lijmen. (1982:63)

Vir die doel van die studie sal aangesluit word by die persepsie dat Elsschot die realisme in sy styl aanwend en sal ook met die Marxistiese ideologiekritieke benadering na die tekste gekyk word. Aangesien Elsschot se skryfstyl realisties is, verduidelik dit die tragiek wat in die tekste opgesluit lê. Dit beteken nie dat alle realistiese tekste vanselfsprekend tragies is nie, maar aangesien dit 'n spieëlbeeld is van die tragiek wat beleef is in Elsschot se samelewing, is dit tragies. Sake soos die ekonomiese krisisse (1929, 1933), die noodwendige maatskaplike probleme as gevolg daarvan, die klasseverskil en stryd daaromheen, die twee wêreldoorloë, die ongeloof, verwarring en vertwyfeling van die individu as gevolg van bogenoemde faktore, die druk op die individu vir voortbestaan, wat hom gedwing het om te lewe volgens meganiese norme en vervalsing om te oorleef, het deel uitgemaak van Elsschot se samelewing. Tog het Elsschot 'n onwankelbare geloof in die mens

gehad en geglo dat die wiel sal draai en dat die huidige onderdruktes in die toekoms 'n beter lewe sal hê. (Buyens, 1978: 63) Hiervan is daar in Het Been 'n getuienis:

***"Maar als in een visioen heb ik opeens beseft dat mijn klassenplicht onderwerping gebood en dat mijn ongehoord bod van acht duizend en zoveel voor een man van mijn jaren volstond als blijk van opstandigheid, omdat een parasiet zoals ik er geen belang bij heeft de komst te bespoedigen van de nieuwe orde der dingen die ons te werk zal stellen met spade en houweel, zonder grootlinten noch mijters."*** (Elsschot, 1957: 404)

Die arbeiders wat nou misbruik word deur die bestaande orde sal later aan bewind kom en vir hulself 'n "beter" lewe beding.

'n Postmodernistiese interpretasie van Elsschot se styl sal die realisme onmiddellik bevraagteken. Binne die postmodernisme word die verhouding tussen kuns en werklikheid ondersoek en word die leser daarvan bewus dat dit 'n problematiese verhouding is. Die gevolg is dat die leser bewus word van die outentisiteit en referensialiteit van die teks. Die teks kan hiervolgens nie die werklikheid wees nie, nog minder kan dit enkellynig na die werklikheid verwys. Dit verwys eerder na meer tekstualiteite. Sekerhede, samehang, binding, hiërargie en oorsprong word dus bevraagteken. In die bespreking van Elsschot se oeuvre beteken dit dat daar nie onomstootlik verklaar kan word dat hy slegs die kapitalistiese sakewêreld van sy tyd beskryf het nie. Baie ander faktore het by die optekening van gegewens 'n rol gespeel. Faktore soos die keuse van feite, die talige medium waarin hy skryf en die rol van homself as outeur. (Hambidge, 1995: 17)

4.1.1.2 Elsschot en Multatuli

Elsschot skryf nie net soos Multatuli wat vorm en styl betref nie, maar sluit op meer gebiede by hom aan. Beide outeurs is opstandig teen die maghebbers wat die swakkes en die onderdruktes uitbuit. Dit blyk duidelik uit die styl waarop Multatuli sy Max Havelaar of De koffieveilingen der Nederlandsche Handel Maatschappij in 1860 geskryf het en Elsschot sy Lijmen in 1923 en Kaas in 1933 geskryf het. Beide outeurs lewer in hul tekste heeltyd selfkritiek deurdat hul juis dit waarmee hul besig is aan die kaak stel. Hul doen dit deur die gebreke van die stelsels intens uit te beeld. Multatuli lewer kritiek op 'n stelsel waarvan hy deel was in Lebak en Elsschot lewer kritiek op die kapitalistiese sakewêreld, terwyl hy daarvan deel was. Elsschot het by Multatuli aangesluit deurdat hy onretories en realisties geskryf het en soos Multatuli gebreek het met die romantiese idealisme, wat deel was van die literêre konvensies van sy tyd. Meer oor literêre tradisies in hoofstuk 4.

Multatuli se strukturering van die verteltegniese elemente was nuut in sy tyd. Die veelkantigheid van die verteller wat perspektiefwisselinge tot gevolg het en wat die implisiete outeursvisie oordra, is aspekte waarvan Elsschot geleer en waarby hy aangesluit het. In Max Havelaar laat Multatuli (1860) Droogstoppel die inleiding presenteer en laat hy hom kommentaar lewer, Stern skryf die verhaal soos wat hy die inligting van Sjaalman kry en dit in die eerstepersoonsvorm oor ene Max Havelaar vertel, en 'n alwetende ek-figuur dra die geskiedenis van die twee minnaars oor. Aan die einde van die boek spreek Multatuli "self" die leser direk toe - hy maak Stern, Sjaalman en Droogstoppel af as fiksionele figure - en bring op die wyse die fiksionele en die werklikheid bymekaar. (Van der Elst, Ohlhoff & Schutte, 1988: 330)

In Elsschot se geval sê Van Vlierden is Elsschot gelyk aan 'n ek-verteller, plus Laarmans en dit is weer gelyk aan Alfons de Ridder wie se mening ons in die vertelstyl terugvind. (1977: 55)

In 'n brief wat Elsschot op 14 September 1950 uit Antwerpen aan die uitgewery, GA van Oorschot, skryf, meld hy dat Multatuli selfs in sy ballingskap sy non-konformisme en opstandigheid bly uitleef het. Elsschot beskou Multatuli as 'n Prometheus en sê ***"Uit zijn as is de hele Nederlandse literatuur opgeflakkerd. Zijn cultus is ons aller heilige plicht."*** (Van de Reijt, 1993: 792)

Hoewel daar soos uitgewys verskeie ooreenkomste is tussen die styl van Elsschot en Multatuli, is daar ook verskille wat melding verdien. Dit spruit uit die twee outeurs se wêreld- en lewensbeskouing. Multatuli is ernstig oor sy lewensbeskouing en dit maak hom 'n wraakgierige outeur, terwyl dit lyk of Elsschot nie sy lewensbeskouing ernstig opneem nie en na 'n humoristiese outeur neig. Elsschot reken selfs dis gevaarlik om sy wêreldvisie ernstig op te neem en probeer die erns dan deurgaans met humor uit te wis. (Nijhoff, 1982: 90)

Elsschot se wêreldbeeld soos blyk uit sy oeuvre, word deur Marthinus Nijhoff beskryf dat die mens volgens Elsschot 'n enkeling is en nie 'n kuddedier nie. Die mens bevind hom in 'n samelewing (oerwoud) waarin strome soos die filosofie en die politiek opereer. Die georganiseerde samelewing is 'n wildernis en 'n vyand van die eensame mens. Tog kan die mens dit nooit ontvlug nie. Dis die jagveld van die mens en hy moet daarin opereer.

Soos Nijhoff dit stel:

***"Listig zijn, zwak lijken, zich zo onzichtbaar moontlijk maken, desnoods lid worden van een kerk, klerk op een kantoor of hoofd van een gezin, om onder de dekmantel der onschuld zijn slag te kunnen slaan, precies zoals de vos, in het uiterlijk van een onopvallende hond, de boerderij kan naderen en de kippen stelen."*** (Nijhoff, 1982:92)

Die ooreenkoms of vergelyking met Reinaard de Vos is opvallend. Volgens Louis Paul Boon en Elsschot se seun, Walter de Ridder, was Reinaard de Vos van die min boeke wat Elsschot besit het en gelees het. Elsschot was gefassineer met die vertelling van die onsterflike en ongeëwenaarde Reinaard en iets daarvan is volgens Nijhoff (1982: 93) vervat in die bedrogspul van 'n reklamebedryf wat beskryf word in Lijmen.

Nijhoff sluit by Greshoff aan wat betref die uitspraak dat Elsschot in die gesprekstoon skryf. Die voëlvrye mens volgens Elsschot, se krygsavonture op die jagterrein, word beskryf as saketransaksies in Het Tankschip, Lijmen, Kaas en Het Been. Die vreedsame geluk op die tuisfront van die burgerman Elsschot word in Tsjip en De Leeuwentemmer beskryf. (Nijhoff, 1982: 92)

Die skryfstyl van Elsschot sluit ook aan by die prosa van Nescio (1881-1961), 'n tydgenoot van Elsschot. Albei was sakemanne van beroep en beide se sentrale temas handel oor die konflik tussen die burgerlike en die kunstenaar in die mens. Die toon van die vertellings verskil egter radikaal. In teenstelling met Nescio se byna romanties-weemoedige inslag in Titaantjes oorheers die grimmige, byna bitter

perspektief van Elsschot in werke soos Lijmen en Kaas. (Van der Elst et al, 1988:366)

Die volgende aspekte van Elsschot se styl wat bespreek gaan word, is: die vertellershoek waaruit hy skryf, vorm en inhoud, sinisme, woordkeuse, humor en die feit dat daar volgens hom byna geen fantasie by sy werk is nie. Hierdie kwaliteite dra daartoe by dat Elsschot se styl krities bekyk word en gesien kan word in watter mate dit die sakewêreld belig.

4.1.1.3 Elsschot se vertellershoek

Die vertellershoek in Elsschot se skryfstyl verdien melding. Die verteller in 'n kunswerk is die figuur of stem deur wie of waardeur die verhaal aan die leser oorgedra word. Die vertellershoek is van primêre belang in 'n teks aangesien 'n magdom gegewens en 'n ingewikkelde struktuur deur die verteller tot 'n bevredigende estetiese geheel gevorm word. In die tekste Kaas, Lijmen en Het Been vervul Laarmans as hooffiguur en verteller in die tekste dié ordenende funksie. Laarmans is 'n voorbeeld van 'n subjektiewe verteller. Daarteenoor kan ook 'n objektiewe verteller wat nie tyd-ruimtelik gebonde is nie en wat groot moontlikhede vir die outeur inhou, in tekste optree.

Elsschot toon 'n groot voorliefde vir die ek-verteller. In die tydskrif Kriterium, (1982: 11(1):1) skryf Esterhuyse as volg:

***"Die verhalende ek-persoon, in wie Laarmans, 'n wisselende sielestaat van die outeur, geleidelik geïntegreer word, put hoofsaaklik uit eie ervaring. Dit gee***

***aan die werke 'n sterk outo-biografiese karakter, en toon saam met die geringe aandag vir die intrige en afronding en die talryke uitweidinge - dat dit Elsschot nie in die eerste plek te doen was om 'n uitbeelding van die wêreld rondom hom nie, maar van sy persoonlike standpunt daarteenoor. Maar uit sy koel, saaklike taalvorm blyk telkens dat hy sy subjektiewe instelling onder streng objektiewe kontrole plaas."***

Laarmans vertel in Lijmen, Kaas en Het Been sy eie verhaal aan 'n ongeïdentifiseerde "je". Kaas begin met

***"Eindelijk schrijf ik je weer omdat er grote dingen staan te gebeuren en wel door toedoen van mijnheer Van Schoonbeke."*** (Elsschot, 1957: 420)

Die gebruik van die woord "eindelijk" laat blyk dat dit nie die eerste keer is dat hy aan die "je" skryf nie. Daar is inligting oor homself wat aan die "je" bekend is. Sake soos die dood van sy moeder, sy ouderdom en waar hy werk. Die "je" word tot aan die einde nie duidelik opgeklaar nie, maar die leser voel langsamerhand so betrokke by die verteller se verhaal dat hy (die leser) byna soos die "je" voel.

Elsschot kan beskou word as 'n epiese verteller, dit wil sê 'n verteller wat 'n verhaal vertel. Een Ontgoocheling is 'n tragiese verhaal en dit word ook so beskryf. De Keizer was 'n sakeman: sigarenfabrikant. Hy was nie suksesvol in sy beroep nie, te wyte aan sekere redes:

***"Veel geld verdiende hij niet want hij werkte slechts met enkele mensen, had te weinig kapitaal en maakte geen reclame zodat hij niet vooruit kwam in de wereld."*** (Elsschot, 1957: 117)

Hy verloor boonop nog die voorsitterskap van 'n kaartklub, de Lustige Whistspelers aan 'n kolehandelaar. Vir De Keizer was dit 'n ontsettende verlies. Sy verhaal van mislukking was vir hom die ergste saak in die wêreld. Die kwessie ter sprake is: wat is die erns van 'n saak versus wat is die erns wat die individu daaraan toeken. Die tragiek van selfoorskatting kom in die verhaal na vore en drome en illusies word deur die werklikheid ontmasker. (Buyens, 1978: 22) Die teenstrydighede dra by tot die ironie en bitter humor wat uit Elsschot se tekste na vore kom.

Lijmen is 'n ander voorbeeld van 'n teks waarin daar 'n epiese verteller voorkom. Die verhaal speel hom af in die sakewêreld, handel oor sake doen in reklame en is geskryf deur iemand wat homself in die sakewêreld bevind het en die hele milieu goed geken het. Die standpunt is gehuldig dat die sakewêreld buite die jurisdiksie van die romanskrywer val en dat romanskrywers hul met minder eksakte sake, soos die sielkunde, besig moet hou. In hierdie teks is die mense en sakewêreld egter die wesenlike grondstof daarvan. Alles wat nie met sake te doen het nie, is vermy om sodoende die effektiewe harde sakewêreld se werking te beskryf en dit nie te verswak nie.

Laarmans vertel in Lijmen as die ek-verteller die epiese verhaal van Boorman wat koopman word. Gresshoff stel dit as: 'n koopman in illusies, aangesien dit in die reklame en publisiteitswêreld gebeur. Die ydelheid en bedrog van die reklamewêreld word baie prikkelend in kort volsinne weergee. Daar word met verbete spot gelet op hoe Boorman mense oorhaal om hul duurverdiende geld op 'n waardelose verbintenis te spandeer. (Greshoff, 1982: 57) Die sakeman Boorman

en die slagoffer Mevrouw Lauwereyssen word baie skerp deur Elsschot uitgebeeld, sodat hul as prototipes kan dien in die sakewêreld. Elsschot se styl maak dat die leser geboeid toekyk, hoe geoorloofde en ongeoorloofde planne in die sakewêreld saamvloei tot 'n verkoopsfoefie.

Die vraag ontstaan wat die oorsaak kan wees dat Elsschot se tekste aktueel en lewendig bly. As antwoord sou kon dien dat sy skryfstyl daartoe bydra. 'n Advertensietransaksie word so intens beskryf via 'n ek-verteller dat dit soos 'n tragedie beskryf word. Dade van koophandel word so innig en menslik vermeld dat dit soos 'n liefdesverhaal op 'n roman uitloop. Elsschot se krag tot vermensliking is in sy skryfstyl sterker as sy spot of sy vermoë om kritiese kommentaar te lewer. (Greshoff, 1982: 58)

In Kaas tree ook 'n epiese verteller op wat 'n verhaal vertel wat in die sakewêreld afspeel. In hierdie teks word die konflik beskryf tussen wat die mens is en wat hy graag droom om te wees. Elsschot se styl dra in dié geval daartoe by dat oënskynlike klein sake vir die individu noodlotsingrypinge word. As Hornstra die kaasbaas uit Amsterdam kom om by Laarmans sy geld te kom haal, is die lui van die deurklokkie soos die laaste basuin wat sal blaas by die wederkoms van Christus. Hierdie ontsettende kontrasterende beskrywing slaag as gevolg van Elsschot se styl. Kaas lyk soos 'n klein onskuldige verhaal, maar via sy styl versinnebeeld dit die ontgogelende ervaring van die mens se verlies aan drome oor homself. (Greshoff, 1982: 60)

4.1.1.4 Vorm en inhoud

R de Ruiter skryf dat dit tiperend van Elsschot se styl is, dat 'n betekenisvolle inhoud lei tot die vorm van sy tekste. (1988: 282) Wat vorm en inhoud betref, word drie fases wat onderling verband hou met mekaar onderskei. Onder inhoud resorteer die *huislike fase* wat verband hou met die nederlaag wat Elsschot lei as hoof van die huis. Die *lewensbeskoulike fase* skakel met die stryd wat hy ervaar met selfplasing in die samelewing en die *ekonomiese fase* hou verband met die oorwinning wat deur hom behaal is as suksesvolle sakeman. Die verband tussen die inhoud van Elsschot se verhale met die vorm waarin hy sy verhale giet blyk sterk uit die tekste wat die sakewêreld as tema het soos Lijmen, Kaas en Het Tankschip. (Stuiveling, 1988: 138)

4.1.1.5 Sinisme

By Stuiveling sluit vele ander letterkundiges soos Ter Braak, Fens, Nijhoff, en andere aan, as hul Elsschot se skryfstyl as sinies beskryf. Die Handwoordeboek vir die Afrikaanse Taal verduidelik sinisme as 'n "ongevoeligheid vir idealisme en opregtheid." Die sakewêreld word dus saaklik, direk, strak en hard uitgebeeld, soos Elsschot dit self as lid van die kleinburgerlike samelewing ondervind het.

Elsschot is volgens Greshoff nie net sinies teenoor die sakewêreld nie, maar sinies teenoor homself. Die sinisme is 'n vorm van verderf en ontaarding van die mens - 'n uiting van magteloosheid teenoor die lewe. Greshoff sien dit as 'n masker waaragter die lafhartige mens kan skuil. (Ter Braak, 1982:211)

As voorbeeld van bogenoemde kan die karakters Laarmans versus Van Schoonbeke in Kaas dien. Soos Elsschot via die Laarmanskarakters sy gevoelens oor die lewe moes ontluister, ontluister hy sy taalgebruik in die teks. Die gebruik van siniese saaklikheid in sy skryfstyl is 'n middel tot 'n doel naamlik die strakke uitbeelding van die sakewêreld. Dit was egter volgens Ter Braak vir Elsschot noodsaaklik om sinies te skryf, aangesien hy sy retoriek op die manier beheer het. Die siniese skryfstyl van Elsschot is die gevolg van die korreksie, wat die digter in hom, deur die burgerman Elsschot, voortdurend ervaar. Hy maak nie die karikatuuragtige burgerlike bestaan in sy beskrywings mooier nie - hy stel dit soos dit vir hom is. Hy skryf soos 'n mens sou skryf wat ontgogeld is met homself en met die wêreld om hom. (Fens, 1982: 213)

Nijhoff se woorde uit sy gedig, Awater: ***"Lees maar, er staat niet wat er staat"***, is van toepassing as daar gekyk word na Elsschot se styl. (Antonissen, 1972:210) Die leser word dan bewus van 'n diep ontroerde siel wat agter die hardheid verskuil is. Hy skryf die realiteite van die sakewêreld so sinies op om die leser te dwing tot 'n soeke na 'n alternatief vir die harde, selfsugtige winsbejagte sakewêreld. Volgens Louis Paul Boon beeld Elsschot die sakewêreld as 'n oerwoud uit waar een harde wet geld: een sneuwel en een oorleef. (Muynes & Van de Reijt, 1989: 88)

Elsschot se siniese skryfstyl word versterk deurdat hy, volgens Stuiveling, instinktief jag maak op die skyn van die wêreld. Vir hom is daar agter alles 'n tweede, verskuilde werklikheid. Hy ontmasker fatsoenlikheid as 'n angs vir vitaliteit, deug word ontmasker as eieliefde en eiewins, skoonheid as vormdiens en retoriek

ontmasker hy as ontug met die taal. (Stuiveling, 1982: 132) Deur die aanwending van sinisme word die romantiese idealis se ontwikkeling tot businessman, soos in Lijmen en Kaas, afgetakel en ontmasker.

Van Vlierden (1977:15) reken dat Elsschot se styl onliterêr is. Geen bestaande literêre konvensie wat in gebruik was, was vir hom goed genoeg nie. Hy wou selfs die literêre konvensie aan die kaak stel en dit as sulks is ook 'n vorm van sinisme. Van Vlierden formuleer die feit as volg:

***"Zo bekleedt Elsschot in onze letterkunde - gelijk zijn vriend, de dichter Jan van Nijlen - een énige, zij het ook eenzame, plaats. Dat lijkt wel de doem - of het voorrecht? - te zijn van alle ware originaliteit."*** (Van Vlierden, 1977: 16)

In die sakewêreld wat Elsschot beskryf was selfsug en bedrog duidelik en algemeen sigbaar. Hierdie selfsug was eie aan die verworde moraal in die gebroke samelewing waarin Elsschot hom bevind het. 'n Voorbeeld van bogenoemde stelling word in Het Tankschip aangetref. Jacky Peeters laat blyk dat hy bly is oor die oorlog, aangesien sy skip na die oorlog drie miljoen frank meer werd sal wees as voor die oorlog:

***"En nu begrijp ik meteen dat oorlog een zegening is, want hoe langer die jongens slaags zullen blijven hoe meer opgeld*** (wins) ***mijn Josephine*** (skip) ***maken zal."*** (Elsschot, 1957: 665)

Op die wyse word menselewensverlies gelyk gestel aan geldwins. Dit, geldgierigheid en uitbuiting van die medemens, was tekens van die sieklike moraal van Elsschot se samelewing. Hy het dit verwerplik gevind.

Die moederfiguur in Pensioen wou ten alle koste haar gestorwe seun se pensioen ontvang:

***"Als Bertha het niet krijgt zou het toch jammer zijn dat wij het niet kregen, want dan zou onze Willem de enige gesneuvelde zijn die niets zou opbrengen."*** (Elsschot, 1957: 637) Die pensioen kom die seun se vriendin wat die moeder van sy kind is toe. Die moeder reken dat sy moet inkasseer op die pensioen anders gaan dit verlore.

Elsschot skryf dat sulke moederliefde verdelg moet word. Dié twee voorbeelde dien as bewys dat Elsschot se sakewêreld 'n representasie van die siek samelewing was waarin hy geleef het. Die sinisme in sy styl sluit aan by die samelewingstendense van sy tyd.

Buyens (1978: 48) beskou Elsschot nie soseer 'n siniese skrywer nie, as wat hy die beskrywer van 'n siniese samelewing is. Elsschot se morele oorwegings is, dat hy in sy werk 'n spieëlbeeld kaats van die negatiewe gees wat gehuldig is deur die burgerklas, waartoe hyself behoort het. Tweedens gee hy deur die gebruik van die siniese skryfstyle uiting aan sy hoop op 'n beter lewe. Die Laarmanskarakter uit Lijmen tree byvoorbeeld op as sondebok vir die burgerklas. Deur Laarmans se eerlikheid en openhartigheid kom hy egter as 'n teenstelling met hulle te staan. Op die wyse leer ken die leser die sinisme en kritiek op die samelewing wat eie is aan Elsschot. (Buyens, 1978: 53)

As die leser uit bogenoemde voorbeelde aflei dat Elsschot 'n ortodokse

hoofstroomfilosofie volg, vereenvoudig hy hom. Elsschot is 'n gevoelsmens wat uit sy klas kon klim en almal dwing tot rekenskap. Hy wil die samelewing konfronteer met die siek moraal wat onder almal bestaan. Sy siniese beskrywings van diegene in beheer van sake en diegene wat hulle weer daarstel, bevestig die soeke na rekenskap. In Lijmen kom 'n voorbeeld van die vals metafore waarin mense geleef het na vore uit Boorman se siniese raad aan Laarmans:

***"Betrouw niet op God, [...]. Wees beleefd tegen je klanten, want het zijn je vijanden, vergeet het niet. Zij laten slechts los wat je ze ontwringt en behouden alles waar je niet voor opkomt met je leven."*** (Elsschot, 1957: 305)

Die leser sien dat agter die skyn van mag, die mens eintlik sy onmag verberg. In Tsjip dui Elsschot aan dat mijnheer van Schoonbeke na Adéle se huwelikseremonie genooi moes word sodat Laarmans op die wyse 'n beter betrekking kon bekom. Dis dieselfde Van Schoonbeke wat in Kaas vir Laarmans in die kaasavontuur help. Hy word dus nie om suiwer motiewe genooi nie, maar vir 'n winsmotief vir Laarmans. Al die genoemde voorbeelde dui daarop dat Elsschot op siniese wyse die samelewing se siek moraal van valse waardes beskryf het.

4.1.1.6 Woordkeuse

Elsschot se verbondenheid aan die gebruik van die presiese woord en juiste beeld is 'n stilistiese eienskap wat nou bespreek gaan word. Uit sy oeuvre kan vele voorbeelde van die eienskap genoem word. Uit De Verlossing is daar die verbetering van die brief wat Pol van Domburg aan die aartsbiskop rig:

***"Tweemaal las hij de brief over en wijzigde eerst het 'lelik oud mannetje' in een***

***'oud mannetje' zonder meer en 'verdomd' in 'vergeten'. Daarna smukte hij 'Kips', op tot 'mijnheer kips' veranderde 'stak zijn neus in' 'bemoeide zich' en 'Citroen' in 'de onderwijzer'...".*** (Elsschot, 1957: 227)

In Lijmen, waarin Boorman vir Laarmans leer om 'n geslaagde artikel op te stel vir die wêreldtydskrif vind die leser nog 'n voorbeeld van eksakte woordkeuse:

***"Laat 'tastend' maar vallen, Laarmans, 'rondwaren' is al erg genoeg."*** (Elsschot, 1957: 346)

Laarmans se soeke in Kaas na 'n geskikte naam vir die kaasonderneming is 'n voorbeeld van Elsschot se verbondenheid aan die juiste woord:

***"GENERAL CHEESE TRADING COMPANY?"***

***"ANTWERP CHEESE TRADING COMPANY?"***

***"GENERAL EDAM CHEESE TRADING COMPANY"***

***"GENERAL ANTWERP FEEDING PRODUCTS ASSOCIATION"***

***"Eureka! De beginletters vormen GAFPA, een echt slagwoord."*** (Elsschot, 1957: 445)

In De Leeuwtemmer ontleed Laarmans die brief wat hy aan Bennek geskryf het op 'n geestige manier:

***"Bij het overlezen vind ik het een monster dat slechts onheil stichten kan. Iets om van te rillen. Een kind van de waarheid. Neen, er dient stroop aan toegevoegd, veel stroop, want dat is toch de goedkoopste en vaak de beste munitie.***

***Liefste Bennek is veel beter, want die naakte voornaam staat daar als de***

***aanhef van een doodvonnis..."*** (Elsschot, 1957: 587)

Elsschot se soeke na die juiste woord en sinsbou was altyd ter sprake as hy sy werke voorgelees het aan Ary Delen, 'n jeugvriend, Van Nijlen en Greshoff. Gewoonlik het dit gelei na debatte oor wat die beste woord of sin sal wees. Greshoff het by geleentheid verklaar dat Elsschot van woordeboeke gebruik maak om seker te maak dat hy die beste woorde vir die spesifieke beskrywing gebruik. Hy wou veral verhoed dat daar gevoelvolle woorde in sy saaklike sakebeskrywings sou kom. Die gepaste woordkeuse by Elsschot versterk gewis sy sinisme en die tragiek wat opgeteken is in sy styl. (Van Vlierden, 1977:59)

In die soeke na die korrekte woord lyk dit of Elsschot selfkritiek toepas en dat dit die sinisme wat deurgaans in sy styl voorkom, versterk. Dis 'n styl wat wil aftakel en ontmasker en wat die afstand tussen waarheid en voorstelling en werklikheid en skyn vergroot. Alles wat volgens Elsschot nie reg is in die samelewing nie, kom onder die loep. Hy klim in sy oeuvre in die huid van afskuwelike dinge, soos oorlog en kapitalistiese aktiwiteite om hulle te laat botvier en hul dan beter te ontmasker. (Buyens, 1977: 58)

Elsschot het in Achter de Schermen van Tsjip die draagwydte van die korrekte woordgebruik bespreek. Hy verduidelik dat sy hoogste prioriteit met woorde nie die skrywer se reaksie daarop nie, maar die leser s'n is. Hy toets die taal nie vir emosies wat daarin uitgedruk word nie, maar vir die emosies wat by die leser gewek sal word. Vir Elsschot is die geslaagde woord dus die een wat vir die ander persoon werk. Die standpunt lei nie net tot skerper selfkritiek nie, maar dit verg 'n groter

vermoë tot objektiwiteit. Sy prosa het kwaliteite wat sowel saaklik as persoonlik is en dit is miskien die rede vir die duursaamheid daarvan. (Stuiveling, 1982: 142)

Die tweestryd wat Elsschot in homself ervaar vind sy beslag in die naakte, wrang en nugter styl waarop hy sy tekste aanbied. Die praktiese digter in homself word gedurig en abrupt deur sy burgerlike verstand gekorrigeer. Hy was bang vir te veel gevoel in sy werk - vandaar die ewige korreksie. As die stryd van die lewe op sy hoogste was, was lag en huil vir Elsschot altyd ewe naby. Die soeke na die regte woord bring die tweestryd en spanning wat sy werk lewendig hou en die leser laat aanhou lees. (Ter Braak, 1982: 209)

4.1.1.7 Humor

Die humor in die oeuvre van Elsschot val op. Dit is nie 'n blatante humor wat laat skaterlag nie, maar die konstatering van humor of 'n verbale humor (geskrewe humor) wat ingebed is in die tragiek van die lewe. Op die wyse het Elsschot hom versoen met die beproewings van die lewe. Elsschot se humor spruit meestal uit die oproep van vreemde of liewer buitengewone verwysings en hoe hy dit dan vergelyk met alledaagse sake. Die stilistiese teenstellings versterk die humor wat eintlik 'n reaksie op die rasionaliteit van die lewe is. In Tsjip byvoorbeeld, word die opstanding van Christus uit die dood verduidelik, en vergelyk met die wêreldse sodat Adele kan bieg voor haar troue:

***"Neen, dat begrijpt zij niet, al staan er vertikale rimpels in haar voorhoofd van't geweld dat zij bij't denken doet. Maar met of zonder rimpels, het moet er globaal in, als een purgatie."*** (Elsschot, 1957: 527)

In De Leeuwentemmer beantwoord Bennek se ma 'n brief aan sy skoonpa waarop Elsschot as volg skryf:

***"Mijn brief moet op dat oudere lichaam als een purgatie gewerkt hebben want het heeft een lintworm van vier pagina's uitgeworpen."*** (Elsschot, 1957: 590)

In Het Been toe Boorman in die psigiatriese hospitaal opgeneem is, sing 'n medepasiënt die Brabanconne:

***"Wat heeft Johannes de Doper in zijn bad gezongen? De Brabanconne. Maar Pietje kent die ook. En dreunend klonk het: 'Juicht, Belgen, juicht, in brede volle akkoorden!"*** (Elsschot, 1957: 403)

Elsschot sê dat hy alle humor ernstig bedoel het en as dit grappig gelees word, word dit volgens hom verkeerd gelees. Hy was nie bewus daarvan dat dit grappig was nie. Sy seun, Walter de Ridder het op 'n keer tydens 'n onderhoud erken dat hy nooit sy vader hardop hoor lag het nie. Grappe vertel, veral vuil grappe was nie deel van sy verwysingswêreld nie. Die humor van sy tekste is meestal 'n bitter of galgehumor wat die gevolg was van die ironiese verloop van die lewe. In Kaas sê Boorman aan Laarmans:

***"Een boxer heeft zijn manager en een man van zaken zijn vrouw."*** (Elsschot, 1957:440) Dit illustreer hoe Elsschot die rol van die vrou in 'n huwelik ervaar.

Die humor in sy werk was onbekend aan die Vlaamse tradisie van sy tyd. Dit was vir die toenmalige leser nuut om die ontgogeling van die gewone mens ten opsigte van sy eie ideale humoristies te bekyk. Die humor het Elsschot gehelp om na die

gevoelsmens in homself te kyk en dit te hanteer.

Ter Braak (1982: 43) huldig Elsschot se humor as 'n saaklike en intelligente humor wat neig na ironie. Dié stylmiddel wat met soveel sukses deur Elsschot aangewend word, is al deur Sokrates en Plato gebruik. Afgelei van die Griekse woord eironeia wat beteken geveinsde onkunde en van eiron 'n persoon wat versluier. Deur die eeue het die begrip talryke betekenisnuanses verkry en 'n grondige studie daarvan sou 'n omvangryke ondersoek impliseer.

Die twintigste-eeuse gebruik van die begrip ironie kan soos volg opgesom word. Dit word aangewend om 'n gebalanseerde, veelkantige perspektief te verskaf, om die mens se bewustheid van die verwikkeldheid van die lewe uit te druk, asook die betreklikheid van waardes. Deur die aanwending van ironie is 'n omvangryke, ryker betekenis moontlik en kan die neiging tot oorvereenvoudiging en dogmatisme vermy word, terwyl die spreker toon dat hy bewus is daarvan dat die saak moontlik twee kante het. (Esterhuizen, 1984: 16)

By Elsschot is daar twee vorme van ironie, naamlik verbale en situasionele ironie. Verbale ironie kom na vore as die spreker die teenoorgestelde bedoel van wat hy sê, terwyl situasionele ironie beteken dat die toestand of gebeurtenis ironies aandoen.

In Kaas word ironie gebruik om die ambivalensie van droom en realiteit te belig. Elsschot plaas Laarmans in 'n droomwêreld wat telkens in pynlike botsing met die eise van die werklikheid kom. Laarmans bevind hom in 'n absurde situasie dat hy 'n produk verkoop wat hy verafsku. Hy vermy daarom enige verwysing na kaas en

noem dit selfs heuning:

***"Gafpakaas is geen kaas, het is honig, mijnheer."*** (Elsschot, 1957: 445)

Hy vlug van sy werk by die General Marine and Shipbuilding Company, deur siekte te veins, net om later die "kaasdraak" te ontvlug deur aan Hornstra, die kaasbaas, te skryf dat hy om "gezondheidsredenen" genoodsaak word om sy agentskap op te sê. (Elsschot, 1957: 477) Die ironie in Elsschot se styl sluit aan by die sinisme wat reeds bespreek is en bring humor wat die tekste aan diepte en nuanse laat wen.

Die humor in Elsschot se styl is beide die paradoks en sintese van sin in menslike bestaan. (Buyens, 1982: 30) Dit gee aan sy tekste reliëf wat selde by ander tydgenote voorkom. Die humor in sy tekste versterk enersyds die tragiek in sy beskrywings en andersyds weer dit die tragiese af. Elsschot lag, maar met mededoë. Daar is 'n selfspot en meewarigheid in die tekste wat via die humor nie misgelees kan word nie. Die humor bevat in sy kern egter 'n teenstelling wat bydra tot die trefkrag daarvan. In Tsjip gee Laarmans sy skoonvader raad:

***"Daar hij te oud is om bommen te gooien gaf ik hem de raad zijn krot te verkopen en't geld op te zuipen."*** (Elsschot, 1957: 488)

Die humor is 'n tipe troos om die pyn van "wees" te versag. Die humor is nie om te lag of 'n goedkoop antwoord vir die tragiek van die lewe nie, maar dis eerder musiek waarop die mens hom kan versoen met die relatiwiteit van alles. Ook die relatiwiteit van oorlewing en belangrikheid van wins in die sakewêreld. (Buyens, 1982: 30)

### 4.1.1.8 Geen fantasie

Elsschot se eksakte en saaklik styl wat baie sterk daartoe bydra om die harde kapitalistiese sakewêreld effektief te beskryf, is volgens Ferdinand Langen (1982: 21) die gevolg van die feit dat Elsschot byna geen fantasie bygelas het by die verhale nie. In 'n onderhoud wat Langen met Elsschot gevoer het tydens 'n boekeweek in Antwerpen verklaar Elsschot dat al sy tekste maar eintlik 'n dagboek is wat hy bygehou het van sy lewe.

Die sakewêreld en sy familielewe is die twee hoofpole waartussen sy kunsuitinge beweeg. Sy tekste is opgebou uit outobiografiese materiaal en op dié wyse deel hy sy diepste gevoelens oor homself, sy familie, sy vriende en sy ondervindinge in die sakewêreld.

As aanvaar word dat Elsschot se sakewêreld 'n representasie is van die sakewêreld uit sy tyd, moet aanvaar word dat hy in die optekening van die outobiografiese materiaal, beïnvloed is deur die ideologie wat die samelewing oorheers het. Die ideologie wat die sterkste was, was die kapitalisme, maar die sosialisme het begin veld wen. Elsschot se simpatie wat meestal by die slagoffer van die sakewêreld gelê het, dui op die moontlikheid dat bogenoemde stelling waarheid bevat en dat hy iets van die kapitalisme wou ontmasker en die leser dwing om die sosialisme as ideologie te oorweeg.

Binne die postmodernistiese raamwerk van Derrida en andere word 'n diskrepansie

moontlik tussen ware gebeure en Elsschot se optekening daarvan. Erkenning moet dan gegee word dat optekening van gebeure talig is. Betekenis verskuif sodra 'n nuwe konteks daargestel word. Die outeur is ook nie by magte om waarheidsaansprake te maak nie, want hy teken gebeure maar baie subjektief aan. Voorts selekteer en orden hy dit nog op 'n manier wat hom pas. Daar sal in hoofstuk vier gekyk word in watter mate Elsschot wel die geskiedenis van sy tyd weerspieël het in sy styl en optekening van die sakewêreld.

### 4.1.2 **Karakterisering**

Die tweede tegniek wat Elsschot gebruik om die aard van die sakewêreld te beskryf, is karakterisering.

Elsschot het dikwels sy karakters in pare voorgestel en laat optree. Dit was 'n uiterlike voorstelling van die dualisme, menslikheid versus winsbejag, wat in sy karakters voorkom. Die ideologiese spanning tussen kapitalisme en sosialisme wat ter sprake was tussen die twee wêreldoorloë in België word tot 'n mate deur die karakterpare weerspieël.

Willem Elsschot is die skuilnaam van Alfons Jozef de Ridder. In die twee name lê die dualisme, menslikheid en winsbejag, verskuil wat sinspeel op die innerlike spanning wat die versinnebeelding van die kapitalisme en die sosialisme by Elsschot is. Alfons de Ridder, sakeman, het deur middel van die reklamebedryf, met sy valse vertoon, in sy lewensonderhoud voorsien. Volgens hom het hy in sy tekste bloot opgeteken wat hy as mens en as sakeman ondervind het. (Langen, 1982: 22) Hy

gebruik egter 'n skuilnaam om dit te doen. Die skryf van fiksie sluit aan by die meer idealistiese en mensgerigte optrede wat sy beslag vind in die sosialisme. Hy het as beide sakeman en fiksieskrywer geslaag, hoewel hy die twee wêrelde nooit wou vermeng nie en veral wou hy nooit daaroor praat nie. As persone dit wou doen het hy hul tereggewys. (De Ridder, 1994: 69, 79) Dit blyk dat Elsschot, hoewel hy kritiek lewer op 'n ideologiese sisteem, waarvan hyself deel was, hy nie noodwendig kant gekies het vir die ander ideologie waar sy eie menslikheid en idealisme tuisgevoel het nie.

Die eerste teks waarin die karakters belig sal word, is Lijmen. Dit verskyn in 1923 en speel af in die reklamebedryf. Die twee karakters wat teenoor mekaar gestel word, is Laarmans en Boorman. Laarmans is die digterlike idealis, 'n bohemien wat in sosialistiese optogte geloop het en radeloos gevoel het omdat sy idealisme, behalwe vir die broederlike gevoel tydens die optogte, na niks gelei het nie. Hy was ontevrede met sy kleinburgerlike bestaan.

Boorman, die suksesvolle sakeman het Laarmans probeer metamorfoseer. Die volgende aanhaling dien as bewys hiervan:

***"Hij handelde met mijn eigen hoofd precies alsof ik het van hem slechts in huur had."*** (Elsschot, 1957: 255)

Boorman het Laarmans ingelei in die money-making wêreld van publisiteitsbluf en afpersing. Boorman is die vleesgeworde lijmen. Hy was die tipe wat sy medemens uitgebuit het. Hy was sakeman sonder hart of gewete. Eerstens buit hy hul swakheid uit, aangesien almal graag wil vorder in die lewe. Met die plasing van 'n

artikel (onoorspronklik) in die Algemeen Wereldtijdschrift voor Financiën, Handel, Nijverheid, Kunsten en Wetenschappen, voel die uitgebuitenes nommer een en suksesvol. Wat hul aanvanklik nie snap nie, is dat daar geen intekenare en lesers is op die tydskrift nie en dat hul self sal sit met hope bedrukte papier. Op die wyse verval hul in die kloue van die dier wat die moderne sakelewe beheers: die publisiteitsagent. Hy lok hul met 'n diaboliese genot in sy netwerk van vleiende woorde en ontsien niemand om sy doel te bereik nie. Tweedens buit hy hul finansieel uit tot sy eie voordeel.

Hoewel Boorman en Laarmans meer genuanseerd voorkom in die teks, verteenwoordig die twee karakters beide die keersye van Elsschot en die wêreldbeeld van hul tyd. Boorman wat soos die kapitalisme, ander uitbuit om bo te bly en Laarmans, die idealis wat sy medemens in sy swak ekonomiese posisie bejammer. (vergelyk sy aanbod aan Mevrouw Lauwereyssen om haar skuld kwyt te skeld).

***"U hoeft niets meer te betalen, mevrouw. Mijnheer Boorman scheldt u het saldo kwijt."*** (Elsschot, 1957: 358)

Hy skaar hom dus aan die kant van die verdruktes en die wat misbruik word deur die kapitalisme. Dit versinnebeeld op dié wyse simpatie met die opkomende sosialisme wat onder arbeiders in die tyd aan die vestig was.

Die volgende teks wat belig word, is Kaas. Dit speel ook in die sakewêreld af en toon die dualisme, menslikheid versus winsbejag, wat veruiterlik word in die karakters wat teenoor mekaar gestel word. Elsschot skryf in Kaas 'n psigologiese

roman oor sy eie doen en late. Hy erken sy eie swakhede en beskryf dit byna soos 'n bieg en selfbeskuldiging. (Smits, 1976:75)

Die karakters is die keer Laarmans, die klerk wat onder die invloed van Van Schoonbeke, 'n familievriend van sy dokterbroer, 'n kaassaak begin. Laarmans, die gesinsman, was 'n klerk by die General Marine and Shipbuilding Company. Sy werk het min van hom gevra en hy kon nie ryk word nie, maar hy het tyd gehad vir sy gesin. Van Schoonbeke bied hom die kaasgeleentheid aan. Hy was die alleenverteenwoordiger vir België en Luxemburg. By die koms van Hornstra, die eienaar van die Amsterdamse Kaasfirma, het hy in plaas van tien ton kaas slegs 'n kis kaas verkoop. Laarmans besef hy is 'n dromer - stel meer belang in die sosiale stand van sake as in geld en wins. Hy aanvaar sy mislukking en keer terug na sy rustige klerkbestaan waarin hy tyd het vir homself en sy gesin.
***"Ik geloof dat het mij overkomen is omdat ik te meegaand ben. Toen Van Schoonbeke mij vroeg of ik het doen wilde, heb ik de moed niet gehad hem en zijn kaas van mij af te stoten, zoals ik had moeten doen. En voor de lafheid doe ik boete. Mijn kaasbeproeving is verdiend."*** (Elsschot, 1957: 474)

Van Schoonbeke, gesteld op die kring van suksesvolle sakemanne wat weekliks by hom aan huis vergader, verteenwoordig die kapitalistiese wêreldbeeld wat wil hê elkeen moet so goed as moontlik vir homself wins bewerk. Hy word egter meer vriendskaplik uitgebeeld as Boorman in Lijmen.

Die laaste teks wat in die sakewêreld afspeel en waarin die winsbejag/menslikheid dualisme voorkom en wat bespreek word, is Het Been.

Mevrou Lauwereyssen wat in Lijmen honderduisend eksemplare van Boorman se Wêreldtijdskrif gekoop het, tree weer na vore. Sy het 'n houtbeen. Boorman, wat nou veel sagter geword het, as gevolg van sy vrou se dood, wil vergoed vir die feit dat hy haar uitgebuit het. Sy laat hom egter nie toe nie:

***"De krukkenvrouw, die nu weer stevig stond, keek Boorman zwijgend aan. 'Dit vergeef ik u zeker, mijnheer Boorman', klonk het eindelijk, 'want hier hebt u geen schuld aan. Maar dat u mij voor mijn naamloze vennootschap slechts woorden geleverd hebt in plaats van kapitaal, dat is iets anders. Mij verder van dienst zijn? Jawel, met ruimbaan te maken,' lachte zij bitter'."*** (Elsschot, 1957: 369)

Boorman het na vele pogings en wedervaringe die saak besleg met die hulp van 'n onderpastoor. Daarna het hy hom sterker as ooit toegelê op die sakewêreld. Mevrou Lauwereyssen, die veronregte, sluit aan by die sosialistiese konteks en Boorman, hoewel nou meer genuanseerd, by die kapitalistiese wêreldbeeld.

Dit sou onnadenkend wees as gesê word dat 'n karakter òf die een òf die ander ideologie simboliseer. Die uiterlike dualisme wat in die karakterpare soos hierbo genoem voorkom, kom in 'n sekere mate ook in elke karakter voor. Dit sou wenslik wees om kortliks dit net in elke genoemde karakter te noem.

Uit Lijmen:

Boorman poog om eerlikheid bo geld en goed te stel. (Elsschot, 1957:340) Laarmans wat simpatie toon nadat hy Mevrouw Lauwereyssen nougeset uitgebuit

het (Elsschot, 1957: 359).

Uit Kaas:

Van Schoonbeke wat Laarmans 'n geleentheid aanbied, maar dít eintlik om sy eie verleentheid te spaar in die weeklikse kring. (Elsschot, 1957: 429)

Uit Het Been:

Mev Lauwereyssen wat weier om toe te laat dat Boorman gemoedsrus kon kry vir sy slegte dade van vroeër. (Elsschot, 1957: 394)

Ten slotte 'n aansluiting by die begin van die hoofstuk. Dit blyk dat wat Elsschot in sy prosa weergegee het, 'n representasie van sy samelewing was. Die stryd in België tussen die kapitalisme en sosialisme ten tyde van Elsschot se lewe, word goed deur die volgende twee aanhalings uit sy oeuvre uitgebeeld.

Uit Het Been:

***"Maar als in een visioen heb ik opeens beseft dat mijn klassenplicht onderwerping gebood en dat mijn ongehoord bod van acht duizend en zoveel voor een man van mijn jaren volstond als blijk van opstandigheid, omdat een parasiet zoals ik er geen belang bij heeft de komst te bespoedigen van de nieuwe orde der dingen die ons te werk zal stellen met spade en houweel, zonder grootlinten noch mijters."*** (Elsschot 1957: 404)

Uit Tsjip:

***"Tsjip en ik zijn gezworen kameraden. Samen zullen wij door dik en dun gaan,***

***ik voorop. En ieder krijgt zijn werk. Terwyl ik de doornen kap kan hij de bloemen plukken. Langs de baan zal ik hem onderrichten: dat hij veel doen moet van wat ik heb nagelaten, en veel nalaten van wat ik heb gedaan; dat hij de gevulde hand moet afstoten; dat hij niet bukken mag voor't geweld, juichen noch rouwen op bevel van de machthebbers. Dat hij moet opstappen met de verdrukte scharen om vorsten en groten tot brij te vertrappen. Ik zal met hem het lied der bevrijding aanheffen."*** (Elsschot, 1957:537)

4.1.3 **Die verwysings in Elsschot se oeuvre**

Die verwysings in Elsschot se oeuvre dra daartoe by dat die sakewêreld strak uitgebeeld word. Dis die derde tegniek wat Elsschot gebruik om sy sakewêreld uit te beeld. Gewone sake of saketransaksies word so intens beskryf dat dit bo-menslike betekenis kry. Greshoff (1982: 43) bewonder Elsschot hiervoor en dui aan dat hoewel dit bo-menslike betekenis kry, dit niks inboet van die nugter werklikheid wat hy eintlik beskryf nie. Die sakelewe, waarin daar nie plek is vir sagtheid of te veel gevoel vir die medemens nie, kry dus 'n baie sterker betekenis, omdat dit voortdurend met groter sake vergelyk word. Gewone sake word as wonders en noodlotsingrype voorgestel. Die effek hiervan is dat dit 'n uiters menslike appèl op die leser het.

In Lijmen is Boorman besig met 'n telefoongesprek waar hy 'n gewone saketransaksie wil beklink en dit dan vergelyk met veel groter konsepte:

***"'Gent hier,' dat mij toeklonk zoals 'schip in't zicht' klinken moet na dagenlang zwalkens, 'Wilt u nog eens bellen? En vooral niet verbreken asjeblieft.' Ik***

***luisterde weer. Over Vlaanderen hing een doodse stilte."*** (Elsschot, 1957:267)

Die eerste vergelyking word getref met die skeepsvaart - die uitroep van hulp wat sigbaar word na 'n lang wag op see. Die stilte aan die ander kant van die telefoon, word vergelyk met 'n landswye swye. Die groot afstand tussen dié twee sake genoem bring ironie en humor na vore.

In Kaas besoek Laarmans die kaasfabriek in Amsterdam en vergelyk hy die kaas met 'n mens en die weermag:

***"...'en talrijke kaassoorten die mij volkomen onbekend waren, een paar van de grootste met opengespalkte buik en blootliggende ingewanden. De Roqueforts en Gorgonzola's pronkten liederlijk met hun groene schimmel en een eskadron Camemberts liet vrij hun etter lopen."*** (Elsschot, 1957:435) Kaas kry sodoende meer aansien as wat dit as 'n verbruikersproduk sou kry.

Boorman verklaar in Het Been, dat Mevrouw Laauwereyssen na sy slinkse plan met die kredietnota, wel sy geld sal aanvaar. Dit word as volg beskryf: ***"En Maandag gaat het been naar de stratosfeer, dat zal je zien, of ik heet geen Boorman".*** (Elsschot, 1957:379) Om die stratosfeer te betrek maak van 'n klein gebeurtenis 'n kosmiese een.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat Elsschot se vergelykings uit 'n baie wye en buitengewone verwysingswêreld kom. Wat egter in 'n groter mate omskryf moet word, is sy herhaalde verwysings en vergelykings met die Bybelse wêreld.

Sommige kritici, soos Fens, reken dat Elsschot se Bybelse verwysings 'n sterker rol speel as bloot om as beeldspraak te dien. Volgens hom, (1982:281) help dit om van sy verhale te struktureer. Vergelyk die tog van Laarmans met die drie Afghaanse matrose wat na Maria van Dam in Het Dwaallicht soek. Maria van Dam, word soos die Madonna wat deur die drie wyse manne uit die Bybel gesoek word, voorgestel. Vir Laarmans is Maria egter 'n dwaallig - 'n prostituut - wat hy soek as ontvlugting van sy burgerlike bestaan by die huis.

Volgens Jo Datema (1982: 153) is daar in Elsschot se werk 'n ekstra dimensie wat opval as dit gelees word. Volgens haar verraai sy werk 'n mensekennis en 'n selfkennis van iemand wat 'n ontmoeting, van watter aard ookal, met Christus gehad het. Elsschot vergelyk gewone saketransaksies met Bybelse gebeure sodat hulle veel groter dimensies aanneem. Dit lei tot 'n vergeesteliking van sake, waarby dit nie pas nie. Aangesien dit ironies gebruik word, lei dit tot 'n humoristiese inslag.

In Lijmen waar Boorman die sakereëls aan Laarmans moet deurgee, lui dit as volg:
***"Betrouw niet op God, [...]. Wees beleefd tegen je klanten, want het zijn je vijanden, vergeet het niet."*** (Elsschot, 1957: 305)

Bogenoemde aanhaling is net die teenoorgestelde van wat in Mattheus 22:37 - 40 staan, waar gesê word dat die mens God moet vertrou en sy vyand moet liefhê.

In Lijmen word die uitroep van Boorman se vrou oor die dood van haar suster vergelyk met die laaste basuin wat sal blaas by die oordeelsdag:
***"De bazuin van't laatste oordeel had ons niet schielijker kunnen doen***

***opstaan."*** (Elsschot, 1957:265)

In Lijmen moet Boorman aan Laarmans leiding gee vir die saketransaksies. Laarmans staan alleen teenoor Boorman. Vergelyk: ***"Op een gegeven moment stond ik moederziel alleen op de boulevard, met mijn knuppel in de hand en mijn pijp in de mond. En toen zag ik mijzelf voor het eerst zoals ik werkelijk was: een verloren schaap in de samenleving."*** (Elsschot, 1957:253) In teenstelling met die gelykenis van die verlore skaap in Mattheus 18:12 - 14.

In Het Tankschip word daar nie parallelle met 'n bybelverhaal aangetref nie, maar met die wyse waarop die Bybelinhoud, as heilsboodskap, verkondig word. Vergelyk Boorman se verklaring in Het Tankschip:

***"Ja, bekeren is een lastig werk, mijnheer Peeters, en ik vraag mij af hoe de eerste vaklieden van het geloof er in geslaagd zijn hun diverse drankjes door zulke onafzienbare scharen te doen slikken."*** (Elsschot, 1957: 669) Dit bevraagteken die groot verspreiding van die Christendom. Dit word vergelyk met Romeine 1:16 en 17 en 1 Korinthiërs 1:18 - 25 waarin die gratis aanbod van heil aan enige wêreldling gebied word. Dit word direk van toepassing gemaak op "Het Tankschip". De Castellane is God, Boorman is Jesus, die middelaar, die fiscus is die satan, die tenkskip is die ewige saligheid en Peeters is 'n onbekeerde wêreldling. (Datema, 1982:155) Peeters verkry die tenkskip vir byna gratis en verdien 3 miljoen Frank daarmee.

In De Leeuwentemmer wil Jan nie die naam van die broederskap, die Dorre Bladeren, ydelik gebruik nie. Dit verwys direk na die derde gebod in Exodus 20:7a

"Jy mag nie die naam van die Here jou God ydelik gebruik nie." Op dié manier verkry die Dorre Bladeren ook goddelike of heilige status vir Jan.

Op enkele plekke in Elsschot se oeuvre word die Bybelse gegewe openlik bevraagteken. Vergelyk die kategeseles wat Laarmans aan sy dogter, Adele, in Tsjip gegee het voor sy kon bieg en trou in die kerk. (Elsschot, 1957: 526) Laarmans kon sekere kernvrae van die godsdiens nie beantwoord nie, aangesien hy dit self betwyfel het. 'n Ander verwysing waar Elsschot die Christelike godsdiens bevraagteken, is uit sy gesprek met Ali wat tot die Moslemgeloof behoort in Het Dwaallicht. Ali wou weet waarom Christus aan 'n kruis gesterf het. ***"Als ik zeg, dat hij het zelf zo gewild heeft, zie ik dat zij sprakeloos van verstomming zijn."*** (Elsschot, 1957:713) Hiermee het Elsschot moontlik sy eie verstomming oor die aangeleentheid aangedui.

'n Volgende aspek van die Bybelse verwysings in Elsschot se oeuvre, is die gebruik van letterlike aanhalings uit die Bybel in 'n buitengewone konteks.

Uit Lijmen ***"En't incasseren is de waarheid."*** (Elsschot, 1957: 292) teenoor Johannes 17:17b "U woord is die waarheid". Uit Het Been ***"Boorman heeft mij opgetuigd, Boorman heeft mij afgetakeld. Die naam van Boorman zij geloofd."*** (Elsschot, 1957:365) teenoor Job 1:21b "Die Here het gegee, die Here het geneem, die Naam van die Here sy geloofd."

Uit Pensioen ***"Er is voor alles een tijd."*** (Elsschot, 1957:608) teenoor Prediker 3:1 "Vir alles is daar 'n tyd."

Deur bogenoemde voorbeelde stel Elsschot die sakewêreld bo die godsdiens. Die godsdiens word aan die kaak gestel en ontmitologiseer. As Elsschot die Bybelse op die aardse toepas verstaan die leser presies wat hy bedoel. Dan kom Elsschot se sinisme met die lewe en die sakewêreld met sy siek moraal na vore. Hy jukstaposisioneer die Bybelse gegewens met die aardse. Sy werk is aktueel, aangesien hy op dié manier kritiek lewer op die kerk wat ook in sy tyd as werktuig van die kapitalisme opgetree het. In hoofstuk 5 sal meer daaroor geskryf word.

Daar word hieronder gewys op talryke uitdrukkings in Elsschot se oeuvre wat in verband staan met die Bybel, kerk en christendom. Saketransaksies in hul vele dimensies word sonder verduideliking direk in 'n bybelse idioom gestel. Sodoende verhef Elsschot gewone sake tot heilige gebeure. In die proses sou met 'n postmodernistiese interpretasie bevestig kon word dat Elsschot se verhale nie slegs 'n representasie is van sy tyd nie, maar eerder heenwys na ander tekste soos die Bybel of kan selfs die leser wat die dubbellynige teks interpreteer self teks word as hy sy hele konteks bybring in die lees van die oeuvre.

Uit <u>De Verlossing</u>:

***"Het was voor haar een hele bedevaart"*** (Elsschot, 1957:191)

***"En wandelde as Jezus op de wateren"*** (Elsschot, 1957:213)

***"Glimlachende als een madonna"*** (Elsschot, 1957:306)

***"iets als't zwijgen in de kerk onder de nuttiging"*** (Elsschot, 1957:328)

Uit De Verlossing:

***"Van Hemeldonck schaarde zijn twaalf mannetjes om zich heen en ging op de stoel staan want de mis was uit. [...] 'De graaf!' riepen de twaalf apostelen als één man."*** (Elsschot, 1957:185, 186)

Elsschot het van homself gesê dat hy nie ongelowig is nie, maar liewer vry van die geloof. Volgens Frans Smits, Elsschot se neef en biograaf, was Die Bybel en by name boeke soos Job, Prediker en die Mattheüsevangelie, van Elsschot se gunsteling leesstof. (Smits, 1951: 16) Die evangelie van die kruis van Christus kon hom dus nie koud gelaat het nie, anders val dit vreemd op dat hy hom so dikwels daarmee besig gehou het. Sy laaste boek, Het Dwaallicht, belig sy eie twyfel in die Godheid as hy in sy gesprek met Ali sê: ***"zij staan voor dezelfde muur waar ik reeds een halve eeuw langsloop, zonder een deur te vinden en ik zit dan ook met onze mensgod lelijk in de war tegenover de abstracte eenheid van hun Allah."*** (Elsschot, 1957:713)

Volgens Jo Datema, het Elsschot die Christelijke geloof afgewys aangesien die christene volgens hom vasgevang gesit het in tradisies en die geloof nie meer uitgeleef het nie. Vergelyk die aanhaling uit Het Dwaallicht: ***"Zij laten dieper medelijden blijken dan van enig Christen ooit kan uitgaan en Ali zegt 'arme man'."*** (Elsschot, 1957:713)

Hoewel dit nie hier ter sprake is nie, word dit tog duidelik dat Elsschot se gemoed en verstand in konflik was oor godsdiens. Hy toon "christelike" eienskappe soos die

deernis en medelye met die mens en sy lot, met dié wat ly, arm is en uitgebuit word, maar sy verstand het telkens oor sy gevoelens geseëvier. As kapitalis het hy volhard in sy reklamesaak en nie prakties iets gedoen om dié wat ly se nood te verlig nie.

Ten slotte kan gesê word dat die verwysings in Elsschot se oeuvre bydra daartoe dat sy werk realisties en aktueel bly. Deur gewone sake met veel groter dinge te vergelyk bring hy 'n permanente ironie in sy werk. Die verwysings in sy werk is daarom 'n belangrike stylelement wat bydra tot die strakheid in sy skryfwerk.

### 4.1.4 **Die outobiografiese aard van sy oeuvre**

Die vierde tegniek wat Elsschot wetend of onwetend gebruik om die sakewêreld hard en ongenaakbaar te beskryf is die outobiografiese inslag van sy werk. Hy het die sakewêreld goed geken en kon dit dus geloofwaardig voorstel, sonder bysake of persoonlike bespiegelings. (Goedegebuure, 1992:9) Die openlikheid waarmee hy die hoofsaaklik outobiografiese gegewens in sy oeuvre weergee, staan in skrille kontras met die bedeesdheid waarmee die skrywer hom uit alle openbare vertoon teruggetrek het. Onderhoudvoerders is soms deur hom afgejak. By geleentheid het Elsschot G H 'sGravesande oor die telefoon meegedeel dat sy vriend Ary Delen hom vir wekelank sal kan inlig oor homself, aangesien Ary Delen meer van hom weet as hyself! Ary Delen en hy was vriende sedert hul elfjaar oud was en saam op die Antwerpse Athaeneum was. Frans Smits het aangedui dat Elsschot se oeuvre nouliks getransponeerde gegewens uit sy eie lewe bevat! (Smits, 1951: 4) Elsschot

self verklaar dat hy bloot dagboek gehou het van sy lewe. (Langen, 1982: 22)

Willem Elsschot het egter op versoek op 17 Junie 1936 self uit Antwerpen 'n brief met sy biografiese gegewens na die gemeente argief te 's Gravenhage gestuur. Die gegewens is tipies van Elsschot se styl baie strak en met kommersiële nugterheid opgeteken. (Van Vlierden, 1977: 5 - 8) Hy skryf soos hy sake doen. Hy weeg sy kanse op wins en verlies so nugter as moontlik teenoor mekaar af en neem dan 'n weloorwoë en rasionele besluit oor hoe en wat hy sal skryf. (Goedegebuure, 1992:9)

Uit die brief sal niemand glo dat Elsschot 'n maklik ontroerbare man was nie. Tog het hy aan August van Cauwelaert gemeld dat sy jeugherinneringe lank met hom bly.

***"Het zijn, dunkt me, vooral de treurige indrukken die de diepste sporen laten. Zij hebben als een zuur gewerkt. Tekortkomingen van vriendjes of grote mensen, minachting of misprijzen dat men ondervonden heeft, onrecht dat u aangedaan word, lichtzinnige of onrechtvaardige verdenkingen of beschuldigingen. Ook eigen tekortkomingen jegens ouders (vooral moeder) of arme of zwakke of hulpbehoevende kameraden of zelfs dieren blijven knagen tot uw laatste dag".*** (Van Vlierden, 1997: 9)

Die tweekantigheid in Elsschot se oeuvre: gevoeligheid versus 'n saaklike handelsgees, skryf hyself toe aan die invloed van sy ouers. Sy vader wat 'n bakker was, beïnvloed hom met sy handelsgees en sy moeder se medelye met almal wat uitgebuit en misdeel was in die lewe dra by tot sy menslikheid.

Sy skoollewe aan die Athaeneum in Antwerpen was deur sy eie swak gedrag vir hom onaangenaam. Daardie ongelukkige tydperk is vervat in sy eerste novelle naamlik Een Ontgoocheling. Die Nederlandse letterkundeklasse onder leiding van Pol de Mont was inspirerend en het Elsschot vir die res van sy lewe beïnvloed. Daar is hy blootgestel aan prosa en poësie van onder andere Kloos, Gorter, Verwey en Helene Swarth. Hy en sy skoolmaats het 'n leeskring gestig naamlik Flandria en in die volksbiblioteke is hy blootgestel aan literêre tydskrifte soos De Nieuwe Gids en Het Tweemaandelijks Tijdschrift. In 1900 het Elsschot, Ary Delen, Karel van den Oever, LJ Krijn, Herman Teirlinck en F Toussaint, Lode Baekelmans en Willem Gijssels, 'n tydskrif, Alvoorder, gestig. Dit het een jaar bestaan en daarin het Elsschot van sy gedigte gepubliseer. (Smits, 1951: 8)

Sy naskoolse bestaan was gekleur deur invloede van anargistiese en Tolstoïserende jeugverenigings wat hy bygewoon het saam met Ary Delen. Dit is beëindig toe Alfons de Ridder die toelatingseksamen van die Hoër Handelsinstituut na vier jaar met onderskeiding slaag en hy die diploma "licencié de degré superieur en sciences commerciales, consulaires et coloniales", behaal. As student het hy 'n leidende rol in die Nederlandse studentekring gespeel en volgens sy vriend Ary Delen het hy die sosiale sy van sy studentelewe geniet. Sy optrede uit dié tydperk toon groot ooreenkomste met die idealis Laarmans se optrede uit Lijmen voordat Boorman hom wou verander om in die sakewêreld te kan optree.

In 1905 werk hy in Parys as sekretaris van 'n Argentynse sakeman. Daarna vertrek hy na Amsterdam. Daar het hy tussen 1907 en 1910 die gedigte geskryf wat later in

Verzen van vroeger in 1934 gepubliseer sou word. Ook sy eerste roman Villa des Roses is hier geskryf na aanleiding van sy verblyf in 'n pension in Parys (Van Vlierden, 1977:12).

Volgens Ida de Ridder, Elsschot se dogter, is dit dikwels nie net die feitelike werklikhede wat in sy romans vervat word nie, maar soms die emosies agter die werklikheid, wat Elsschot voortgestu het. Die dood van Chico, die geliefde apie van madame Brulot in Villa des Roses, het Elsschot self op sy gewete. Klaarblyklik het hy in die losieshuis in Parys by die kaggel gesit toe die apie op hom spring en hy hom weggeklap het. Die apie het in die vuur geval en verbrand. Hy was so ontsteld dat hy die insident opgeteken het in sy boek.

Dié meganisme word ook teruggevind in sy ander romans: in Kaas die dood van sy moeder, in Tsjip die geboorte van sy kleinseun, in Het Been die psigiatriese ondersoek van Boorman en in Pensioen die verloëning van 'n kleinkind. Ida de Ridder reken dat die werklikheid soms veel omslagtiger was as wat Elsschot dit opgeteken het. Elsschot vermeld in sy inleiding tot Kaas die volgende: ***"Wat niet nodig is dient geweerd en waar het met één personage kan is een menigte overbodig".*** (Elsschot, 1957:416)

In Pensioen is die hoofkarakter 'n hartelose mens wie se moederliefde veragtelike afmetings aanneem. Dit verwys na Elsschot se skoonmoeder. Sy was intelligent en hy het meer eerbied vir haar gehad as vir die weerlose, tranerige skoonvader. Hy kon haar egter nie vergewe dat sy haar kleinseun, die buite egtelike seun van haar seun wat in Duitsland gesterf het, verloën het nie. Vir Elsschot was die

onvoorwaardelike liefde van 'n moeder baie aantreklik. In Pensioen skryf hy egter sy wrewel teenoor haar af met:

***"Hoorde dat hele pak moederliefde niet ter plaatse verdelgd te worden?"*** (De Ridder, 1994:101)

Boorman uit Het Been was ook 'n outobiografiese karakter met die naam Jules Valenpint. 'n Geharde sakeman wat met die dood van sy vrou ineenstort. Van 'n gewetenlose sakeman het slegs 'n beteuterde mannetjie oorgebly. Boorman het in Het Been, na sy pogings om vry te kom van die skuld aan Mevrou Lauwereyssen, hom finaal en roekeloos tot sake gewend. Jules Valenpint, die model vir Boorman het egter ten gronde gegaan. Sy seuntjie het kort na sy vrou se dood gesterf. Hy was so gebroke dat hy kort daarna self gesterf het (De Ridder, 1994:102).

Die opname van Boorman in 'n psigiatriese hospitaal in Het Been het ook 'n outobiografiese inslag. Hy het daar beland omdat hy bereid was om te veel geld te spandeer om Mevrou Lauwereyssen van die hoop eksemplare van die wêreldtydskrifte te verlos.

Leo Frenssen, in dié geval die model vir Boorman, was 'n bekende Antwerpse figuur. Hy was 'n propagandis vir wêreldvrede en 'n ideale samelewingsbestel. Elsschot het sy geselskap geniet. Frenssen is op 'n dag vanweë sy eiesinnige en eiesoortige opstand teen die samelewingsnorme van sy tyd opgeneem in 'n psigiatriese hospitaal. Alle moontlike toetse is op hom gedoen, nie soseer om hom te genees nie, maar om te probeer bewys dat 'n persoon wat anders optree as die samelewingsnorm in 'n gestig hoort. Elsschot was ontsteld oor die siek gees van die

samelewing waarin hy hom bevind het, dat hy die gebeure in Het Been ingeskryf het. (De Ridder, 1994:102)

Volgens Buyens het Elsschot sy familiememoires in sy oeuvre beskryf en sal net Elsschot self weet wat werklikheid is en wat verdigsel is. Elsschot skroom nie om sy innigste gevoelens en oorwegings aan die leser mee te deel nie. Uit Tsjip:
***"En mocht ik ooit mijn lieve vrouw verliezen, dan trek ik naar Polen met pak en zak. Ik zal daar, als het moet, de boodschappen doen en de schoenen poetsen en voor Tsjip als een hansworst op mijn hoofd gaan staan. Want ik ben bereid afstand te doen van alles in ruil voor de ademtocht van dat jonge leven, voor de geur van die ontluikende roos."*** (Elsschot, 1957: 338)

Soos reeds bewys in bogenoemde voorbeelde is sy karakters vele kere geskep uit sy kontak met sy vriende uit die daaglikse lewe. (Buyens, 1978:21)

Hy het homself ook meedoënloos weergegee. Vergelyk die Laarmansfiguur wat in verskeie werke voorkom. Volgens Frans Smits is Laarmans in 'n groot mate die verteenwoordiger van Elsschot self. Laarmans was teleurgesteld in sy eie idealisme en kies Boorman as opvoeder vir sy nuwe rigting naamlik die reklamebedryf in die sakewêreld. Boorman word sodoende simbool van dit wat hy, Laarmans graag wil wees. Laarmans het (soos Elsschot) geweier om slagoffer te word van sy eie ontgogeling in die werklikheid. (Smits, 1951: 12)

Volgens Ary Delen, jeugvriend van Elsschot, is die volgende aanhaling van Laarmans uit Lijmen net so goed van toepassing op die jeugjare van Elsschot aan

die Hoër Handelskool tussen 1901 en 1904. Daar het hy, soos Laarmans, gedeel in die idealistiese sosialistiese opmarse.

***"Niemand kon toen als hij 'Vliegt de Blauwvoet! Storm op Zee!' roepen en hij was dan ook, bij mij weten twee maal deur de politie ingerekend voor dingen die hij niet gedaan had, alleen maar omdat hij er zo gevaarlik uitzag."*** (Elsschot, 1957: 252)

Buiten die teks van Lijmen is daar ook in die res van Elsschot se oeuvre aanduidings dat Laarmans 'n selfportret is van Elsschot. In die 1957 weergawe van Elsschot se versamelde werke van Van Kampen, is die jeugvers wat die ek-verteller aan Laarmans in Lijmen voorhou 'n jeugvers 'Aan mijn moeder', van Elsschot self uit 1904.

In Tsjip en De Leeuwentemmer is die outobiografiese karakter steeds minder verdoesel. Die hoofkarakter is steeds Laarmans, maar die kinders se name is almal dié van Elsschot s'n. (Marks-van Lakerveld, 1977:41)

Ook buite die literêre werk is daar gegewens bekend wat laat blyk dat Elsschot homself in Laarmans geprojekteer het. Die redakteurskap van de Revue Continentale Illustreé en 'n aantal uiterlike besonderhede is voorbeelde hiervan. Laarmans as ***"haveloze voorvechter met lang haar dat de kraag van zijn jas vettig maakte, een grote pijp met een kop die een doodshoofd verbeeldde, en een zwarte knuppel, waarmede hij dringend zwaaide wanneer hij gedronken had of in een optocht liep"*** is volgens Frans Smits 'n natuurgetroue weergawe van Elsschot tussen 1901 en 1904. (Smits, 1951:10, 11)

Die gebruik van biografiese materiaal om literêre tekste te ontleed, word deur sommige kritici afgekeur. Outobiografiese materiaal is volgens hulle altyd georden en geïnterpreteer. Daar is ook altyd die moontlikheid dat die skrywer òf die ideale self, die antiself òf die ware self wat hy verberg agter 'n masker weergee. (Marks-van Lakerveld, 1977:42)

Die feit dat Elsschot van sy romans in die sakewêreld laat afspeel, spruit ook uit die outobiografiese situasie waarin Elsschot hom daagliks bevind het. Die sakewêreld en die familielewe was die twee pole waartussen Elsschot sy kuns bedryf het. Buyens reken dat hoewel hy min buite hierdie twee fasette in sy oeuvre beweeg, daar tog sprake is van sy meegevoel met die armes en verdruktes van die samelewing. (Buyens, 1978:20)

Om Elsschot se oeuvre en sy voorstelling van die sakewêreld daarin te verstaan, is dit belangrik om sy leefwêreld te belig.

Elsschot was die seun van 'n bakker, 'n suksesvolle sakeman wat sy gesin goed versorg het. Hy was Christiaan de Ridder, getroud met Adele van Elst. Elsschot het 'n broer gehad, Karel, wat 'n dokter was en dikwels in sy oeuvre voorkom, byvoorbeeld in <u>Kaas</u>. Daar was drie susters naamlik Louise, Marie en Emma. Elsschot het die sakewêreld nooit verlaat nie. Hy het lid gebly van die burgerlike samelewing waaruit hy gestam het.

Na sy skoolopleiding word hy loopjong by graanjode en later by skeepsagente in

Antwerpen. Die tydperk het Elsschot uitgebeeld in Een Ontgoocheling en noem hy die skeepsagente Beltransat.

Hierna het hy 'n paar jaar net geslenter en boodskappe gedra, tog het hy sy dae, uurliks soos 'n sakeman ingerig.

Tussen 1901 en 1905 verwerf hy die Licenciaat van den Hogeren Graad in die Handels-, Consulaire en Koloniale Wetenschappen. Daarna het hy in Parys gewerk as sekretaris van die Argentynse sakeman Alfredo H Bustos.

Tussen sy vyf en twintigste en dertigste jaar was hy in Nederland as korrespondent op verskillende skeepswerwe in Rotterdam, Schiedam en Delfshaven. In 1911 word hy boekhouer by 'n Duitse konsortium wat gelatienfabrieke uitbuit in Brussel. Daarna tree hy op as mede-eksploitant van die Revue Continentale Illustreé in die reklamewêreld. (Gedenk aan Boorman en die wêreldtijdskrif uit Lijmen)

Tydens die eerste wêreldoorlog, die tydperk waarin Een Ontgoocheling en De Verlossing ontstaan het, was hy bediende by die Provinciaal Oogstbureau van die Nationaal Comité voor Hulp en Voeding. Na die oorlog het hy hom in die publisiteitswêreld gewerp. Hy het die reklamefirma gestig saam met 'n vriend, L Le Clerk. Later het nog 'n vennoot R de Haas, 'n Amsterdamse Jood, ook by hulle aangesluit. Hulle het tot 1931 kantore gehad in Antwerpen en Brussel. Elsschot het hierna gebreek met die firma en het vanaf sy huis, Lemmestraat 21, Antwerpen sy eie reklamefirma bedryf. Dit het hy vir baie jare gedoen. In 1932 het hy danksy Greshoff ook weer begin skryf. (Van de Reijt, 1993: 233)

Die effek van die outobiografiese inslag in die oeuvre van Elsschot is dat sy werk as realisties gekenmerk kan word. Tog kan die leser nie anders as om te besef dat die ideologie wat die samelewing oorheers het ook 'n effek op Elsschot gehad het en bepaal het wat en hoe hy dit opgeteken het. Die postmodernistiese interpretasie problematiseer die gemaklike sekerhede oor die verhouding tussen literatuur en wêreld. Onmiddellik tree die outeur se optekening van sy geskiedenis in gesprek met die groter optekening van geskiedenis. Willens en wetens word die leser na ander ook sogenoemde historiese tekste gedwing en bring dit 'n betwyfeling van waarheidsaansprake; want wie aan die woord is, moet eers beantwoord kan word. Die outobiografiese inslag lok weer diskoers uit oor die verband tussen die werklike outeur en sy vertekstualiseerde "verteenwoordigers" in die tekste. Om dus binne die postmodernisme die finale woord oor Elsschot se outobiografiese inslag te spreek, blyk onmoontlik te wees. (Van Heerden, 1997: 12)

# HOOFSTUK 5

## 5.1 LITERêRE AGTERGROND

Daar moet gekyk word na die literêre agtergrond waarteen Elsschot skryf en of dit enigsins 'n rol gespeel het in die manier waarop hy die sakewêreld voorgestel het.

Elsschot skryf sy oeuvre tussen die jare 1913 en 1947. Om sy tekste te verstaan en literêr te plaas word die tydperk 1913 - 1947 in twee fases verdeel: die tydperk voor die eerste wêreldoorlog en die tydperk daarna. Twee hoofaspekte word bestudeer: eerstens die bekendstelling van die kunsstrominge wat Elsschot kon beïnvloed het en tweedens die ontwikkeling van die Vlaamse letterkunde en Elsschot se posisie in die tydperk.

### 5.1.1 **Kunsstrominge voor Wêreldoorlog I**

Hieronder word ingegaan op die kunsstrominge wat volgens onder andere Knuvelder sedert 1850 die geesteslewe en die rede van die Europeër beïnvloed het. Die kwessie wat die mens moes oplos, blyk telkens te wees of die mens rasioneel of instinktief handel. Beide kwaliteite is altyd teenwoordig, maar die vraag bly watter tendens oorheers op 'n spesifieke tyd.

Die Realisme het reeds die Tagtigers beïnvloed. In die realisme word die drang na die waarheid en werklikheid soos die outeur dit via sy sintuie ervaar, vervat. Dit gebeur sonder dat maatskaplike, godsdienstige of literêre konvensies daarin 'n

beduidende rol speel. Multatuli put uit dié bron met sy sedelike gevoelens. Soos reeds genoem, het Elsschot by Multatuli geleer, want Elsschot se styl word meestal as realisties beskryf. (Knuvelder, 1976: v.4,5)

Die Naturalisme is weer 'n verskyningsvorm van die rede en het veral die prosa beïnvloed. Hiervolgens kan slegs die ervaring van 'n saak 'n bron van kennis wees. Die naturalisme vervloei in twee aspekte naamlik die materialisme en die positivisme. Materialisme ontken die bestaan van geestesgoed in die mens en sê dat slegs materie bestaan. Dit ontken die mens se vrye wil en verklaar dat die mens se lot reeds deur die materialisme bepaal is. Elsschot onderskryf van die idees van die materialisme in sy oeuvre aangesien die sakewêreld op verskeie plekke verhef word as enigste sinvolle manier van bestaan.

Die Positivisme beveg alle metafisika en erken slegs die sinnelike, waarneembare en positiewe feitelikhede. Met behulp van die natuurwetenskap kom die konklusie van die neëntiende eeu dat die mens die produk is van erflikheid, omgewing en opvoeding. 'n Naturalis is dus iemand wat die natuur, die mens en die samelewing waarneem en dit dan beskryf volgens 'n bepaalde sisteem soos in die natuurwetenskap. Die skrywers soos Buffon en Breton wou wetenskaplik verantwoord wees. Hulle het graag figure uit die laer klas beskryf aangesien die faktore soos erflikheid, omgewing en opvoeding daar duideliker na vore kan kom as by die beheerste "hoër" klasse. (Knuvelder, 1976: v.4, 10) Elsschot het in sy inleiding tot <u>Kaas</u> by Buffon aangesluit en erkenning gegee aan die veërtiende eeuse idees dat die styl die produk is van wat die mens in sy wese is.

Die Impressionisme het eerste tot uiting gekom in die skilderkuns, maar was spoedig teenwoordig in die skryfkuns van Emants, Couperus, Teirlinck en andere. Pol de Mont, die letterkunde onderwyser van Elsschot, se werk is ook deur die impressionisme beïnvloed. Pol de Mont het volgens Elsschot self, 'n enorme invloed op hom en sy skryfkuns gehad. Hy het Elsschot aangemoedig om die werke van die Tagtigers en die vernuwers te begin lees.

Die impressionis weergee die werklikheid soos wat dit vir hom lyk op 'n gegewe tydstip. Dit is dus die subjektiewe weergawe van iets deur die kunstenaar. Wat waargeneem word, kan los van enige samehang of konteks, met 'n toevalligheid, gesien of beskryf word. Die samebindende faktor in die impressionisme is stemming. Nie werklikheid nie, maar die fantasie van die werklikheid speel 'n rol. Elsschot beweer self dat dit nie in sy skryfkuns die geval is nie.

Die stroming wat chronologies volg, naamlik die Sensitivisme, wat in die werk van Van Deyssel na vore tree, het as uiting, die sensasie, wat volg op die geïntensiveerde impressie. Dit gaan in die sensasie om uiters individuele gevoelens en gewaarwordinge. Die rede daarvoor is dat die werklikheid as bysaak gereken word. Die ervaring is so intens en persoonlik dat niemand dit kan meevoel nie. Dis byna die voorstadium van waansin, maar tog die mooiste en hoogste waartoe die mens in staat is. (Knuvelder, 1976: v.4, 12)

Simbolisme word aanvanklik in die skilderkuns van Van Gogh, Cezanne en Gauguin sigbaar. Hiervolgens word die werklikheid in sy wese deurgrond en herskep deur die eie gees en psigiese vervoering van die kunstenaar. Dis nie empiries nie, maar

emosioneel, want die verbeelding en die sinnelewe word opgeroep. Simboliste is inwendige lewendes, vasgevang deur hul gemoedsgesteldheid. Dit handel oor die konflik van die mikrokosmos in die mens en die makrokosmos waarin hy staan. Die onbewuste, onderbewuste, irrasionele, die mistiek en verborgenhede wat in die mens bestaan, word hierin vervat. Vir die simbolis word wat hy buite hom waarneem uiteindelik simbool van sy innerlike werklikheid. (Knuvelder, 1976: v. 4, 23) Elsschot kontrasteer dikwels 'n saak se belangrikheid in die wêreld met die belangrikheid wat dit vir die karakter op 'n gegewe tyd en konteks het.

Met die Nieuwe Kunst (Jugendstil, Art Nouveau) word bedoel die stroming met as inhoud die eie konsep van 'n nuwe kunssinnig geordende wêreld. Dit was 'n reaksie op die voorafgaande strominge. Dit ontplooi in twee pole naamlik die dekadensie en die vitalisme. Met eersgenoemde word bedoel die verswelging in sinsgenot en met die vitalisme word bedoel lewensverheerliking. In die stroming word die lewe self die belangrikste. Wat Elsschot betref val dit op dat in Een ontgoocheling, Lijmen, Het Been en Tsjip daar altyd sprake is van lewensgenietinge in kroeë van swak reputasie en dat dit 'n uitkomkans is vir die burgerlike, huislike en voorspelbare bestaan.

Die neoromantiek kom as 'n invloed uit die buiteland na België. Dit is deur kunstenaars gebruik en toegepas sonder om dit regtig te verstaan. Dié kunsstroming word uit die gees gedirigeer. Mondriaan, die latere kubis, was die eerste vernuwer op die gebied. Bordewijk beeld in sy boeke Blokken, Knorrende Beesten en Bint deur woorde dieselfde bloudrukke oor 'n toekomstige samelewing as Mondriaan in sy kunswerke uit. (Goedegebuure, 1992: 40) Hierna het die Eerste

Wêreldoorlog uitgebreek wat al die ontwikkelende strominge soos die Futurisme en Ekspressionisme onderbreek het.

Elsschot debuteer in 1913 met Villa des Roses; net 'n jaar voor die eerste Wêreldoorlog uitgebreek het (1914-1918). Hierin was die alledaagse verhaalmateriaal, die saaklike styl en gebrek aan woordskildering reeds tekens daarvan dat die nuwe saaklikheid ook Elsschot beïnvloed het.

Aangesien Elsschot deur die groot aanhangers van die nuwe saaklikheid, die Forumgroep herontdek is, val Elsschot se oeuvre beslis in die styl van die nuwe kunsrigting. In Lijmen en Kaas en andere word die alledaagse werklikhede en die stryd op ekonomiese oorlewing tussen die wêreldoorloë sonder mooiskrywery beskryf. (Goedegebuure, 1992: 103) Elsschot kan volgens Van der Elst et al. (1988: 364) getipeer word as karakteristieke verteenwoordiger van die nuwe saaklikheid aangesien die outobiografiese basis van sy werke, die nugter verteltrant en die skeptiese dog deernisvolle lewensuitsig die standpunt ondersteun.

### 5.1.2 **Kunsstrominge na Wêreldoorlog I**

Die tweede fase van die kunsstrominge wat bekyk sal word, is die tydperk na die eerste Wêreldoorlog. Die gevolge van dié oorlog was omvangryk. Dit het alle bestaande orde en fasette van lewe omgekeer. Die Christendom en humanisme is bevraagteken. 'n Verdere ondermyning van die burgerlike kultuur van sekerhede het gevolg. Die oorlog het voorts die optimisme ontmasker, die wetenskap en tegniek is

bevorder, en die samelewing het al hoe meer bewus geword van die regte van die arbeider. Demokrasie het ontwikkel deurdat stemreg uitgebrei is, onder andere ook na vroue. Die anti-demokratiese bewegings soos die Bolsjewisme, Fascisme en Nazisme het in Europa na die oorlog sterk gevestig geraak. Op kunsgebied het nuwe strominge hul invloed laat geld. Dit is noodsaaklik, want met 'n oorlog is almal verward ten opsigte van kuns. Tog moet die kuns die spanninge in die samelewing weergee. Die estetiese in die kuns word na die oorlog afgekeur. Nuwe sleutelwoorde vir die kuns is gebruik. Woorde soos kosmies, spontaan en universeel. Kunstenaars moes besluit of hul in 'n ivoortoring gaan opereer of deel sou wees van die samelewing. (Wolfswinkel, 1989:Lesing)

In Nederland, tot 'n mindere mate aangesien hy buite die oorlog gebly het, maar veral in België het die nuwe kunsstrominge soos die ekspressionisme, dadaïsme, futurisme en surrealisme na die oorlog 'n baie sterk beslag in die kunste en veral in die letterkunde gekry.

Tydskrifte soos De Stijl en Het Getij het sedert 1917 stof gepubliseer wat gestaan het in die lig van die nuwe strominge. Skrywers wat daarin gepubliseer het, het hul verset teen die tradisionalisme. Hulle was gekant teen die liriek in die kuns van voor die oorlog, waarin daar uiting gegee word aan gevoelens. Die kuns was toenmalig nie meer verstaanbaar nie. Willem Kloos kon byna nog net deur homself verstaan word, is deur kritici gehuldig. Greshoff het in 1942 gepraat van Kloos se ***"ziekelijke zelfoverschatting,"*** sy ***"verbijsterende gebrek aan zedelijk verantwoordelijkheidsgevoel"*** en van sy letterkundige onbetroubaarheid. Van Eeden (1860-1932) het ook nie met Kloos se kriteria vir die letterkunde saamgestem

nie. Kloos huldig kuns as ***"de aller-individueelste expressie van de aller-individueelste emotie"***. (Van der Elst et al. 1988:267) Kuns moes terug na eenvoud en na die begin. Weg van die romantiek en impressionisme van voor die oorlog. Die krom lyn was in die kuns uitgedien. Kunstenaars wou strak lyne en elementêre vorme soos die kubis en basiese kleure soos rooi, geel en blou gebruik.

Nederland en Switserland was toevlugsoorde vir kunstenaars in die oorlogjare (1914-1918). By 'n internasionale kunstenaarskongres in 1916 in Zürich, Switserland is 'n nuwe stroming begin, naamlik die Dadaïsme.

Die Dadaïsme is beskou as 'n geestestoestand wat 'n walging ingehou het vir die samelewing wat verantwoordelik was vir die skrikaanjaende verwoesting van menselewens tydens die oorlog (Van der Elst et al. 1988:438). Die herkoms van die woord dadaïsme, is onbekend, hoewel 'n populêre verklaring was dat die klank daarvan heenwys na die eerste woorde van 'n baba - Vinkenoog noem die dadaïsme die profesie van niks. Hulle wou alle tradisies van God, die samelewing, die rede en kortom alle bestaande kuns en norme omverwerp en by 'n nulpunt begin. Die Dadaïsme het benewens by enkele aanhangers soos Theo van Doesburg en sy vriende, eers na die Tweede Wêreldoorlog in Nederland posgevat. Die bekendste Dadaïs was die Fransman André Breton en hy het ook die dood van Dada aangedui in 1924 en 'n nuwe kunsrigting ingelei naamlik die surrealisme. (Van der Elst et al. 1988:439) Dit sou miskien nie vergesog wees om Elsschot by die dadaïsme te betrek nie, aangesien hy sterk pleidooie gelewer het vir die bevraagtekening van die burgerlike sekerhede en godsdiens.

Die Surrealisme se gemene deler met die dadaïsme is sy anti-tradisionalisme en sy toespitsing op die maakproses van die kunswerk. G Appollinaire (1880-1918) het die voortou geneem om die leser ook sy visuele en ouditiewe vermoëns te laat inspan tydens die lees van die kunswerk. Die surrealistiese kuns is gekant teen die logika, die religie, die moraal en die gesin. Dit is beïnvloed deur die verskyning van S Freud (1856-1939) se Inleiding tot die Psigoanalise. Hiervolgens was die kuns 'n outomatiese, impulsiewe weergawe van wat in die onbewuste en onderbewuste van die mens leef. Die kinderkuns en die werk van die geestessiekes word deur die surrealiste beskou as suiwer onbedorwe kuns. 'n Belangrike verskynsel in die surrealistiese kuns is die neiging om verbande te lê tussen dinge wat wesenlik van mekaar verskil. Kunsrigtings soos die skryf- en skilderkuns word in die surrealisme vermeng. Die feit dat in 'n droom teenstrydige dinge met mekaar versoen kan word, maak dit moontlik in die kunswerk. Surrealisme pleit vir die vry wees van die mens. Die mens wil doen wat hy wil en nie 'n rol speel nie, sê Breton, die opsteller van die surrealistiese manifes. Elsschot het hierby aangesluit in soverre hy nie die rolle wat mense speel kon duld nie. Die rede en logika lê die mens 'n dwang op en dit maak die mens onvry. Dit ondermyn die verbeelding. Die onbewuste is nog vry. Die kuns vervul 'n bevrydende funksie as dit die skeiding tussen droom en realiteit wegneem. Die kunstenaar word op dié wyse vertolker van die vermenging van droom en realiteit. Die Surrealisme groei byna tot 'n irrasionele religie, wat breek met die logika. Binne hierdie kunsstroming groei die mistiek, die oosterse godsdienste, die spiritisme en reïnkarnasie. Die Surrealisme bevraagteken die grense tussen die artistieke en nie-artistieke uitdrukking van taal. In die opsig sluit Elsschot aan by die idee dat die gewone gebruikstaal as die geskrewe taal gebruik kan en moet word. (Goedegebuure, 1992: 105)

Die volgende stroming uit die tydperk wat belig word, is die Futurisme. Die beeldhouer Filipo Marinetti skryf die futuristiese manifes. In die manifes word gebreek met alle tradisionalisme. Alles wat was, word as lelik beskou en alles wat kom, as mooi. Alle kunsskatte en museums moet verkoop word en daar moet liewer 'n vloot vir oorlog verkry word. Dit is nodig vir toekomstige oorloë en maak deel uit van 'n toekomsvisie. Manlike waardes soos jag, stiergevegte en oorlog word verheerlik en teenoor die sogenaamde sagte kragte gestel. Oorlog word gestel as enigste suiwering ter wêreld. Die vrou is geminag. Die futurisme se toekomsgerigtheid sluit aan by die ontwikkeling van die moderne tegnologie. Metaalbrûe, treine, trams en rokende fabrieke sou die oudhede en tradisies moes vervang om vooruitgang te bring. (Van der Elst et al. 1988: 438)

Die Futurisme het ook buite die kuns en kultuur groot invloed gehad. Veral in die handel, ekonomie en politiek. Marinetti het byvoorbeeld by Mussollini aangesluit rondom die fascisme. Marinetti is nie noodwendig 'n fascis nie, maar word deur Mussolini tot sy eie voordeel uitgebuit; soos hy ook Nietsche sou inspan tot sy voordeel. In Nederland het die futurisme as invloed 'n groot effek gehad op die filmbedryf van die twintigerjare. Menno ter Braak het in 1929 die Filmliga opgerig. In "Metropolis", die Duitse film van Fritz Lang kom verskeie futuristiese tendense na vore. Beelde van die groot stad, stasies, paaie, hotels en warehouses was vir die eerste keer op die silwerdoek te sien. Berlyn, wat die model vir die film was, was dié grootstad van die twintigerjare. Dit was daar waar die satires van Brecht en andere ontstaan het. (Wolfswinkel, 1989: Lesing) Elsschot se verhale wat in die sakewêreld afspeel het ook 'n stedelike ruimte as agtergrond waar fabrieke, hawens

en besighede voorkom. Op die wyse is Elsschot tog beïnvloed deur die nuwe gedagtes. In Het Tankschip koop Jacky Peeters 'n splinternuwe vinnige motor waarmee hy in België rondjaag. Almal moet skik om die behoefte aan krag en spoed by Peeters te bevredig. Elsschot sluit by die futurisme aan as hy in Het Tankschip ook die oorlog beskryf wat vir Peeters wins in die sak sou bring. Daar is geen gevoelskant of droom vir 'n beter wêreld teenwoordig nie, alleen maar die werklikheid van die oorlog word verheerlik. Vergelyk die slotreël van Het Tankschip:
***"Op de oorlog, Frans, want oorlog is een zegening. En het kapitalisme heeft toch zijn goede kant, is't waar of niet?"*** (Elsschot, 1957: 687)

Die Ekspressionisme is moeilik om te definieer. Postma (1977:259) sê dat bladsye aanhalings die stelling kan onderskryf. Daar is 'n gemene deler wat aandui, dat die werklikheid wat slegs skyn blyk te wees, verwerp word en dat die geestelike realiteit vooropgestel word. Die innerlike van die kunstenaar word geprojekteer op die buitewêreld. Met die impressionisme word die buite ervaring na binne gebring teenoor die Ekspressionisme waar die binne ervaring na buite gebring word.

Die Ekspressionisme kom op verskeie maniere tot uiting in die literatuur. Die psigologiese konstruksie van die mens word beskryf. Daar is 'n sterk proteshouding teen die samelewing, veral die oorheersende burgerlike, liberale en kapitalistiese inslag daarvan. 'n Nuwe ervaring van naderende onheil of katastrofe word in die literatuur opgeteken. "Menschheits- of Götterdammening" dui daarop dat daar 'n menseskemer wag waarin die mens sy ondergang tegemoet gaan. Woede en wanhoop is opgeneem in die stroming in die literatuur. Alle hoop word gevestig op die nuwe mens: Die mens wat lewe in harmonie met homself en sy medemens.

H Marsman (1899 - 1940), wat sterk onder die invloed van die ekspressionisme was het homself uitgedruk binne die vitalisme. Die fokus was hierin op die lewe en die uitleef daarvan. Anders was dit nie die moeite werd om te lewe nie. As gevolg daarvan is daar by implikasie 'n "doodsverlange" by die vitalis. In 1929-1931 was Marsman redakteur van die Vrije Bladen en spoor hy jonges aan tot die vitalisme. Dit misluk en hy onttrek hom van die literêre wêreld. Hy het in 1940 gesterf, toe die skip waarmee hy op weg was na Suid-Afrika naby Engeland getorpedeer was. Elsschot wat ook die burgerlike samelewing van sekerhede bevraagteken het en die stad as milieu van sy verhale gebruik het, het in teenstelling met Marsman nie die einde of katastrofe verwag nie. Hy glo in die mensdom en in sy vermoëns om 'n bestel daar te stel wat almal gelyke kanse sal gee.

Ag tekste van Elsschot het in die tydperk tussen die twee Wêreldoorloë verskyn. Twee het tydens die Tweede Wêreldoorlog verskyn en een het daarna verskyn. Hoewel Elsschot nooit voltyds geskryf het nie en eintlik as sakeman gewerk het, kon hy die strominge as deel van die tydsgees waarin hy geskryf, nie heeltemal ontsnap nie. Die hardheid, strakheid en nugterheid van Elsschot se styl dien as bewys hiervan. Hy beeld byvoorbeeld sy karakters saaklik uit soos wat hul in die harde menslike bestaan voorkom soos ook Bordewijk dit gedoen het in Bint vir die skoolmilieu! Die anti-held, Laarmans wat die slagoffer is van sy eie innerlike beperkinge, teenstrydighede, sy banale lewenswandel en bekrompenheid, word uitgebeeld met die teleurstellings wat hy in sy sleurbestaan beleef. Die gebroke huwelik van sy dogter Adele in Tsjip word beskryf soos dit is en in Kaas en Lijmen word Laarmans se mislukte pogings om uit sy burgerlike bestaan te ontsnap strak beskryf. (Du Puis, 1993: 649)

### 5.1.3 **Elsschot en die Vlaamse letterkunde**

Die ontwikkeling van die Vlaamse letterkunde vanaf 1913-1947 en Elsschot se plek in die ontwikkeling sal nou verduidelik word:

Tussen die twee Wêreldoorloë was daar twee tendense teenwoordig in die Vlaamse letterkunde. Eerstens was daar die boereroman van Timmermans, Claes en andere wat populêr was by die leserspubliek en wat nie gou aansien sou verloor nie. Dit was streekskuns vasgevang in kleinrealisme. Die moderne mens met sy intellektuele bekommernisse en kulturele bagasie kom selde ter sprake in dié tipe kuns.

Die tweede groep, wat sedert 1930 skryf, sluit skrywers soos Roelants en Walschap in. Hulle verset hulle teen die tradisionele streekroman. Nuwe tendense soos die sielkunde, morele- en sosiale probleme van die tyd het die skryfkuns beïnvloed. Die Vlaamse tijdschrift, Van Nu en Straks, het gepoog om die Vlaamse kuns by die Europese geestes- en kunsstrominge in te skakel. Klem is gelê op die rol wat die rede, kultuur, sielkunde en maatskaplike invloede op die skryfkuns gehad het. Die stadslewe word vir die eerste keer beskryf in die werke van De Bom, Teirlink en later Elsschot. Dit was 'n wegbreek van die streeksroman.

Totdat Elsschot in 1913 debuteer met Villa des Roses, het die Tagtigers vir die grootste gedeelte van die neëntiende eeu die prosa van Nederland en België oorheers. Die Tagtigers op hul beurt, is beïnvloed deur die verbetering van die

Nederlandse ekonomie in die sewentigerjare van die neëntiende eeu en dié verbeterde lewensomstandighede het hoop en verwagting vir die samelewing geskep. Op die gebied van die kunste, het die naturalisme en die impressionisme die konservatiewe godsdienstige en burgerlike kunsopvattings beïnvloed. Mooiskrywery en verbeeldingsvlugte was tipiese temas van bekende Tagtigers soos Perk, Kloos, Gorter en Van Eeden. Skryf was vir die Tagtigers 'n passie en hul was van mening dat die onderwerp waaroor hul skryf veel belangriker was as die skrywer self. (Van der Elst et al. 1988:279)

Die reaksie op Elsschot se styl was een van ontsetting en verskrikking onder die burgerlikes van sy tyd. Sy naakte en nugter styl was so anders as die konvensies van sy tydgenote. Hy breek met die bestaande literêre tradisies deur die gebruik van sober taal wat gestroop was van oortollige woorde of tierlantyntjies. Sy skryfstyl sny skoon en oop tot op die been van 'n saak. Hy bied oorbluffend direkte weergawes van gebeurtenisse aan. Die oorgrote katolieke Vlaandere was glad nie bereid om kritiek te lewer teen die bestaande etiese en godsdienstige norme wat deur Elsschot aangeval is nie. (Du Puis, 1993: 648)

Dié literêre evolusie toon volgens Ton Anbeek 'n verband met die veranderende maatskaplike omstandighede in Europa. Hy voer ook aan dat Elsschot se werk 'n reaksie was op die ou patrone en dat hy sodoende vernuwing bring in die Vlaamse prosa. (Anbeek, 1984: 5)

In Vlaandere het met die eeuwisseling van 19e na 20ste eeu 'n literêre tydskrif bestaan met die titel Van Nu en Straks. Dit het die fokuspunt gevorm van die vernuwing in Vlaandere op talle kunsgebiede soos die skilderkuns, beeldhoukuns, argitektuur, letterkunde en musiek. Die vernuwing was onder andere die gevolg van Brussel se kontak met ander Europese lande. In kunskringe is die nuwe tendense in kuns, kultuur en politiek (art nouveau, simbolisme en anargisme) bespreek. (Van der Elst et al. 1988: 297) Die Vlaamse beweging waaroor Vermeylen baie skryf, wou België verlos van sy streeksgebondenheid, boertige kuns en hy wou die kuns oopmaak vir buitelandse invloede. Daarom die tydskrif Van Nu (kuns van nou) en Straks (wat nog mag kom) soos De Nieuwe Gids met die oorgang van Tagtigers na Negentigers, in Nederland, 'n forum wou wees vir veel meer as letterkunde, wou Van Nu en Straks die isolasie van die kunstenaar in Vlaandere deurbreek, die anargisme bespreek en het hul gedroom van 'n internasionale erkende Vlaamse kultuur.

Die vernuwing in die kuns het klem gelê op die invloed wat die rede, kultuur, die sielkunde en maatskaplike toestande op die letterkunde gehad het. Die Ekspressionisme het 'n verdere bydrae gelewer tot die vernuwing en verinnerliking wat die Vlaamse roman ondergaan het. Groter sorg is bestee aan die funksionaliteit van die verhaalkomponente. Een tema wat die grondslag gevorm het van die hele verhaal, vervang die impressionistiese natuur - of milieubeskrywings van die outeurs van die boereroman. (Van der Elst et al. 1988: 298)

Elsschot se letterkunde-onderwyser aan die Athenaeum, Pol de Mont, het hom beïnvloed met die vernuwing, hoewel hyself (De Mont) onder die indruk was van die retoriese en romantiese tradisie van PC Boutens uit die Noorde (Nederland) en Karel

van de Woestijne uit die Suide (Vlaandere). Elsschot is in die vernuwing gevolg deur Roelants, Walschap, Gilliam en De Pillecijn. Karakterisering het deur die uitingsvorme van karakterpsiges na vore gekom. Die persoonlikhede en handelinge van die karakters het as belangrikste temas van die roman na vore getree. Die denkende en handelende individu met sy maatskaplike ideale tree by Elsschot, Zielens en Matthijs as die fokus van die romankuns op. Die mens stel hom as non-konformis teenoor die samelewing. Die romanhelde van Elsschot kom wel in opstand teen die verstikkende sleur van die burgerlikheid, maar versoen hul ongelukkig met hul beperktheid. (Van der Elst et al, 1988: 366)Op die wyse kom daar dan nie vernuwende idees na vore nie; Laarmans in Lijmen is 'n prototipe van die burgerman wat die produk is van die skeefgetrekte kultuur waarin hy hom bevind. (Du Puis, 1993: 656)

Wat opval in die Vlaamse letterkunde is dat die psigo-analise en die seksuele toe nog nie ingang daarin gevind het nie. Die gemene deler by al die Vlaamse skrywers is die gebruik van die realisme. Die realisme impliseer 'n aanvaarding van 'n gangbare wêreld- en lewensbeskouing. (Rutten, 1988: 448)

Elsschot pas nie werklik by bogenoemde oorsig in nie. Hiervan is die reaksie op sy eerste tekste soos Villa des Roses en Lijmen 'n bewys. Dit het byna ongesiens by die literêre kritici verbygegaan omdat hy so anders as sy tydgenote geskryf het. Dit was eers die Nederlandse Forumgroep wat hom as hul voorloper erken het, en wat aan hom erkenning besorg het.

## 5.1.4 **Elsschot en Forum**

Op versoek van Doeke Zijlstra, 'n direkteur van die uitgewersfirma Nijgh en Van Ditmar in Rotterdam, stig M Roelants, M ter Braak en E du Perron die tydskrif Forum op 11 November 1931. Roelants was 'n Vlaming terwyl Ter Braak en Du Perron Nederlanders was. Roelants se betrokkenheid by Forum was belangrik omdat die Nederlandse Letterkunde op die wyse 'n saaklike basis in Vlaandere sou hê.

### 5.1.4.1 Vorm of Vent?

Forum oftewel Het Maandschrift voor Letteren en Kunst was ten gunste van die kreatiewe mens agter die poësie en teen die verafgoding van die vorm in die poësie. Volgens hulle was die persoonlikheid van die kunstenaar die finale maatstaf by die beoordeling van 'n kunswerk. Nog 'n missie van Forum was, dat die Vlaamse en Noord-Nederlandse literatuur prakties moes saamwerk. Daarom was Elsschot vir hul belangrik want op dié wyse kon hul missie tot uiting kom.

Forum was die spreekbuis van 'n groep nuwe skrywers se idees en literêre aktiwiteite. Die redakteur Ter Braak en sy boesemvriend Du Perron het die prioriteit van die intellek, die belangrikheid van individuele reaksie op kulturele en politieke gebeure en die vooropstelling van die skrywerspersoonlikheid ("vent") bo die artistieke struktuur ("vorm") geplaas. Die kunsbeskouing moes dus vorm of vent wees. Forum het "vent" verkies. Die dertigerjare in Europa was gekenmerk deur ontwikkelings in uiteenlopende faktore soos die ekonomiese depressie, die opkoms

van die film as toenemend belangrike kunsmedium, die modernistiese argitektuur wat die estetiese en esoteriese kuns verdryf het en gefokus het op die nuwe saaklikheid. In die romankuns tree 'n nuwe, nugtere, kortaf styl as gevolg van bogenoemde faktore na vore. Die eerste werklike vernuwende prosaïs was F Bordewijk (1884 - 1965). Sy romans Blokken (1931), Knorrende beesten (1933) en Bint (1934) toon die tematiese, saaklike en verhaaltegniese vernuwing. Elsschot se styl het by Forum s'n aangesluit, hoewel hy al veel vroeër gedebutteer het (Van der Elst et al. 1988:361).

#### 5.1.4.2 Outobiografiese inslag versus Forum

Die outobiografiese inslag in die oeuvre van Elsschot is nog 'n faset wat tuishoort by Forum. Veral by Du Perron en Ter Braak. Daar sou gesê kon word dat Forum in die tydperk 1930 - 1940 alle groot kunstenaars in Nederland by homself betrek het. Die impak van Forum was grootliks in dié jare toegespits op die novelle en literêre kritiek en in 'n mindere mate op die poësie. Tog is digters soos Greshoff, Slauerhoff, Marsman, Vestdijk en andere se werke later bekyk. (Rutten, 1988:403)

#### 5.1.4.3 Elsschot se styl versus die styl van Forum

Hoewel Roelants deel was van die redaksie van Forum, was Willem Elsschot en sy werk baie nader aan die kultuur en missiestelling van Forum. Hy was nooit op die redaksie van Forum nie. Hy wou hom nooit verbind tot 'n groep nie. Greshoff het Elsschot se afwesigheid op die redaksie as volg beskryf:

***"de harde maar bonte waarachtigheid van het gewone leven verkoos hij immer***

***boven de wezenloze bereddering van de letterkundige kringen."*** (Brugsma, 1974: 63)

Hy was egter baie verskuldig aan die Forumredakteure, aangesien hulle hom en sy werk baie aansien gegee het. Villa des Roses (1913) en Lijmen (1924) se droë, humoristiese, strak en siniese styl het goed ingepas by die vormeise van Forum. Daar was nie retoriek, volgens die Vlaamse literêre tradisie, in Elsschot se tekste teenwoordig nie. Hy het nie karakteranalises in sy tekse gedoen soos Roelants en ander nie. In sy werke was daar eerder 'n verteller aanwesig wat sy karakters hulself met woord en daad laat karakteriseer het. Vergelyk die Laarmans en Boorman karakters wat in verskeie tekste van Elsschot voorkom.

Die gedigte wat Elsschot in 1910 geskryf het, is in 1931 in die eerste volume van Forum gepubliseer as Verzen van Vroeger. Dit het goed gepas by die nugter, saaklike styl van die veel jonger skrywers van Forum. Elsschot self wou weer skryf. Hy ervaar (volgens De Jong en Groot) 'n swartgalligheid omdat hy nie kon skryf nie. Skryf was vir hom die vervanging van geloof. (De Jong & Groot, 1974:66)

Dit was veral Jan Greshoff wat Willem Elsschot gered het van 'n lang periode van stilswye. Na Lijmen, wat in 1924 verskyn het, het Greshoff se entoesiasme daartoe aanleiding gegee dat Elsschot in 1932 binne twee weke die kort novelle Kaas geskryf het. Dit is gepubliseer in Forum se tweede publikasie. Kaas het sodoende Elsschot se mees gelese boek geword. Kaas het in sy inleiding 'n tipe manifes van Forum bevat. (Langen, 1982: 22) Forum het die skrywer verhef as grootste invloed op 'n kunswerk. Elsschot skryf in Kaas se inleiding dat die mens se gemoedstoestand die kunswerk wat hy skep, bepaal. (Elsschot, 1957: 416) Hy

onderskryf op die wyse dus die ideale van Forum.

Tekste oor die sakewêreld was tussen die twee Wêreldoorloë baie skaars in beide België en Nederland. Elsschot se Lijmen, Kaas en die volgende boek, Het Been, speel almal in die sakewêreld af. Hoewel sy latere werke, behalwe Het Tankschip, nie meer in die sakemilieu afspeel nie, het Elsschot sy naakte, tersaaklike en saaklike styl gehandhaaf. Forum het as gevolg hiervan by hom aanklank gevind. Die feit dat verhale uit die sakemilieu ook vir Forum nuut was, het Elsschot en Forum sterker aanmekaar gebind. Elsschot het sodoende gebreek met die stereotipe Vlaamse verhaalkuns van die tyd, naamlik die streek- en boereroman. (Meijer, 1971:337)

### 5.1.4.4 Moralisme

Die skrywers wat by Forum ingeskakel was, was merendeels moraliste. Weliswaar nie moraliste wie se norms met die samelewing s'n saamgesmelt het nie; hulle was egter altyd besig om die bestaande norms te bevraagteken en sodoende 'n nuwe sedeles aan die leser te gee.

Elsschot was nie, soos Roelants en ander, 'n moralis nie. Hy was uitgesproke oor wat hy van die kapitalistiese Boormankarakter uit Lijmen en Het Been gedink het, maar het nooit stelling teen hom ingeneem en dit beskryf nie. Hy het dit oop gelaat vir die leser om dit self te interpreteer as hy sou wou. Dit was nie vir Elsschot belangrik dat die leser noodwendig kant moes kies in sy werke nie. Hulle hoef nie te bepaal wat is goed en wat is sleg nie. Elsschot se pessimisme oor die lewe het

deurgeskemer in sy werke, maar hy het dit telkens getemper deur die aanwending van humor. Hy het dus wat moraliteit betref ook aangesluit by die Forum idees.

5.1.4.5 Forum en samelewing

Ter Braak en Du Perron was voortdurend in Forum besig met hul verhouding tot die samelewing. Hulle pessimistiese wêreld- en lewensbeskouing was die gevolg van wat hul in die samelewing ervaar het. Elsschot het vir hul as model gedien aangesien hy die lewe ook beleef het soos hulle en dit deur sy skryfstyl besweer het. Op dié wyse het Elsschot vir hul as model gedien. As teenvoeter vir al die pessimisme, staan die passie waarmee hul dit verdedig het waarin hul geglo het. Na die oorlog in 1945, het moralisering in verhale afgeneem. Skrywers was nog steeds geïnteresseerd in die sielkunde van menswees, maar het nou ook gefokus op verteenwoordiging op politieke gebied.

Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het die Nazi's die letterkunde probeer beheer en het hul in 1942 'n Kultuurkamer gestig. Alle skrywers wat wou publiseer moes lid wees daarvan. So wou hul die nasionaal-sosialisme bevorder. Onnodig is dit om te meld, dat geen literêre werk van waarde tydens die oorlog geskryf is nie. Beide Du Perron en Ter Braak het in 1940 aan die begin van die oorlog gesterf.

Elsschot se laaste boek, Het Dwaallicht het een jaar na die oorlog verskyn in 1946. In die boek soek hy na 'n antwoord vir die sin van die lewe en kom tot die gevolgtrekking dat dit maar 'n dwaallig is waarna ons soek; dat daar nie noodwendig antwoorde op al die lewensvrae is nie. (Meijer, 1971:336)

Die invloed van die Forumstyl bly in die na-oorlogse prosa sterk aanwesig. Die saaklike aanslag en die afwysing van mooiskrywery of uitvoerige beskrywings sou steeds die wesenskenmerke van die vertelwyse wees. Die sterk anti-fascistiese instelling en die algemene politiekgerigte aard van die Forumskrywers het na die oorlog sterk in die prosa aanwesig gebly.

Forum het in 1935 ontbind en het daarna in 'n Noord en Suid Forum verdeel. (Van der Elst et al. 1988: 361) Die ontbinding was die gevolg van verskille tussen redaksielede uit die twee groepe oor die bespreekbaarheid van sekere temas in die literatuur en verskillende lewenshoudings oor godsdiens en sosiale sake. (Du Puis, 1993: 652)

In 'n onderhoud met Ferdinand Langen het Elsschot verklaar dat hy hom nooit aangetrokke gevoel het tot 'n groep nie, ook nie tot Forum nie. Hy was slegs aan Greshoff dank verskuldig dat hy hom weer aan die skryf gekry het en dat hy tien jaar na Lijmen, in 1933 Kaas kon publiseer. (Langen, 1982: 22)

# HOOFSTUK 6

## 6.1 DIE SAKEWêRELD IN DIE GESKIEDENIS

Hoofstuk 3 het gefokus op die aard van Elsschot se sakewêreld, hoofstuk 4 op watter tegnieke hy gebruik het om die sakewêreld voor te stel en hoofstuk 5 het die literêre agtergrond geskets. Hoofstuk 6 wil besig wees met Elsschot se motiewe om die sakewêreld kapitalisties voor te stel, maar tog subtiele pleidooie te lewer vir 'n mensliker stelsel. Daartoe sal die historiese, ekonomiese en maatskaplike agtergrond in België vanaf Elsschot se geboorte in 1882 tot en met die publikasie van sy laaste boek in 1946, belig word.

In die tagtigerjare van die neëntiende eeu het die werkers vir die eerste keer in opstand gekom teen die gevestigde orde wat hul posisie misbruik het. Die politieke strominge wat Vlaandere vanaf die res van Europa binne gekom het, het sommige Vlaminge laat bewus word van hul mag en Vlaamse intellektuele wou alle minderwaardigheid en miskenning van die Vlaminge afskud. In die tydperk is die Vlaminge beskou as boertig en is hulle onderdruk deur die bourgeoisie van wie hul geheel en al ekonomies afhanklik was. Die middelklas het voorts die verfransing van België voorgestaan, wat 'n bedreiging was vir die Vlaamse taal. Die heersende middelklas het die werkers uitgebuit wat ontsettende armoede tot gevolg gehad het. Die armoede is nie net na liggaam nie, maar ook na gees gely. (Buyens, 1978: 8)

Die kerk, by name die Rooms-Katolieke kerk, het werkers valslik getroos met mooi woorde en hul aangemoedig om hul lot te dra. Die kerk het by wyse van die

dorpspastoor, die vermoë gehad om sy lidmate te veroordeel. Niemand sou dit aanvanklik dus waag om hul teen die kerk as instelling te verset nie.

In De Verlossing word die mag van die kerk via die dorpspastoor geïllustreer:

***"Hij kon straffen met de hel en lonen met de hemel, waar alles vergolden werd wat zij zo lang aan vlees en boter hadden moeten derven."*** (Elsschot, 1957: 179)

Oor die hele Europa is rondom die eeuwisseling geredetwis oor velerlei politieke strominge. Naas die sosialisme, was die anargisme populêr in sommige kringe. Anargisme was die denksisteem waarvolgens reg kan geskied in alle menslike verhoudings as die staat hom daaruit sou onttrek. Vrye assosiasie en samewerking kan dan spontaan tussen individue plaasvind. Die premis was dat die mens intrinsiek goed is en dat hy gekorrupteer is deur die ingrype van vasgestelde outoriteite. Om die samelewing dus te verander moes die staat omver gewerp word. Dit sou volgens die anargiste slegs kon gebeur deur 'n gewelddadige rewolusie. (Clough, 1950: 682)

Ander strominge soos die anti-semitisme, die zionisme en die Tolstoïsme was rondom die eeuwisseling aan die opkom. In Europa het die posisie van die vrou en die koöperatiewe beweging van die vakbonde belang gewek. Verskillende propagandamiddels is in die tyd uitgewerk: 1) die algemene werkstaking, 2) die organisasie van solidariteit en 3) die kerk het by name van Pous Leo XIII in sy Rerum Novarum die grondbeginsels van die kerk se sosiale leer bekend gemaak. (Buyens, 1978:10)

In België kom die geesdrif vir al die bevrydende idees ook na vore. Tussen 1886 en 1914 het stakings begin plaasvind en in Walenland het dit selfs bloedig verloop. Die Gentenaars het op 'n hongermars na Brussel gegaan. Die opstandige uitbarstinge is alleen getemper deur die hersiening van die grondwet. Die kiesstelsel wat gebaseer was op sensus, is vervang met die meervoudige kiesreg. Die vakbonde het al hoe sterker gevestig onder die werkersklas, en die liberaliste en die Katolieke kerk moes van toe af sterk rekening hou met 'n demokratiese beweging wat algaande sou sterker word. (Buyens, 1978: 9 - 11)

## 6.2 GESKIEDKUNDIGE AGTERGROND

Elsschot verwys telkens in sy oeuvre na historiese gebeure in België. Die effek daarvan op die sakewêreld maak 'n meer gedetailleerde oorsig oor die geskiedenis van België noodsaaklik. Aanhalings uit Elsschot se oeuvre sal gemeld word om as verwysing te dien.

### 6.2.1 **Voor Wêreldoorlog I**

Voor Wêreldoorlog I was België oorbevolk. Ag en 'n half miljoen mense het op 12 000 vierkante myl gewoon, maar het ekonomiese wonders verrig. Synde 'n praktiese en realistiese volk het hulle veral sukses behaal in die vervaardigingsindustrieë en op die gebied van vervoer. Antwerpen, Elsschot se geboortestad, was in dié tyd een van die rykste stede op die kontinent. België het baie buitelandse belange gehad, naamlik die Kongo in Afrika, die Suid-Amerikaanse elektrisiteitswerke en baie lande in Europa se tremweë was Belgies. Elsschot meld

die betrokkenheid met die Kongo in Het Tankschip:

***"Dan gaf ik dat geld nog liever aan de zwartjes in de Congo."***
(Elsschot,1957:670)

Die belangrikheid van die werkersklas en die groei in hul getalle, is aangespreek deur die mees progressiewe wetgewing in dié verband in Europa. Daar was dus voor die oorlog vooruitgang op ekonomiese en sosiale gebied in België. (Motz, 1942: 2) Dit dien as moontlike verklaring dat Elsschot se boeke Villa des Roses en Een Ontgoocheling wat voor die oorlog verskyn het "sagter temas" gehad het as daarna. Die temas het menswees sentraal geplaas asook die verhouding tot ander mense en die groter wêreld. Volgens Stuiveling was die eerste werke van Elsschot outobiografies en daarna het 'n periode van tien jaar stilswye gevolg. (Grové, 1981: 11)

### 6.2.2 Die Eerste Wêreldoorlog in België

In 1914 het Duitsland België binnegeval. Die Belgiese leër het geveg aan die ~~Yser~~ IJzer, wat gelei het tot lewensverliese en die vernietiging van dorpe en stede soos Ieper, Nieuwpoort, Menen en vele ander. Die waarde van die Belgiese frank val as gevolg daarvan. Die Duitsers het geld gedruk, sonder om dit te koppel aan die goudstandaard wat weer die vernietiging van die klein kapitaliste veroorsaak het. Vir 'n lang tyd kon die middelklas staatsamptenare nie behoorlik betaal word nie, aangesien pensioene betaal moes word aan al die oorlogslydendes. (Motz, 1942: 2)

Ten spyte van die materiële en ekonomiese skade in België het die burgerlike

die betrokkenheid met die Kongo in Het Tankschip:

***"Dan gaf ik dat geld nog liever aan de zwartjes in de Congo."***
(Elsschot,1957:670)

Die belangrikheid van die werkersklas en die groei in hul getalle, is aangespreek deur die mees progressiewe wetgewing in dié verband in Europa. Daar was dus voor die oorlog vooruitgang op ekonomiese en sosiale gebied in België. (Motz, 1942: 2) Dit dien as moontlike verklaring dat Elsschot se boeke Villa des Roses en Een Ontgoocheling wat voor die oorlog verskyn het "sagter temas" gehad het as daarna. Die temas het menswees sentraal geplaas asook die verhouding tot ander mense en die groter wêreld. Volgens Stuiveling was die eerste werke van Elsschot outobiografies en daarna het 'n periode van tien jaar stilswye gevolg. (Grové, 1981: 11)

### 6.2.2 **Die Eerste Wêreldoorlog in België**

In 1914 het Duitsland België binnegeval. Die Belgiese leër het geveg aan die IJzer, wat gelei het tot lewensverliese en die vernietiging van dorpe en stede soos Ieper, Nieuwpoort, Menen en vele ander. Die waarde van die Belgiese frank val as gevolg daarvan. Die Duitsers het geld gedruk, sonder om dit te koppel aan die goudstandaard wat weer die vernietiging van die klein kapitaliste veroorsaak het. Vir 'n lang tyd kon die middelklas staatsamptenare nie behoorlik betaal word nie, aangesien pensioene betaal moes word aan al die oorlogslydendes. (Motz, 1942: 2)

Ten spyte van die materiële en ekonomiese skade in België het die burgerlike

bevolking hulle patrioties verset teen die Duitsers. Die samehorigheid en die morele verset teen onderdrukking het daartoe gelei dat die Duitsers en die wêreld moes besef dat dié land 'n eenheid is met 'n eie politieke en historiese bestaan.

Hierdie patriotiese verset in België is gelei deur drie persone, Koning Albert I, Kardinaal Mercier en burgemeester Adolph Max. Von Bissing, die hoof van die Duitse besetting in België, wou die vaderlandsliefde van die Belge breek en wou die land verdeel in twee taalstreke: Wallonië en Vlaandere. Hy het dit gedoen deur die universiteit in Gent in 1916 slegs as 'n Vlaamse universiteit te verklaar. Op dié wyse sou hy die guns van die militante Vlaminge wen. Sy doel was om België se ekonomiese mag in Europa vir altyd te verbreek. Na die Duitse besetting moes daar onder die Belge onderlinge verdeeldheid wees en daar moes 'n staat van verwarring heers. Hy wou die werk van die 1830 liberale rewolusie ongedaan maak wat België as 'n onafhanklike staat erken het.

Generaal Von Bissing het België regeer volgens 'n diktatorskap gegrond op militêre mag. Hy het volgehou om die land te verdeel deur die Vlaamse komitee, (Conseil des Flandres) bestaande uit onderwysers en semi-intellektuele te stig. Dr Auguste Borms was hul leier. Hy wou 'n Vlaamse gendarmerie oprig om die Belgiese verraaiers te beskerm teen die gereelde aanvalle van Vlaamse patriotte. Die Duitsers het geweier, maar het wel skuiling en hoë poste aan Belgiese verraaiers gebied. (Motz, 1942: 5)

Die slegste aspek van die Duitse besetting tydens Wêreldoorlog I was die ekonomiese uitbuiting van die land. In 1916, as gevolg van die groothandel

rekwisisies, was die land beroof van alle voedselvoorrade en rou materiale. Buitelandse markte was gesluit, vervoer lamgelê, en sake het tot 'n stilstand gekom. Hongersnood in die stede is slegs verhoed, as gevolg van die ingrype van die Commission for Relief onder leiding van Amerika. Hy het verlof van Britse en Duitse owerhede gekry om voedsel deur Rotterdam in België in te voer. Die kos is deur 'n vrywillige organisasie, die Comité National, versprei wat deur die Belgiese regering gesubsidieer is. (Cammaerts, 1939: 269) Elsschot was ten tyde van die oorlog nie in swak omstandighede nie. Eers moes hy voor die Duitse troepe vlug en het hy by sy ouers tuisgegaan in Antwerpen. Tydens die oorlog het hy 'n betrekking as sekretaris by die Provinciaal Oogstbureel beklee. Hy het drie maal getrek tydens die oorlog totdat hy Lemméstraat 19 gekoop het waar hy bly woon het. (De Ridder, 1994: 90)

Werkloosheid was 'n ander probleem. Ten spyte van die burgerlikes se patriotiese verset, is 60 000 mense van alle ouderdomme in veetrokke na Duitsland weggevoer om in myne of in ander gevaarlike werkopsette te gaan werk. (Cammaerts, 1939: 269)

In 1917 het Generaal Von Bissing 'n administratiewe skeiding tussen die Vlaminge en Wallone probeer bewerk. Dit het gelei tot 'n staking van staatsamptenare. Sy beskerming aan die Komitee van Vlaminge het gelei tot 'n botsing met die geregshowe in 1918. Die vrywording van die land in 1918 was net betyds om algehele wanorde te voorkom. Elsschot self het nie fisies verlies tydens die oorlog gely behalwe dat hy om veiligheidsredes sy huis moes verlaat.

### 6.2.3 **Na Wêreldoorlog I**

Duitse skrywers oor die Eerste Wêreldoorlog het later beken dat die aantasting van die Belgiese grens as geografiese skeiding 'n groot fout was en dat dit veelseggend is dat die oorlog begin en geëindig het op Belgiese grondgebied. (Cammaerts, 1939: 276)

Na die oorlog het Koning Albert opnuut 'n beroep op die Belge gedoen dat daar eenheid en gelykheid in België moes wees. Franssprekendes, Vlaamssprekendes, Katoliek, Protestant, ryk en arm moes gelyke toegang tot alle voordele in België hê. Dit sluit die Universiteit van Gent in. Dit moes nie slegs vir Vlaamses wees nie. Handel en nywerheid moet gestimuleer word, maatskaplike hervormings moet deurgevoer word en wetenskap en kuns moes bevorder word. Dit moes geskied met die inagneming van morele waardes. Dit, meer as enigiets anders, sou die land heropbou, is geglo. Die sinici na die oorlog is later oortuig van die inhoud van die oproep deur die koning. Vir Koning Albert was ware beskawing gebou op orde, vryheid, onafhanklikheid in buitelandse verhoudings, en individuele onafhanklikheid binne die staat. (Cammaerts, 1939: 286) Die stryd om oorlewing was groot, maar Elsschot het met sy handelsgees eerder 'n gaping gesien vir wins en het hom sterk daarvoor beywer met sy reklamemaatskappy. Hy was uiters suksesvol as sakeman.

Na die Verdrag van Versailles wou sommige Belge nie meer hul neutraliteit gewaarborg hê nie, maar besiel met 'n Vlaamse patriotiese gevoel en 'n natuurlike sin vir regverdigheid wou hul hul soewereiniteit terughê. Dit was nie suksesvol nie want België was na die Verdrag van Versailles nie so belangrik as voorheen nie. Hul

het met die verdrag slegs twee hoofsake bepleit, naamlik (1) heropbou en (2) waarborge vir sekuriteit in die toekoms.

6.2.4 **Tydperk van heropbou**

Hierna volg België se heropbou. Alle vorme van kommunikasie soos kanale en die spoorweë was òf vernietig òf ontoeganklik. Huise en publieke geboue was tot niet. Alle masjiene en yster is òf deur die Duitsers weggevoer òf vernietig òf deur hulself gebruik. Elsschot verwys in Lijmen na die situasie as hy sê:

***"Wat vooral jammer is, omdat houten*** (beddens) ***in ons eigen landje vervaardigd worden, terwijl de ijzeren afkomstig zijn uit Engeland, dat niet alleen de zeëen beheerst, maar ons bovendien die ijzeren prullen aanlijmt, die roesten, rheumatiek veroorzaken, en waar stijl, geur noch zaligheid aan is."*** (Elsschot, 1957: 309)

In 1921 het Elsschot se boek De Verlossing verskyn waarin die tema van handel dryf hoewel in 'n geringe mate al 'n rol gespeel het.

Die kommunikasiebronne is herstel. Op landbougebied het herstel vinnig plaasgevind. Heropbou op industriële gebied het gelei tot België se bankrotskap. Werkloses wat onderhou moes word, is getel tot op aghonderdduisend mense. Die oorlogskuld en lenings het België verder in ellende gedompel. (Cammaerts, 1939:296)

Juis in hierdie tyd, 1924, verskyn Elsschot se boek Lijmen met as tema juis die middelklashandelaar se stryd om oorlewing. Hierin is die wêreldtydskrif wat geskoei

is op die La Revue Générale Illustrée met Jules 'Boorman' Valenpint as uitgewer waarby hy tydens die oorlog betrokke was. In 1926 het die parlement ingegryp in die ekonomiese stryd en het hul drastiese stappe gedoen. Die koningshuis het buitengewone magte gekry en 'n koalisie regering onder leiding van M Jasper is gevorm met die uitsluitlike doel om die ekonomiese situasie te red. Hy het dit gedoen deur 'n drastiese toename in belasting te hef en die omskakeling van die staatspoorweë na 'n private onderneming onder staatsbeheer. Die Belgiese frank se posisie het daarna teen ander geldeenhede in Europa gestabiliseer en drie jaar later was die finansiële posisie in die staat grootliks herstel.

Na die verkiesing van 1919 het die koalisieregering (Katolieke en Sosialiste) verskeie sosiale maatreëls getref om die land te help heropbou. Inkomstebelasting is ingestel, verhoging in pensioene en ouderdomsversekering en gelyke subsidies vir alle tipe skole in België het daartoe gehelp. Dié demokratiese beleid het die middelklaspartye ontstel en toe die sosialiste 'n gewelddadige veldtog loods ten gunste van slegs ses maande militêre diensplig, het dit gelei tot 'n skeuring tussen die middelklas en sosialiste. In 1928 is 'n wet aangeneem wat daarop neerkom dat België hom nie militêr kan verswak, terwyl die res van Europa nog rusteloos was nie.

Ekonomiese probleme en die opkoms en invloei van nuwe politieke strominge het die Belgiese staat begin bedreig. Kommunisme het begin ontwikkel. Aktiewe Vlaminge wou die land steeds verdeel in twee rasse en twee taalstreke. Dié nasionalistiese Vlaminge het tot ses persent van die regeringsetels in die 1928 verkiesing verkry. Die land is verder verdeel deur die wetlike eise van die Sosialiste oor die verkiesingstelsel. België was vroeër gedesentraliseerd, maar in die meer

demokratiese regime kon die taalbeleid van die laat neëntiende eeu nie voortduur nie. Die middelklas het toe alleen hul invloed laat geld. Koning Albert het dit tog reggekry om die eenheid ten opsigte van taal in België te behou met die instel van 'n aantal hervormings in die landsadministrasie.

In Duitsland het die Naziparty begin ontwikkel. Magsbalans moes in Europa behou word om 'n volgende oorlog te verhoed. In 1934 sterf Koning Albert in 'n sportongeluk. België het gerou en het sy pleidooie vir patriotisme en eenheid onthou. (Cammaerts, 1939: 312)

Leopold II het hom opgevolg. Elsschot maak in <u>Lijmen</u> ook melding van Leopold II:

***"In't midden stond een borstbeeld van een man met een lange baard en daaronder alweer een plaat met het opschrift:***

> ***Leopold II***
>
> ***Koning der Belgen***
>
> ***Beschermer van Handel en Nijverheid***

***Carrarisch marmer. En Boorman wees Leopold aan."*** (Elsschot, 1957:259)

Die Sosialiste het gewelddadig teen die koningshuis opgetree. Die koningshuis daarenteen was gekant teen die Arbeidersparty. Die Arbeiders het geglo die koningshuis regeer met die steun van banke, groot industrieë en kommersiële groepe wat weer deel was van die uitbuiting van die werkersklasse. Daar kon volgens die Sosialiste nie sprake van versoening wees nie, aangesien die koningshuis 'n werktuig in die hande van die kapitaliste was.

In 1934 was die regering gedruk vir groot maatskaplike uitgawes en kostes vir bewapening. Die land se inkomste kon nie daarmee tred hou nie. Die koningshuis het ingegryp en in 1935 het hul M van Zeeland aangestel om met drastiese maatreëls die situasie te herstel. Hy het België gelei tot 'n begroting wat gebalanseer het.

Bogenoemde is weer versteur deur politieke onrus wat die gevolg was van die teenstrydige ideologieë wat in Europa gewoel het en wat gelei het tot 'n gespannenheid ten opsigte van 'n volgende oorlog. Die konflik was tussen die twee nuwe strominge: kommunisme en die totalitarisme. Elsschot meld in Tsjip oor Bennek, Adele se Poolse kêrel:

***"Was het nog een Mof of een Rus, maar een Pool!"*** (Elsschot, 1957:496)

Dit lewer bewys dat die gewone mens bewus was van die stryd tussen die totalitarisme en die kommunisme wat in België en ook in die res van Europa geheers het. Die suggestie is byna dat 'n Pool 'n onbekende gevaar is en dat dit teenoor die twee bekende gevare gestel word.

Aangesien België 'n proporsionele verkiesingstelsel het, en die posisie dus moeilik en stadig verander in regeringsopset, was die uitslag van die 1936 verkiesing 'n verrassing. Benewens die verdubbeling van die Vlaamse nasionaliste en die vermeerdering van die Kommuniste was die opkoms van 'n splinternuwe party, die Rexiste, buitengewoon. Hulle het een en twintig setels verower. Die Rexiste was gekant teen regeringskorrupsie maar veral teen die parlementêre stelsel self. Hulle wou die konstruksie daarvan verander. Hulle het die Nazi- en Fascistiese idees

gebruik en die volk was bang hul sou later ook hul werkwyses volg. (Motz, 1942: 6)

Die Rexisme het slegs 'n effek op die klein middelklas, wat baie moes opoffer ten gunste van kapitaal en arbeid na die eerste wêreldoorlog gehad. Banke is sleg bestuur en spaargeld van klein grondbesitters is verlore. Die effek hiervan op die burgerlikes is versterk deur die opkoms van internasionale kommunisme. In België het dit gelei tot die uitroep van ***"Rex of Moskou!"*** Die res van Europa het soortgelyke konflik ervaar. In Duitsland was die uitroep: ***"Hitler of Moskou"*** en in Nederland: ***"Mussert of Moskou"***. Die Rexiste het die kleinburgers se haat vir sosialisme en kapitalisme uitgebuit. Dit druk 'n reaksie uit teen die materialistiese konsep van die staat om slegs ekonomiese en maatskaplike probleme op te los en morele kwessies, soos menswaardigheid, respek en liefde vir werk, te ignoreer.

In die tussenverkiesing in Brussel in 1937 het die regering teen die Rexiste gewen, maar beide partye het skade gely as gevolg van die optogte, skreeuende luidsprekers, spotprente en slegte propaganda wat gebruik is vir die verkryging van publieke steun tydens die verkiesing. Dit het op sy beurt die deur oopgemaak vir die totalitêre idees vanaf Duitsland om in België vatplek te kry. Hitler kom in 1933 aan bewind in Duitsland. België is vir Hitler belangrik, want die Führer wou Frankryk met die begin van die Tweede Wêreldoorlog in 1939 via België binneval. (Lyon, 1971: 160)

Ná 1918 het die Belge die Duitse besetting onthou as 'n tyd van angs en wreedheid. Hulle het die Duitsers, anders as Holland, Denemarke en Noorweë, nooit vertrou nie en was gekant teen die nasionaal-sosialistiese party. Hulle het geglo 'n magsverset

was die enigste weerstand teen die Nazis. Die oorlogsjare was vir hulle 'n tyd van armoede, staatskuld, hongersnood, vernederings en daar was ‘n permanente vrees vir arrestasie deur die Duitsers. Die Belgiese intellektuele, wat weet wat wag na 'n Duitse inval, wou vlug voor 'n tweede besetting moontlik kon word. Hulle wat op daardie stadium midde in die herstel van 'n oorlog was, was nou teen enige oorlog. (Motz, 1942:1-6)

Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het Elsschot uit vrees vir 'n lugaanval met sy gesin uit Antwerpen gevlug na sy strandhuis, Kerkepanne, te St. Idesbaldus. Met kusaanvalle op plekke soos Duinkerken het Elsschot en sy gesin teruggegaan na Antwerpen. Aangesien Elsschot twee joodse vriende gehelp het om 'n klavier te behou en te ontsnap na Engeland het die Duitsers hom tydens die oorlog verskeie kere besoek. Hy moes dringend ontslae raak van leesstof wat die Duitsers nie sou aanstaan nie, maar is andersins uitgelos.

Tydens die oorlog het Elsschot baie min geskryf. Slegs De Leeuwentemmer het in 1940 in Groot Nederland en in boekvorm verskyn en Het Tankschip het in 1942 in Criterium en in boekvorm verskyn. Hy was as sakeman egter betrokke in die reklamebedryf. Dit was tydens die oorlogsjare nie winsgewend nie en hy moes alternatiewe soek. Hy het Genezing door Asperine van Gerard Walschap in Frans vertaal. Hy skryf ook uit verdere geldnood vir Snoeck's Almanak onder die skuilnaam Nicodemus De bekeering van Viaene en Drama in vier bedrijven. Uiteindelik het die situasie so erg geword dat hy in 1945 sy strandhuis moes verkoop vir geld. (De Ridder, 1994: 119)

## 6.3 IDEOLOGIESE SPANNING TUSSEN DIE KAPITALISME EN DIE SOSIALISME

Volgens die Duitse filosoof Schopenhauer, en die Switserse kultuurhistorikus J Burckhardt, wat weer sy idees gegrond het op die werk van die Franse outeur Madame de Staël (1796), is literatuur 'n bron van wetenskaplike kennis van 'n spesifieke sosiale werklikheid. (De Pillecijn, 1967:11) Hiervolgens was die roman as't ware die oorgang van die werklikheid na die wêreld van die verbeelding. Hiervan is daar in alle letterkunde vele voorbeelde. Vergelyk die roman Max Havelaar van Multatuli wat die ekonomiese en sosiale uitbuiting van die inwoners van Lebak op geen ander manier as in romanvorm onder die aandag van die Nederlandse parlement kon bring nie. Op dié wyse was die werklikheid die prikkel vir die geslaagde roman uit 1860.

In Vlaandere het die staatkundige omwenteling van 1830 toe België onafhanklikheidstatus verkry het, die Vlaminge in 'n ekonomiese en kulturele krisis gedompel. Vlaams is uit die openbare lewe verban. In reaksie hierop het skrywers na vore getree, wat in romanvorm die ellende van die Vlaamse samelewing aan die orde gestel het. Skrywers soos A Snieders lewer 'n stuk Belgiese sosiologie waarin hy die samelewing van sy tyd bekyk. Loveling/Teirlinck en Styns sluit hierby aan. Skrywers soos Zetternam, Geiregat, Boone en Snieders het die arbeidersituasie vanuit hul eie ondervindinge in die bedryfslewe beskryf. Hulle was onderskeidelik huisskilder, kersmaker, slotmaker en lettersetter. Daar was ook romanskrywers wat die situasie uit die onderwys en joernalistiek weergegee het byvoorbeeld Conscience, Sleeckx en ander. (De Pillecijn, 1967:13)

Na die oeuvre van Elsschot gelees is, blyk dit die moeite werd om te bepaal in watter mate hy by bogenoemde voorgangers aansluit. Sy verhalende prosa is 'n realistiese weergawe van wat werklik op ekonomiese gebied in België gebeur het. Elsschot het aan Louis Paul Boon erken dat hy geen fiksie geskryf het nie, maar slegs dit wat hy beleef het (Muynes, 1989:98). Frans Smits verklaar dat Elsschot in sy oeuvre 'n goeie weergawe gee van die Antwerpse samelewing van sy tyd. Hy put inspirasie vir sy romans uit die sakewêreld waarin hy daagliks as reklameman gewerk het. Hy verklaar van homself dat alles wat hy skryf slegs 'n dagboek was van wat hy self beleef het. Sy ervaringe dwarsdeur sy oeuvre is outobiografies opgeteken. (Smits, 1976: 10)

Wat opval in Elsschot se oeuvre is die wanverhouding wat bestaan het tussen die ekonomiese en maatskaplike lewe. Met die draai van die eeu het die burgerstand mag en krag gehad. (Buyens, 1978:54) Die partikulier-kapitalisme het ontwikkel na monopolie kapitalisme. Die bewuswording van die proletariese massa het die burgerstand, waartoe Elsschot self ook behoort het, bedreig. In die stryd om selfbehoud moes die burgerstand in België sy toevlug neem tot sisteme: 1) die groot kapitalisme, wat op wins berus, of 2) die sosialisme. Laasgenoemde is 'n bestel waarin regverdigheid sou aanbreek vir die kleinburgery en die arbeiders.

Elsschot se skryfstyl is soms bitter as hy die maghebbers aanval wat die klein burgerlike onderdruk om sodoende wins vir hulself te verkry. Hyself staan aan die kant van die verslaandes en veronregtes. (Muynes, 1989: 102) Tog as vrydenker het Elsschot nooit kant gekies vir een ideologie nie, maar eerder die probleme van

albei partye belig. Aangesien Elsschot outobiografies skryf en as kapitalis deel was van die misbruik van ander, is dit ironies dat hy tog in sy oeuvre kritiek lewer op die kapitalistiese stelsel.

Twee aanhalings volstaan:

***"Je moet weten dat de regering voor een paar weken besloten heeft voor zeven honderd vyftig millioen nieuwe forten aan de Duitse grens op te richten en nu hebben de ouders van mijn vrouw, die ieder vier en tachtig zijn, bericht gekregen van het ministerie dat zij voortaan hun ouderdomspensioen niet meer zullen trekken, omdat hun inkomen te groot is. Dat inkomen bestaat uit een werkmanswoning waarin zij zelf beneden huizen, terwijl zij de rest verhuren tegen twee honderd frank in de maand. Van die twee honderd frank moeten zij voortaan dus leven, want op hun pensioentje wordt voor die forten beslag gelegd."*** Uit: Tsjip (Elsschot, 1957:487).

Uit De leeuwentemmer as hy die oorlog aankondig:

***"Je bent precies op tijd weer thuis, want de verhongerde wolf is uit het woud gebroken en loopt het land af. Wat de andere sekten doen is hier niet bekend, doch de Christenheid zendt haar beste gebeden ten hemel en onze paus wordt voortdurend buiten gebracht en dan weer binnen gedragen. Maar, hoog boven al dat gemompel uit, doet het Gouden Kalf, op zijn rots in de Noordzee, den hoorn schallen en roept zijn aandeelhouders ten strijde op."*** (Elsschot, 1957:601)

Elsschot kritiseer die kapitalisme en hoewel hy nie 'n partysosialis was nie, kies hy

kant vir die onderdruktes. In Lijmen skryf hy oor Mevrouw Lauwereyssen wat deur die kapitalisme misbruik word:

***"Onuitstaanbaar werd zij mij, als een waar slachtoffer."*** (Elsschot, 1957: 356)

Sy is 'n slagoffer van die kapitalisme en hy kry haar jammer.

Die geskiedenisoorsig uit sogenaamd objektief geskiedkundige bronne dien binne die realistiese kunsbeskouing as bewys dat Elsschot die werklikheid in sy oeuvre weerspieël het. Die tydperk tussen die wêreldoorloë en daarna is gekenmerk deur 'n ekonomiese stryd wat sy beslag ook in Elsschot se sakewêreld kry.

'n Postmodernistiese aanslag reken die geskiedenisoptekening as 'n halwe waarheid, omdat alles in die wêreld halwe waarhede is. Geskiedenisoptekening is onderworpe aan 'n subjektiewe outeur in 'n talige medium wat lei daartoe dat die geskiedskrywer ook fiksie skryf en die fiksieskrywer moontlik geskiedenis. Dis dus nie in die gebeure wat die sin lê nie, maar in die sisteme wat gebruik word om gebeure van die verlede om te werk tot historiese feite. Geskiedenis en die fiksie van Elsschot is dus diskoerse, mensgemaakte konstruksies, signifieerbare sisteme en albei kan as gevolg daarvan aanspraak maak om die waarheid te versinnebeeld. (Hutcheon, 1988: 93)

Die twee ideologieë waarvan voortdurend sprake is in Elsschot se oeuvre, sal nou bekyk word.

### 6.3.1 **Kapitalisme**

Die grondlegger van die klassieke skool van die ekonomie was die Skotse wysgeer, Adam Smith, wie se beroemde boek Inquiry into Nature and Causes of the Wealth of Nations in 1776 verskyn het. Dit het die basis van die kapitalisme vervat. (Terreblanche, 1980:89)

Adam Smith lê in sy boek die grondslag vir ekonomiese liberalisme en internasionale vryhandel. Hy verwerp die merkantilistiese opvatting dat die rykdom van 'n land in terme van die besit van edelmetale gemeet kan word en dat ekonomiese aktiwiteit net betekenis het in terme van magspolitieke doelstellings. Hy stel die welvaart van die gemeenskap as doelwit en beëindig daarmee die eeue-oue onderdanigheid van die ekonomie aan die politiek. Sosiale nut is bo kerklike tradisie as norm vir sosiale gedrag deur hom verkies. Op dié wyse is die doel van ekonomiese aktiwiteite verbreed en gedemokratiseer tot 'n aangeleentheid waarby elke individu 'n direkte belang het. Daarvoor moes die individu vry wees. As die individu vrygelaat sou word om sy eie welvaart te bewerkstellig sal hy onwillekeurig ook die welvaart van die gemeenskap bevorder. Adam Smith se model is nie alleen 'n doel nie, maar ook 'n middel tot 'n doel. In effek het dit gelei tot die vrymaking van die burgerstand se kerklike en politieke gebondenheid.

In die twintigste eeu sou die universele pleidooi vir vryheid ook deur die laer klasse gebruik word om hulself op dié wyse te probeer bevry van bourgeoisie-gebondenheid.

Adam Smith se idees voor die Industriële Rewolusie was dat welvaart die doelwit van ekonomiese aktiwiteit sal wees, dat die sogenaamde markmeganisme die optrede van individue tot sosiale harmonie bring en dat uitbreiding van die markarea bevorderlik is vir ekonomiese groei. Een van die tekortkominge van Adam Smith se idees was dat die minimum voorwaardes om te verseker dat ekonomiese aktiwiteite nie omsit in gen wins nie, nie omskryf was nie. (Terreblanche, 1980: 90)

Hy sou ook nie kon voorsien dat tegnologiese vooruitgang en industrialisasie die produktiwiteit van arbeid sou verhoog en dat dit 'n sterk groeifaktor sou wees nie.

Die pleidooie dat die individu verlos moes word van morele en sosiale kettings, is in 'n groot mate vir die burgerstand verwesenlik. Dit was 'n groot dryfkrag agter ekonomiese vooruitgang. Sosiale ewewig wat deur 'n onsigbare hand bewerkstellig sou word is nie verwesenlik nie. Elsschot meld in die verband in Het Been:

***Boorman: "en ik ben niet van plan het bezit van de gemeenschap aan te dikken."*** (Elsschot, 1957: 390) In 'n vrye ekonomie was daar steeds wenners en verloorders. Karl Marx het die ekonomie, wat ten spyte van 'n hoë groeikoers 'n zerosomspel was, gekritiseer. In die loop van die neëntiende eeu was die geloof in Adam Smith en die liberale filosofie so groot dat nòg die empiriese getuienis oor die werklike stand van sake nòg Marx en ander se kritiek die optimisme en selfversekerdheid van die kapitalisme kon demp. Met die eeuwending van die 19e na die 20ste eeu het beleids- en institusionele aanpassings die nadele van kapitalisme begin uitskakel en die voordele van ekonomiese groei na alle lae van die bevolking versprei.

Die neëntiende eeuse wêreldorde was gebou op politieke liberalisme, bourgeoisie demokrasie en nasionalisme. Elsschot vang iets van die burgerlike bestaan se sekuriteit en versigtigheid in Kaas vas:

***"Als je met vrouw en kinderen zit moet je dubbel voorzichtig zijn."*** (Elsschot, 1957: 432)

***"Op kantoor was in enkele weken heel wat veranderd. Zij zaten nu met de rug naar't venster toe, in plaats van andersom, hadden Ieder een nieuw vloeirol gekregen en Hamer droeg een bril."*** (Elsschot, 1957: 459)

Die Adel en Burgerstand was lank mededingend en vyandig teenoor mekaar gesind. Die proletariaat was heeltemal buite rekening gelaat. Die adel se mag het berus op hul agtergrond, opvoeding en sosiale status. Die Burgerstand se mag het berus op die toenemende belangrike rol wat sake en professionele lui in Wes Europese lande gespeel het. 'n Alliansie is later (1830 - 1848) gevorm tussen die burgeoisie en aristokrate. Die liberale tradisie is verdedig met "survival of the fittest". Dié posisie kon hul slegs handhaaf tot die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog. Liberalisme en nasionalisme het hul krag gewelddadig verloor tydens die oorlog. Pleidooie het begin opgaan vir die vryheid van die arbeiders. Die voordele van industrialisasie het nie soos Adam Smith en ander liberales gesê het na die arbeiderstand uitgekring nie. Dit het eerder gelei tot die maatskaplike uitbuiting en ontwrigting van die arbeiders. (Terreblanche, 1980: 89-94)

6.3.1.1 Omskrywing

Na die oorsig oor die ontwikkeling van kapitalisme sal oorgegaan word tot die beskrywing van kapitalisme. Die standpunt word volgens Sampie Terreblanche gehandhaaf dat 'n fenomeen soos kapitalisme aan volgehoue evolusionêre verandering onderworpe is en enige interpretasie daarvan net in terme van die betrokke wêreldorde, waarvan 'n bepaalde fase van kapitalisme 'n onderdeel vorm, kan geskied.

Drie bekende outeurs oor die ekonomie verdeel die ontwikkeling van kapitalisme soos volg:

Kapitalisme kry sy karakter altyd binne 'n politieke raamwerk. Die raamwerk was in die geval die nasionale staat waarin bourgeoisie demokrasie in swang was. Neëntiende eeuse kapitalisme was gebaseer op (1) privaatbesit, (2) privaat inisiatief en (3) die winsmotief. (Terreblanche, 1980: 105) Elsschot meld in Het Been:
***"En zo heb ik weer eens ervaren dat het wijzer is niets te zoeken, maar te nemen wat je krijgen kunt."*** (Elsschot, 1957: 405)

Die neëntiende eeuse wêreldorde het begin taan met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog en het afgeloop na die Tweede Wêreldoorlog in 1945. Galbraith som die situasie goed op: ***"The old order was dying, but none knew the shape or values of the new order. And so these developments were shaken by inner turmoil, naked aggression, and social innovation as governments***

***experimented with new ideologies and programs. Meanwhile technology was accelerating the tempo of change and at the same time annihilating the spaces which historically had separated people. In short the way was being prepared for a new - a global - social order whose shape would become progressively clear after 1945."*** (Galbraith, 1977:33)

Die sosiale en ekonomiese spanninge van die Eerste Wêreldoorlog (1914-1919) was so groot dat dit onmiddellik na die oorlog bykans tot 'n totale ineenstorting van die kapitalistiese wêreldorde gelei het. Rusland het hom geïsoleer van die res van Europa, die Oostenryk-Hongaarse en Ottomaanse ryke het verkrummel. Duitsland is deur die Vrede van Versailles se maatreëls in 1919 omtrent heeltemal vernietig en slegs kleiner lande soos Nederland, België, Frankryk, Brittanje en die Skandanawiese lande het hul status behou na Wêreldoorlog I. In De Leeuwentemmer meld Elsschot iets daarvan in die volgende aanhaling:

***"Wat wordt er sedert het Verdrag van Versailles met dat arme Duitsland al niet uitgehaald?"*** (Elsschot, 1957:553) Elsschot het egter self geen pro-Nazi sentimente gehad nie.

Tussen die twee wêreldoorloë was spanning, ontbering en ekonomiese onstabiliteit aan die orde van die dag. In België was die ekonomiese situasie moeilik om in te oorleef. Die nood van die arbeiders en klein sakeman was groot en slegs die sterkstes wat die meeste wins uit ander kon maak, sou oorleef. Elsschot vervat die idees in sy oeuvre in die onderstaande aanhalings:

In Kaas word Van Schoonbeke deur Elsschot as volg beskryf:

***"Geld heeft hij in overvloed en al zijn vrienden hebben òòk geld. Het zijn meestal rechters, advokaten, kooplieden, of gewezen kooplieden."*** (Elsschot, 1957: 425) Dit illustreer die geldkrag van die kapitalisme.

Elsschot stel die klem op oorlewing van die rykstes in Boorman se woorde in Lijmen as volg:

***"Zij zal be-ta-len, mijnheer, tot de laaste stuiver."*** (Elsschot, 1957: 349)

***"De winst bedraagt dus elfduizend vyf en dertig frank."*** (Elsschot, 1957: 358)

***"... en geen cent minder, al staat hij op zijn kop"*** (Elsschot, 1957: 275)

***"Een zaak is een zaak en steeds een overwinning voor een van de partijen."*** (Elsschot, 1957: 304)

In die nie-kernlande het verregse of fascistiese groepe na vore getree en in Rusland het 'n linkse of kommunistiese diktatuur tot stand gekom. (Hobsbawm, 1990:136) Elsschot skryf in Kaas die volgende aanhaling wat daarna verwys:

***"Zij hadden het die avond over Rusland. In de grond van mijn hart bewonder ik die blootvoeters die uit een puinhoop een nieuwe tempel proberen op te bouwen. Een van hen beweerde dat ze ginder bij millioenen van honger omkwamen, als vliegen in een ledig staand huis."*** (Elsschot, 1957: 447)

In Wes Europa kom daar na die oorlog 'n skerp reaksie teen die klem wat op vryheid

en individualisme gelê is en dit lei tot die poging om meer konkrete inhoud te gee aan die gelykheid en broederskapsidee van die Franse Rewolusie. Hierdie intellektuele strominge gee aanleiding tot botsende ideologieë in Westerse lande wat lei tot 'n nuwe kompromis tussen die bourgeoisie en arbeidersklasse. Op internasionale vlak het dit die wêreld in twee opponerende ideologiese kampe verdeel naamlik die kapitalisme en die sosialisme. (Terreblanche , 1980:135) Wat Elsschot self betref was hy volgens Lieven Walschap erg linksgerig. Hy het skerp kritiek op die kapitalistiese samelewing gelewer en het nooit geglo in al die mooi sosiale drome wat sogenaamd na die oorlog sou kom nie. Hy was nooit 'n partyman nie, veral nie 'n sosialis nie. Hy was vry en het alles onbelemmerd bekyk. Sy simpatie het meestal gelê by die sukkelaar, die verloorder en die mindere een ongeag aan watter kant hy gestaan het. (Walschap, 1982:30)

### 6.3.2 **Sosialisme**

Die Sosialisme het ontstaan as 'n reaksie op die kapitalistiese stelsel van Adam Smith. Sy voorspelling was dat 'n verhoging in produksie tot 'n gelyker verdeling van inkomste en groter welvaart sou lei. Die sosialiste het dit teengestaan met die voorspelling dat tegnologiese vooruitgang en groter produksie noodwendig tot groter ongelykhede en 'n verlaging van sosiale welvaart vir die werkersklas sou lei. Utopiese sosialiste soos Saint Simon, Louis Blanc, Charles Fourier en Robert Owen het hul beywer vir utopiese stelsels waarin mense vooruit kan gaan en hulself kon vervolmaak. Die sosialiste het ekonomiese ongelykhede as die vernaamste belemmering in die weg van die mens se vooruitgang beskou. Die eintlike oorsaak van dié ekonomiese ongelykhede was private eiendom en vrye mededinging. Vir die

sosialiste was dit struikelblokke in die strewe na sosiale welvaart - waar almal deel in gelyke besit. Die industriële arbeiders het 'n groeiende misnoeë oor hul werks- en lewensomstandighede begin ervaar en sake sou nie kon bly soos dit was in die tydperk van die liberalisme van die neëntiende eeu nie. Elsschot meld in Lijmen oor Mevrouw Lauwereyssen se stryd met die fabriekswerkers wat verwys na bogenoemde stelling:

***"'Dat gaat op die manier soms 'n halfuur door, eerst over dat U-ijzer en dan over de kapitalisten. Roep het geen wraak?'"***

***'Ja, mijnheer, het word tijd dat het Ministerie de zaak in handen neemt, want wij maken hier een moeilijke tijd door. U had het zoeven over hun vakbonden. Nu dan, die vakbonden..."***

***'Die vakbonden jagen ons*** (die kapitaliste) ***de dood op't lijf, mijnheer...***

***Zij eisen verkorting van werktijd en verhoging van loon, zonder zich af te vragen of wij het betalen kunnen. En zo brutaal als ze dan zijn!'***

***'Zij scholden mijn broer uit voor schijthuis en bloedzuiger.'"*** (Elsschot, 1957: 318)

6.3.2.1 Omskrywing

Karl Marx het homself ten doel gestel om die sosialisme van 'n wetenskaplike teorie te voorsien. Dit sou bewys dat die ondergang van die kapitalisme nie alleen wenslik is nie, maar eintlik onvermydelik is. (Hobsbawm, 1990:44)

Die sosialiste en veral die Marxiste, gaan van die veronderstelling uit dat die strukturele neiging na konflik en klassebotsing in die kapitalistiese ekonomie

geensins binne die raamwerk van 'n markekonomie uit die weg geruim kan word nie. Gevolglik is die sosialiste voorstanders van 'n vreedsame, maar tog radikale omvorming en effektiewe bëindiging van die kapitalistiese ekonomie, terwyl die Marxiste 'n rewolusionêre omverwerping van die kapitalistiese ekonomie in die vooruitsig stel. Uit Kaas onderskryf Elsschot die siening deur die volgende aanhaling:

***"'...veel nederiger dan werklieden die door opstandigheid en eendracht enige eerbied hebben afgedwongen. Men zegt zelfs dat zij in Rusland de heren geworden zijn. Als het waar is dan hebben zij dat verdiend, dunkt mij.'"*** (Elsschot, 1957: 429)

In aansluiting by die kapitalistiese ekonomie waar arbeid as die maatstaf van ekonomiese waarde beskou word, aanvaar Marx dat arbeid die enigste bron van alle ekonomiese waarde is. Sy afleiding is dat kapitaliste nie uit ander produksiefaktore nie, maar slegs uit arbeiders in hul diens 'n surpluswaarde of wins kan verdien. Dit lei dus altyd weer na 'n klassebotsing tussen die middelklas en werkerstand.

Marx het aan die proletariaat (arbeiders) 'n ideologie verskaf om te gebruik in hul stryd teen die bourgeoisie wat die draers en kampvegters van die liberale ideologie was. Klassebotsing en ongelyke verdeling van inkomste is deur Marx op so 'n dramatiese wyse aan die orde gestel, dat kapitalistiese lande dit voortaan nie meer sou kon bekostig om dit as 'n mindere probleem te sien wat outomaties deur ekonomiese groei opgelos sou word nie. In Tsjip verhaal Elsschot via Frans Laarmans in sy gesprek oor Tsjip juis die sosialistiese stryd:

***"Tsjip en ik zijn gezworen kameraden. Samen zullen wij door dik en dun gaan,***

***ik voorop. En ieder krijgt zijn werk. Terwyl ik de doornen kap kan hij de bloemen plukken. Langs de baan zal ik hem onderrichten: dat hij veel doen moet van wat ik heb nagelaten en veel nalaten van wat ik heb gedaan; dat hij de gevulde hand moet afstoten; dat hij niet bukken mag voor't geweld, juichen noch rouwen op bevel van de machthebbers. Dat hij moet opstappen met de verdrukte scharen om vorsten en groten tot brij te vertrappen. Ik zal met hem het lied der bevrijding aanheffen en zo bereiken wij samen het land waar die gouden vogel jubelt, véél hoger dan de leeuwerik."*** (Elsschot, 1957: 538)

Elsschot stel Adele in De Leeuwentemmer voor as iemand wat alle mense gelyk behandel synde soos die sosialiste:

***"Zo maakt zij weinig of geen onderscheid tussen mensen van zeer verschillend niveau en behandelt haar dienstmeisje Käte op dezelfde manier als zij met Frau Kommerzienrat von Bielefeld doet."***

***"Zij maakt geen onderscheid tussen arm en rijk, tussen jood en christen, en zeer weinig tussen net en ordinair."*** (Elsschot, 1957: 573)

Elsschot noem in Tsjip via Frans Laarmans, sy huisgesin 'n "broederskap" en spreek sy kleinkind aan as "kameraad". (Elsschot, 1957: 486) Dit is jargon wat tuishoort binne die sosialisme.

Die ontwikkeling van die moderne kapitalisme het Marx se voorspellings as essensieel verkeerd bewys. Arbeiders wat sogenaamd wêreldwyd sou saamstaan, het met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog nasionalisties opgetree en hul steun aan die regering van die land gegee. Selfs die uiters militante Sosiaal Demokratiese Party in Duitsland het saam met die liberale partye gewerk tydens die

oorlog (Hobsbawn, 1990:26).

Buiten die Eerste Wêreldoorlog het 'n staking (1926) en die Groot Depressie (1929) in Wes Europa 'n sosiale rewolusie ontketen wat verreikende politieke implikasies gehad het. Die klem is verskuif van individualisme na 'n nuwe sin vir sosiale verantwoordelikheid. Elsschot meld in Het Been die volgende verwysing wat die konsep onderskryf:

***"Want zijn niet alle mensen broeders?"*** (Elsschot, 1957: 384)

In Wes Europa het die werkloosheid- en wisselkoersprobleme van die dertigerjare gedien as motivering vir groter owerheidsinmenging en sodoende het groter maatreëls na vore getree wat die posisie van die arbeiders verbeter het. (Terreblanche, 1980: 155)

Die poging om groter samewerking tussen die bourgeoisie en die arbeiders te verkry in België is onderbreek deur die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog. Die situasie sou eers na die oorlog (1945) behoorlik sy beslag kry.

Die opkoms van die sosialistiese bewegings in België spesifiek word belangrik om te belig aangesien daar telkens in Elsschot se oeuvre verwysings daarna voorkom. In Het Been meld Boorman die sosialisme as hy sê:

***"Maar als in een visioen heb ik opeens beseft dat mijn klassenplicht onderwerping gebood en dat mijn ongehoord bod van acht duizend en zoveel voor een man van mijn jaren volstond als blijk van opstandigheid omdat een parasiet zoals ik er geen belang bij heeft de komst te bespoedig en van de***

***nieuwe orde der dingen die ons te werk zal stellen met spade en houweel, zonder grootlinten noch mijters."*** (Elsschot, 1957: 404)

Sedert die geboortejaar van Elsschot (1882) was daar in België groot industriële ontwikkeling aan die Maasrivier. Steenkoolmyne, staalwerke, masjinerie-aanlegte en glasfabrieke het aan meer as 'n miljoen mans, vroue en kinders werk verskaf. Boorman leer in Lijmen vir Laarmans hoe om oor die fabrieksareas vir die wêreldtydskrif te skryf:

***"Zijn dienstjaren kan je dan gerust een beetje aandikken. Dan de snoezige werkmanswoninkjes met de frisse tuintjes, de keurige nette schaftlokalen met de lekkere soeplucht, de fabrieksfanfare en het koor van dankbare werklieden."*** (Elsschot, 1957:294) Dit was egter nie so gesteld nie - dis die ideaal en is daarom ironies bedoeld.

Die Vlaamse dele van België het op die landbou as ekonomiese sisteem bly fokus, met die uitsondering van die katoen- en linnemeulens wat rondom Gent en die welvarende hawe van Antwerpen voorgekom het.

Duisende Vlaamse armes het elke dag per trein gereis om te gaan werk in die Franssprekende Wallonië. Aanvanklik was die ongeletterde arbeidsmag nie beskerm teen uitbuiting nie. Gevolglik was lang werkure en lae lone nie slegs vir mans nie, maar ook vir vroue en kinders aan die orde van die dag. Fabrieke was nie veilig nie en ook nie higiënies nie, die huise was eenkamerkrotte en hul voedsel was hoofsaaklik aartappels. (Lyon, 1971:52)

Bogenoemde toestande is geïllustreer in die skilderkuns van Vincent van Gogh wat drie jaar as lekeprediker in die steenkoolmyne van die Borinage deurgebring het.

In 1857 het 'n groep Gentse wewers die Vlaamse sosialiste party gestig. Sosialistiese selgroepe het ontstaan in Gent, Brussel en Verviers. As gevolg van die taalkwessie (hul kon nie almal òf Vlaams òf Frans praat nie) kon hul egter nie saam as 'n verenigde front optree nie.

In 1867 was daar werkstakings en massaoptogte in Charleroi en die Borinage. In dieselfde jaar is werkersvakbonde vir die eerste keer gestig. Dit was die voorloper vir die Belgiese Arbeidersparty wat in 1885 in Brussel gestig is onder leiding van Louis Bertrand.

Die werkersvakbonde was sterk teen die rykdom van die Rooms-Katolieke Kerk gekant en wou hê die werkersklas moet saamspan teen die uitbuiting van die kapitaliste. Hulle het Christus gesien as "die eerste sosialis" en het 'n portret van Hom in die werkersentrum in Brussel aangebring. Die party se hoofdoel was vry en universele opvoeding, beperking op vroue en kinderarbeid, korter werksure, veiligheid in die werksplek, onderdrukking van indirekte belasting en die instelling van inkomstebelasting. (Lyon, 1971: 53)

In Luik was daar vele gewelddadige opstande en mynwerkers is in Charleroi aangemoedig om te staak vir 'n tienuur werksdag. Die opstande het uitgebrei na Seraing en Hainaut totdat duisende werkers opgemars het na Brussel. Na 'n ondersoek na die werkers se klagtes het geblyk dat swak werksomstandighede,

siektes, ongeletterdheid en kinderarbeid van die hoofoorsake was vir die opstande. Die Katolieke kerk het hervormings begin instel soos 'n minimum werksloon, behuising, pensioen, siekte en ongeluksversekering, Sondag as rusdag en die verbanning van nagwerk vir vroue. Vakbonde het in 1898 baie regte verkry, maar is eers in 1921 volkome gewettig.

Stemreg was tot 1893 gekoppel aan eiendomsbesit. Na 'n landwye staking is stemreg in België uitgebrei na alle mans bo vyf-en-twintig jaar.

Die stakings, opkoms van die sosialisme en Christen Demokrate asook die totstandkoming van die Vlaamse Boerebond het daartoe gelei dat die konserwatiewe vleuel van die Rooms Katolieke Kerk baie gewantrou is. Onder leiding van Emile Vandervelde, wat parlementêre verteenwoordiging gehad het, is die kerk as kapitalistiese werktuig baie sterk aangeval. (Lyon, 1971:54)

### 6.3.3 **Taalkwessie**

Die sosialistiese stryd is egter gekompliseer deur die opkoms van 'n klein fanatieke pro Vlaamse Christen Demokrategroep onder leiding van die ab Daens. Dit het alle ander Katolieke ontstig as gevolg van sy gebrek aan dissipline en die klassestryd wat hy onder Katolieke ontlok het. Dit is deur die Rooms Katolieke Kerk in sy geheel verwerp, voordat dit groot politieke belang kon wen, maar dit was die tekens van die tyd en die regering sou vinnig iets moes doen om te keer dat sake met die arbeiders handuit ruk. (Lyon, 1971:59)

Louis Paul Boon, 'n veel jonger tydgenoot en latere vriend van Elsschot, het die hele opstand van arbeiders in Aalst onder leiding van Daens beskryf in sy boek, Pieter Daens, wat in 1971 verskyn het. In die Vlaamse stadjie Aalst was die proletariers in stryd met die maghebbers. Hierdie maghebbers was meestal die eienaars van fabrieke wat die arbeiders 'n hongerloon betaal het. Vroue en kinders moes soms so lank as veertien uur per dag of nag werk. Die maatskaplike toestande was haglik. Wat die oproer buitengewoon maak is dat die priester Daens die opstand gelei het teen die Rooms Katolieke Leiers. Die Kerkleiers se winste en uitbuiting van die arbeiders was erger as dié van die liberaliste. Dit is 'n voorbeeld van die kerk wat as werktuig van die kapitalisme opgetree het. (Boon, 1971: 48)

Aangesien Willem Elsschot Vlaamsgesind was, is dit belangrik om die stryd te meld wat rondom 1900 in België plaasgevind het vir die aanvaarding van Vlaams as amptelike landstaal. In die Fransgesinde provinsies het mense neergesien op die Vlaamse taal en kultuur. Hulle sou alles doen om hul kinders 'n Franse opvoeding te gee soos wat hulself gekry het. Frans was ook die taal wat in die howe en landsadministrasie gebruik is. Hoofsaaklik as gevolg van die agitasie van Jan van Rijswijk van Antwerpen is Vlaams, in 1898, aanvaar as tweede amptelike landstaal vir België. Alles sou voortaan in beide Frans en Vlaams geskied. Elsschot skryf in Lijmen as volg:

***"'Hoe staat het met de Vlaamse zaak en de politiek in't algemeen?'"***

***"Ik dacht dat hij in den vreemden gewoond had en antwoordde dat er bij mijn weten weinig veranderd was, dat bankiers en mannen van zaken nog steeds Frans spraken, evenals de meeste flaminganten wanneer zij niet aan de weg timmerden, dat de liberalen nog steeds alle betrekkingen bij de gemeente***

***kregen en de katholieken die bij de Staat."***

***'Maar de Vlaamse zaak', drong hij aan. Je weet wel... Optochten met stokken en vilthoeden, verduiveld.'"*** (Elsschot, 1957: 252) Op die wyse het Elsschot weereens die samelewing in sy tekste weerspieël.

Die Frontparty, bestaande uit ekstremistiese Vlaminge het in die 1920's ontstaan. Katolieke priesters het hul ondersteun en hul slagspreuk was in 'n kruisvorm voorgehou, naamlik :

A

V V K

V

Dit staan vir "Alles voor Vlaanderen, Vlaanderen voor Kristus". Die leeu op die swart vlag is gekies bo die amptelike landsvlag. Hierdie groep was sterk teen Frankryk en Frans gekant en wou Vlaams bevorder. Elsschot meld ook die vlag in Lijmen:

***"Hij zag er voorspoedig en burgerlijk uit, als een man van zaken, en toch deed hij mij denken aan Vlaamseleeuwenvlaggen en Guldensporenslagen, aan jongens met baarden en vilthoeden."*** (Elsschot, 1957: 251)

Elsschot het die Vlaamse saak sterk ondersteun, maar was nooit ten gunste van die Katolieke Kerk wat die Vlaamse saak gesteun het nie. Hy het veral belang gestel in die sosiale aspek van die taalstryd, die algemene politiek van uitbuiting terwyl die geld in die hande was van die Franse baronne. (Walschap, 1982: 30)

Die stryd tussen die Vlaminge en die Franse is op die spits gedryf toe August Borms, 'n oorlogsaktivis, in 1928 vir die parlement gekies is om Antwerpen te verteenwoordig. Dit gebeur terwyl hy nog besig was om gevangenisstraf uit te dien.

Die situasie is eers opgelos toe hy in 1929 vir amnestie gevra het. Die honderdjarige bestaansvieringe van België as onafhanklike staat in 1930 het gehelp om die stryd te normaliseer. Die land is hierna amptelik in twee taalstreke verdeel en Gent se universiteit is finaal as amptelike Vlaamse universiteit verkies. Die Vlaminge was toe tevrede, aangesien hul nooit weer as tweederangse mense gesien sou word nie

Elsschot was pro Vlaamsgezind. Toe Borms in 1947 voor 'n vuurpeloton doodgeskiet is, het Elsschot daaroor 'n gedig geskryf. Die gedig is deur die kritici verkeerd geïnterpreteer en het dit laat lyk asof Elsschot pro Duits was. Elsschot het bloot sy waardering vir Borms se Vlaamsgesindheid in die gedig probeer verwoord, maar het op die wyse die Staatsprys vir Letterkunde verbeur.

Na die Eerste Wêreldoorlog was die Sosialiste Party in België baie sterk en gewild. As gevolg van voortdurende ekstremistiese optrede het hul gewildheid egter begin taan. In 1923 het van die ekstremiste weggebreek om die Kommunistiese Party te stig. (Lyon, 1971:64) Elsschot meld in Het Tankschip van die kommunisme:

***"Trekken onze Russiche neven niet sedert twintig jaren tevergeefs de wereld rond om hun jongste dochter voor te stellen, gesmukt met al de kleuren van de regenboog? En gaan niet deuren en vensters dicht tot de stoet voorbij is? Zij heeft anders de beste getuigschriften, want van in haar prille jeugd heeft zij gezwoegd aan't hoofd van een reusachtig gezin dat in ellende leefde. Welnu, in plaats van dat meisje een kans te geven blijft men overal trouw aan de oude, beproefde tirannen."*** (Elsschot, 1957: 669)

In Het Been tref nog 'n verwysing na die kommunisme:

***"Op het trottoir trof ik een gonzend pak mensen aan die Boorman omstuwden en elkander verdrongen om hem even van dichtbij te kunnen zien.***

***'Wat is er aan de hand?' vroeg een voorbijganger.***

***'Een communist, geloof ik.'***

***'Dadelijk doodslaan is het beste,' meende een oude heer, 'want al dat rapaille zit op onze kosten knusjes achter slot en grendel."*** (Elsschot, 1957: 400)

As gevolg van die Eerste Wêreldoorlog was daar 'n groot depressie in België en die inflasie was baie hoog. Francquie, die bankleier van België het deur sy drastiese maatreëls die Belgiese frank in 1926 stabiliseer. Hierna het 'n tydperk van voorspoed gevolg. Dit is egter met die ineenstorting van die Wall Street beurs in 1929, wat wêreldwye gevolge gehad het, versteur. Terug in ellende, met stakende werkers en groot werkloosheid het Paul van Zeeland eers in 1936 die ekonomiese situasie gestabiliseer.

In Het Tankschip meld Elsschot ook die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog:

***"Waarachtig, van uit het Zuidoosten kwam een gedempt geroffel tot ons als van heel ver gedonder. Eigenaardig dat het zoëven nog vrede was en nu ineens oorlog. Het was zo doodeenvoudig op het andere gevolgd als Pasen op Vasten."*** (Elsschot, 1957:663)

Oorlog word voorgestel as onvermydelik as gevolg van die ideologiese spanning tussen kapitalisme en sosialisme.

Die ekonomiese krisisse in die dertigerjare in Europa en spesifiek in België het

voortgeduur, terwyl Hitler in Duitsland en Musselini in Italië hul totalitêre idees versprei het. Hitler het begin optree en het Oostenryk ingeneem. Die Tsjeggiese krisis en die Münchenooreenkoms in 1938 het België laat wens om neutraal te staan. Op 3 September 1939, terwyl België deur 'n driepartyparlement onder leiding van 'n Katoliek, Pierlot, regeer is, het die Tweede Wêreldoorlog uitgebreek.

Elsschot teken in De Leeuwentemmer die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog aan:

***"... kan je af en toe een kijk nemen op het komend gedonder. En als het wraakroepend geweld, dat over Europa ontketend is bedaren zal, als de strijd tussen honger en overvloed zal uitgestreden zijn, als de bidders zullen zwijgen en de schaamte ontluiken zal, dan, zegt men, zal ons uit het Oosten een nieuwe geest tegenwaaien, de lang verbeide geest van begrijpen en verbroedering."*** (Elsschot, 1957: 601)

Die ideologiese spanning tussen die wat "overvloed" het en die wat "honger" ly, is dus op die spits gedryf met die oorlog. Elsschot was deurentyd in sy oeuvre besig om die samelewing in die sakewêreld te weerspieël.

## 6.4 DIE KERKLIKE AGTERGROND IN BELGIë

Die Rooms-Katolieke kerk het sedert 1884 tot en met 1914 'n meerderheid in beide huise van die Belgiese Parlement gehad. Die invloed van die kerk was dus sigbaar in alle fasette van die Belgiese samelewing. Hierna volg 'n kort weergawe van die ontwikkeling van die Rooms-Katolieke kerk se mag in België.

### 6.4.1 **Ontwikkeling**

Met die verbrokkeling van die sentrale gesag in die Middeleeue het die Rooms-Katolieke Kerk na vore getree as die enigste sentrale gesagsinstansie. Op dié wyse het die kerk na vore getree as leier op wêreldlike terrein.

Die Rooms-Katolieke kerk het sy gesag oor lidmate, maar ook oor konings en koningshuise uitgeoefen. Die kerk kon laasgenoemde se gesag beheer deur hul van die sakremente te weerhou as hul nie reg teenoor hul onderdane optree nie. Dié onderdanigheid van die wêreldse heersers aan kerklike gesag was in ooreenstemming met die kerk se ideaal van universalisme. Hiervolgens is die mensdom 'n eenheid en moet hul as een groot christelike en harmoniese gemeenskap georganiseer word. Die Rooms-Katolieke Kerk het die Christelike element verenig met die ekonomiese, kulturele, politieke en die juridiese elemente in die universalisme. Die situasie was vir baie eeue die ideaal van die kerk. (Terreblanche, 1980: 45)

Die kerk was soos die staatkundige bestel hiërargies georden. Aan die hoof was die pous, onder hom was die kardinale, biskoppe, priesters, kloosterlinge en lidmate. Die mens was vir sy saligheid nie van God afhanklik nie, maar hy moes dit afsmeek van die kerklike stand direk bokant hom. Op dié wyse het die kerk dissipline en 'n onderdanige gesindheid van die lidmate gehandhaaf en het hy die monopolie verwerf vir die propagering van nuwe idees aan die mens.

Met die kerk se verkryging van mag oor konings is die burgerlike hiërargie grootliks met die kerklike hiërargie geïntegreer. Die konings moes aan die pous verantwoording doen.

Die vermenging van kerk en staat het 'n greep op die denke, arbeid, beweging en die lewe van die totale Wes Europese bevolking en dus ook België gehad. Alle verandering en vernuwing is deur die kerk in die kiem gesmoor. Dit het gelei tot 'n stagnante toestand wat geen ekonomiese of kulturele groei toegelaat het nie.

Vir baie jare was die ekonomiese stelsel nie net voor-kapitalisties nie, maar anti-kapitalisties. Die kerk alleen het geld en mag gehad. Daar was 'n verbod op handel en rente vir die lidmate. Dit is gesien as woekerwins. Die fokus was weg van die aardse lewe na die lewe nà die graf. Slegs 'n deurbraak deur hierdie waardes sou 'n nuwe lewe bring. (Terreblanche, 1980: 49)

Daar moes ontwikkeling op kerklike gebied plaasvind voor die proses van ekonomiese demokratisering kon plaasvind. Die Rooms-Katolieke Kerk was vir die grootste deel van die neëntiende eeu uiters konserwatief. In 1864 het Pous Pius IX onomwonde verklaar dat die kerk hom nie kan en ook nie sal vereenselwig met vooruitgang, liberalisme en die moderne beskawing nie. Maar in 1891 het Pous Leo XIII sy Rerum Novarum uitgereik, wat die basis van die sogenaamde Christelike Demokrasie geword het. Hierin het die Pous Marxisme veroordeel en kapitalisme goedgekeur. Terselfdertyd is die euwels waaraan die arbeiders blootgestel was, skerp veroordeel. Hy het sosiale wetgewing bepleit en was uitgesproke ten gunste van Christelike arbeidsorganisasies. Sedertdien beywer Katolieke partye en

vakbonde hulle vir sosiale hervorming. (De Mirccea, 1989: 434) Dit sluit in die reg op menslike werksomstandighede en 'n regverdige loon.

Die Katolieke Kerk in België was tydens Elsschot se lewe (1882 – 1960) ryk en veral invloedryk. Op politieke gebied het die kerk hom uitstekend laat geld. Dit word versinnebeeld deur die openlike politieke loopbaan van onder andere die Aartsbiskop van Mechelen, Kardinaal van Roey. Hy was gekant teen stakings deur die Arbeiders en Sosialiste en het hom daarteen uitgespreek. Die linkse vleuel van die Rooms-Katolieke Party wat die steun van die Sosialiste en Arbeiders gesoek het in verkiesings, is deur dié optrede in die verleentheid gestel. Kardinaal van Roey het in 1961 gesterf. Dit was een jaar na Elsschot se dood. (Lyon, 1971: 161)

Die gemeentepriesters was aktief in die Katolieke ekonomiese- en sosiale groepe. Hulle het benewens hul kerklike funksies ook gefungeer as die werwingsoffisier vir Katolieke vakbonde en die geldsake van die plaaslike tak van die Boerebond is ook deur die gemeentepriester behartig.

Die kerk se invloed was buiten die politiek ook sigbaar in die taalstryd wat tussen die Vlaamse en Franse Belge geheers het. Die kerk se invloed was soms ten goede, maar in die taalstryd het dit 'n slegte invloed gehad. Die Pro-Vlaamse priester en digter Guido Gezelle het sy gemeente openlik gewaarsku teen die Franse gevaar op die Vlaamse taal en het die Franse as groep as die vyand aan sy gemeente verkondig. (Lyon, 1971: 161)

Die Katolieke Kerk se standpunt teen die sosialisme is in België versterk deur die

brief wat die pous in 1895 uit Rome gestuur het. Hierin het hy beroep op die kerk in België gedoen om alle vorme van sosialisme teen te staan. Sy probleem met die sosialisme was, dat dit onder andere sou lei tot ekonomiese en ander verliese vir die Rooms-Katolieke Kerk. Volgens hom het die sosialiste in België hulle te sterk teen godsdiens en die staat verset. Die staat was as't ware die kerk en die kerk ook die staat. Die pous het op alle Belgiese lede van die Rooms-Katolieke kerk 'n beroep gedoen om ten alle koste getrou aan die kerk te bly. (Internet, 1995: http:\\abbeyapana.org.au/official/papal/Leo13/L13permo.htm.)

Elsschot meld in De Verlossing aspekte wat die kerk se posisie onderskryf:

***"Hy*** (die vrydenker) ***was voorzitter van een wijkafdeling der Jonge Socialisten en kon spreken zoals niet één."*** (Elsschot, 1957: 182). Die vrydenker staan enkel op teen die kerk wat so lank alleen die mag gehad het. Dit was buitengewoon in die plattelandse dorp, Groendal.

***"Algemene verkiezingen, noch min noch meer, en je rotte Groendal komt ditmaal óók aan de beurt. Wij hebben een prachtig programma voor die paapse boeren: verdeling van de grond, vakscholen, invoerrechten op alles tot bescherming van de landbouw, niemand soldaat, vrijheid en nog eens vrijheid godverdomme. Vrijheid en broederschap."***

***"En hij zong Pol een nieuw lied voor, waarin gezegd werd dat de paapsen het land gedurende veertig jaren hadden uitgezogen, maar dat zij ditmaal zouden worden ingezeept, gewassen, gebleekt en voor goed te drogen gehangen. Pol onthield alleen het refrein:***

***Zij*** (die kerk) ***hebben ons bedrogen,***

***gefopt en uitgezogen,***

***maar't was een goede les,***

***Want nu gaan al die gasten,***

***die kwanten en die kwasten,***

***voor altijd op de fles."*** (Elsschot, 1957: 183)

Bogenoemde aanhalings is in kunsvorm 'n representasie van gebeure rondom kerk uit Elsschot se realiteit. Die Rooms-Katolieke Kerk het 'n vrees gehad vir die verlies aan rykdom en lidmate aan die Sosialiste, aangesien die kerk toelaes van die staat ontvang het vir die onderhoud van die kerklui en die instandhouding van aanbiddingsplekke. Dié voorreg is in die konstitusie van België ingeskryf. Die Rooms-Katolieke Kerk het voortdurend nuwe kerkordes en nuwe kloosters gestig om hulself op die wyse verder te verryk. (Lyon, 1971: 45)

Die priesters en die kerkleiers het baie belangrike posisies in die Belgiese samelewing beklee. Die volk het opgekyk na die priesters omdat die kerk so ryk was en omdat hul so 'n groot rol in die mens se redding kon speel. Elsschot meld in De Verlossing:

***"Hij*** (die pastoor) ***kon straffen met de hel en lonen met de hemel, waar alles vergolden werd wat zij zo lang aan vlees en boter hadden moeten derven."*** (Elsschot, 1957: 179)

Die prestige van die Katolieke Kerk in België is versterk as gevolg van hul rol in die politiek. Die kerk het vir homself baie voorregte toegeëien wat die res van die

bevolking nie gehad het nie. Hulle was byvoorbeeld vrygespreek van baie van die swaar belastings van die staat. Dit het gelei tot die verryking van die Rooms-Katolieke kerk. Die landswette en die jurisdiksie van die howe het nie op hulle appél gehad nie en hulle het dikwels die beste poste in die staatsdiens vir hulself opgeëis. (Clough, 1950: 510)

Die kerk se politieke betrokkenheid het gemaak dat mense met verloop van tyd al hoe meer teen die kerk as geestelike struktuur laat draai het. Die werkersklas is deur die Katolieke kerkwerkgewers net so veel, indien nie erger nie, uitgebuit. Die kerk was in hulle oë net so deel van die kapitalisme as die liberale burgers. Die kerk se winsgrense in die fabrieke was net so hoog as alle ander fabrikante. Dit het mense hul geloof laat vaar en los van die kerk laat begin lewe. Die enigste oorlewing vir die werkersklasse was as hulle deur gesamentlike optrede teen die kapitaliste kon veg. Hiervan is die reeds bespreekte opkoms van sosialisme in België 'n teken. (Lyon, 1971: 161)

### 6.4.2 **Elsschot en die kerk**

Ten spyte van die feit dat Elsschot ongelowig oorkom uit sy oeuvre en hy verskeie sarkastiese opmerkings gemaak het oor geloof, het hy nooit teen die kerk gepraat nie. Dit was in elk geval sy oorwoë mening, daarom het hy dit nooit pertinent genoem nie. Soms het hy die Christelike leer met die heidendom waarvan hy volgens homself deel was, vergelyk. Hy spot egter nie met die gelowiges nie en probeer hul nooit oorhaal om die geloof te bevraagteken nie. In De Verlossing is daar 'n stryd tussen 'n vrydenker en 'n dorpspastoor. Hierin lê hy klem op die

selfsug, onredelikheid en verdorwenheid in die lewenswyse van die afgesante van die Rooms-Katolieke Kerk. Hy is egter objektief genoeg om sekere goeie kwaliteite van sommiges uit te beeld. Elsschot meld in De Verlossing:

***"De pastoor oefende te Groendal een overwegende invloed uit en werd geraadpleegd in alle zaken van gewicht.[...]"*** (Elsschot, 1957: 179)

***"Men was dan ook te Groendal even trots op hem*** (die pastoor) ***als een koopman op een nieuw kantoorgebouw, na uitbreiding van zijn zaak. Hij werd geroemd, getoond aan bezoekers en tot in alle onderdelen vergeleken met de pastoors van omliggende parochiën. Zijn glimlach, buik, snuifdoos, stemklank, meid en hond, alles wat hij in, aan of om zich had, werd aangehaald om gelijksoortige dingen van andere eigenaars aan te toetsen."*** (Elsschot, 1957: 179) Elsschot is ironies as hy sake noem waaraan die pastoor gemeet word. Alles dui daarop dat die pastoor op materiële gebied in 'n beter posisie was as ander mense.

Frans Smits beweer dat die verhaal in De Verlossing gebaseer is op die skoolpolitiek van 1879. Elsschot het die hoofkarakter Pol egter voorgestel as 'n sosialistiese vrydenker, om die konflik aan te dui uit die tyd waarin die roman geskryf is (1921). Dit was eintlik 'n fout. Die sosialiste het nooit politiek met die kleinboerbevolking op die platteland bedryf nie.

Elsschot het hom in Tsjip gewend tot die kindersielkunde wat tot op die tydstip hoofsaaklik deur die kerk gerig is. Hy het die kwessie van Tsjip en sy pa en ouma in Pole se geloof bekyk en beskryf. Die Rooms-Katolieke Kerk het hom hieroor verwyt. Dit was foutief, want hy het nooit die kerk gekritiseer nie. Hy het slegs sy eie twyfel

en ongeloof uitgebeeld. (Top, 1982:17)

Volgens Louis Paul Boon het die Pastoor vir Elsschot aangespreek as Elsschot. Hy wou egter altyd De Ridder wees en die gevoelskant in homself liewer ignoreer. Die gesprek dui daarop dat Elsschot nie oordrewe vriendelik sou wees met die pastoor nie.

***"Hoe gaat het, mijn vriend?***

***Het gaat my heel slecht, Mijnheer Pastoor. Maar uw vriend ben ik niet. Als ge me nog in vervolg aanspreek moet ge zeggen, mijnheer De Ridder."*** (Muynes, 1989:109)

Volgens Ida de Ridder, sy dogter, het Elsschot aan die einde van sy siekte twee ontmoetings met die pastoor gehad. Elsschot wat volgens homself vry was van die geloof, het die ongevraagde besoeke van die Katolieke pastoor nie verkies nie.

Die eerste was aan huis van Elsschot en het as volg verloop:

***"Maar mijnheer De Ridder, gij komt zelf opendoen en ik die dacht dat ik uw moest komen berechten."***

***"Bespaar u die moeite, mijnheer pastoor, want dat zal wel nooit nodig zijn."*** (De Ridder, 1994:142)

Die pastoor wat hom in die hospitaal besoek het was begeesterd om Elsschot te lei tot geloofsbekering. Sy besoek het ewe abrupt as bogenoemde een verloop.

***"Dag mijnheer De Ridder. Hoe is't met u?"***

***"En hoe is het met u, mijnheer pastoor?"***

***"Bent u hier al lang?"***

***"Bent u hier al lang Meneer Pastoor?"***

Hierop het die pastoor vertrek. (De Ridder, 1994:142)

Elsschot is iemand wat die kerk objektief bekyk het en die sekularisering daarin raakgesien het. Die pastore was ook maar omkoopbaar. Elsschot meld daarvan in Het Been as hy 'n arbiter soek in sy saak teen Lauwereyssen:

***"'Het is een pastoor, maar ik heb niets anders.'***

***'Dat hindert niet', zei Boorman die't portret geen blik waardig keurde, 'integendeel, beter dan enig andere vakman want ons geval...'***

***'Pardon,' zei ik.***

***'Nu ja mijn geval dan, heeft niets te maken met bedreven zonden, want mijn transactie was van een commercieel standpunt even onberispelijk..."***

***"Hij dient gewogen, want de ene pastoor is de andere niet."*** (Elsschot, 1957: 373)

Die kerk is deur hom en andere soos Louis Paul Boon in Daens as werktuig van die kapitalisme voorgestel. Die pastoor het gelewe soos welgesteldes leef. Daarvan lewer Elsschot bewys in Het Been met die volgende aanhaling:

***"Hij*** (die pastoor) ***is dan een eerste maal aan ons verschenen in zijn zitkamer, achter een tafel die één schittering was van damast en kristal, vier glazen voor ieder. Een tafel als voor een laatste avondmaal."*** (Elsschot, 1957: 374)

Dit blyk dat die kerk, net soos die kapitalisme self ingestel was op geld en wins van

watter aard ook al. Die fotograaf in Lijmen het 'n reuse foto van die Kardinaal van Mechelen in die venster, maar buit ook die massas uit met één vragwa wat dien as ambulans, lykwa en vervoertrok:

***"Er is een firma, of u't gelooft of niet, die maar één enkele motorwagen bezit, waarin zij zowel lijken als halflijken vervoert. Of het vrachtje dood, lam of slechts ziek is, dat kan haar geen bliksem schelen. Alles gaat er in, ook schilderijen en piano's. De vent is speciaal ingericht op het verspreiden van typhus en pest en dan nog wel onder de vlag van de zoon Gods. Moest die niet gehangen worden, mijnheer?"*** (Elsschot, 1957:278)

Elsschot wou altyd die swakkes ondersteun en sake tussen mense lei tot versoening, daarom dat hy in sy oeuvre die kerk se swakhede ontmasker.

Twee aanhalings uit Het Been volstaan. Die eerste verwys na Boorman se uitspraak oor die pastoor wat hom moes help in sy saak teen Mevrouw Lauwereyssen:

***"'Ik wist van die uitkomst', zei Boorman, 'maar ik ben meegegaan omdat je niet kon weten of iemand die Latijn kent en al de bezweringsformulieren van de godsdienst, soms niet over een ander middel beschikte om duivelen uit te werpen, zoals de baas en zijn discipelen indertijd geregeld deden. Maar dat schijnt helaas het geval niet te wezen."*** (Elsschot, 1957: 376) Die kerk het dus 'n verwording ondergaan en was nie meer alleen 'n geestelike instelling nie.

Die tweede aanhaling belig Boorman se kommentaar oor die pastoor:

***"Gelukkig de leden van de gemeenschap van Rome die dat klaarspelen met de biecht, zonder knieval en zonder geld. Ook begrijp ik niet dat uw neef Jan*** (die pastoor) ***mij niet dadelijk tot een confessionele ontlasting heeft uitgenodigd.***

***Dat lag toch voor de hand, want hij kon niet weten dat ik er niet aan doe, terwijl zijn poneren van wezenlijke restitutie meer iets voor een heiden is, dunkt mij. Is hij wel gezalfd?"*** (Elsschot, 1957: 391)

Bogenoemde aanhalings lewer bewys van Elsschot se insluiting van die kerk in sy oeuvre en hoe hy op 'n manier die sekularisering van die kerk aan die leser wil blootlê. Volgens Boorman tree die pastoor soos 'n heiden op en bevraagteken hy die geestelikheid van die pastoor.

# HOOFSTUK 7

## SLOT

Die studie oor die sakewêreld van Willem Elsschot het danksy verskeie benaderingswyses ten slotte verrassende resultate opgelewer. Die leser word gedwing om verskillende onaf fasette in die tekste raak te sien.

Deur die gesigshoek van die realisme is die relasie tussen teks en samelewing belangrik. Hoewel die sosialisme sterk opgang gemaak het in Elsschot se sosiale konteks, was die kapitalisme die ideologie wat die samelewing oorheers het. Sy tekste stel die sakewêreld as kapitalisties voor aangesien dit 'n representasie is van wat die Belgiese samelewing was. Op dié wyse is Elsschot se tekste dus die samelewingstendense wat tot kuns omvorm is.

Die ideologiekritiek verwys na die problematiek rondom die subjektiwiteit van die outeur en in watter mate hy/sy deur die dominante ideologie van die sosiale konteks beïnvloed is. Die gesigshoek waardeur die tekste bekyk is, is die Marxistiese ideologiekritiek. Elsschot skryf in sy sakewêreld van twee groepe, naamlik die sakelui en hul slagoffers. Hierdie twee groepe wat in die studie gegroei het tot verteenwoordigers van die twee ideologieë, kapitalisme en sosialisme, versinnebeeld die klassestryd tussen die bourgeoisie en die proletariaat. Die kapitaliste is gesteld op besit, geld en wins terwyl die slagoffers van die kapitalisme uitgebuit is om die materiële welsyn van die middelklas te verseker.

Die lesse wat Boorman, as suksesvolle kapitalis, voortdurend aan Laarmans, die idealis in die oeuvre, wil leer dui op die verheerliking van die burgerstand. Alles sodat hul in die gunstige posisie van oorvloed kan bly.

Die laaste gesigshoek wat gebruik is om die oeuvre te bekyk is die postmodernisme. Die diskoers van die postmodernisme ontsluit nuwe vrae wat die voorafgaande gesigshoeke uitdaag. Die werklikheid wat deur die realisme gespieël is in die tekste van Elsschot, blyk nou Elsschot se belewenisse en weergawe van die werklikheid te wees. Hy kan dus geen waarheidsaansprake maak nie. Die werklikheid is nou nie soos in die realisme objektief nie, maar verwys voortdurend na ander tekste waaruit die feite nooit seker en deursigtig is nie. Die outobiografiese inslag in Elsschot se oeuvre is volgens die postmodernisme reeds geïnterpreteerde en geselekteerde feite wat die leser bewus maak van die problematiek rondom die outobiografiese kode as leesmetode om die grense tussen teks en wêreld te laat vervloei. Laastens is taal in onmag om te vervat wat die leser hoor. Elsschot se tekste het elk weer 'n talige verlede wat die leser laat besef dat as 'n outeur 'n tydperk via 'n teks konstrueer, daar geen enkellynige neutraliteit kan wees nie. As die leser as teks betrek word bring dit nog 'n groter verwysing en bevraagtekening van feite na vore.

Dit het uit hierdie studie duidelik geword dat alle aspekte van die bespreekte Elsschot tekste beheers word deur die botsing kapitalisme en sosialisme. Hierdie botsing figureer in karakterisering, ruimtes en dialoë soos wat hierbo aangetoon is. Elsschot bevraagteken in sy tekste die samelewingsnorme van sy tyd, ook in die sakelewe wat hier onder bespreking is.

Die kapitalistiese sakewêreld in Elsschot se oeuvre is die spieëlbeeld van die kapitalistiese samelewing waarin hy geleef het. Die leser besef dat die sakewêreld en die sakelui vandag nog feller figureer as in Elsschot se beskrywings.

Elsschot bevraagteken die samelewingsnorme van sy tyd. Die leser word onwetend gemotiveer om sy eie samelewingsnorme te bevraagteken. Benewens vernuwing op sommige gebiede, soos die literêre tradisie, bring hy jammerlik geen antwoorde op die gegenereerde vrae nie. Die moontlikheid bestaan dat daar volgens Elsschot òf geen antwoorde is nie òf 'n moontlike antwoord is dat elke nuwe konteks nuwe vrae sal bring en dat die individu, soos Elsschot gedoen het, se stryd op oorlewing die enigste antwoord op die vrae is. Elsschot kon nie en het niks gedoen om fisies die slagoffers van die kapitalistiese stelsel te help nie. Sy oorlewing was om geld te maak met reklame en daarin het hy volhard.

Elsschot laat hom egter nie vasvang in sisteme, besprekings of uitsprake nie. Hy dwing die leser om rekening te hou met sy enigma. Daarom, as Elsschot die laaste sê in die studie oor homself en sy sakewêreld kan hê, is dit in die antwoord wat hy aan Kamiel Top tydens 'n onderhoud gegee het op die vraag waarom hy skryf:
***"Mijn doel is mijn gevoelens vast te leggen in klassiek Nederlands, dus iets na te laten dat mij overleven zal, dus louter ijdelheid!"*** (Top, 1982:20)

Hieraan kan niks toegevoeg word nie!

# BIBLIOGRAFIE


Anbeek, Ton. 1980. Nederlandse literatuur na 1830. Instructieve Omroep/Teleac.

Barthes, R. 1988. The Death of the Author. In: Lodge, David. (Red.). Modern Criticism and Theory: A Reader. Londen & New York: Longman

Boon, Louis Paul. 1968. Daens. Amsterdam: Arbeiderspers

Brugsma, W.L. (Red.) 1974. Schrijvers Portretten. Amsterdam: Elsevier

Buyens, F. 1978. Willem Elsschot, een burgerlijk geweten. 's Gravenhage: Uitgeverij BZZTôH

Cammaerts, E. 1939. The keystone of Europe. London: Peter Davies

Carmiggelt, S. 1985. Ontmoetingen met Willem Elsschot. Amsterdam: Uitgeverij De Arbeiderspers.

Clough, S.B & Cole, C.W. (Red.) 1952. The economic history of Europe. Boston: D.C. Heath and Company

Datema, J. 1982. Elsschot en de bijbel. In: Over Willem Elsschot. Beschouwingen en interviews. 's Gravenhage: BZZTôH

De Jong, E & Groot, J. 1982. De echte Laarmans en Boorman. In: Kets-Vree, A. (Red.) Over Willem Elsschot. Beschouwingenen interviews. 's-Gravenhage: Uitgeverij BZZTôH

De Jong, E & Groot, J. 1974. De echte Laarmans en Boorman. In: Brugsma, W.L. (Red.) Schrijvers Portretten. Amsterdam: Elsevier

De Mirccea, E. 1989. Encyclopaedia of Religion. New York: Macmillan

De Pillecijn, P.H. 1967. Sociaal Probleem en verhalend prosa. Antwerpen: Standaard Wetenschappelijke uitgeverij.

De Ridder, I. 1994. Willem Elsschot, mijn vader. Amsterdam: Nijgh & Van Ditmar

De Wet, G.L & Oosthuizen, A.G. 1990. Eerste beginsels van die ekonomie. Pretoria: J.P. Van der Walt

Dresden, S. 1974. Tijd en Werkelijkheid in de moderne literatuur. Setvire: Wassenaar

Du Puis, M. 1993. Jan Greshoff en Menno ter Braak op bezoek bij Willem Elsschot. In: Schenkeveld – Van der Dussen, M.A. (Red.) Nederlandse Literatuur, een geschiedenis. Groningen: Marthinus Nijhoff

Ebenstein, W. 1973. Today's isms: communism, fascism, capatalism, socialism. Englewood: Prentice Hall

Elsschot, Willem. 1957. Versameld werk. Amsterdam: Van Kampen en zoon N.V. Sluit in
Verzen van Vroeger (1934)
Villa des Roses (1913)
Een ontgoocheling (1914)
De Verlossing (1921)
Lijmen (1924)
Kaas (1933)
Tsjip (1934)
Pensioen (1937)
Het Been (1939)
De Leeuwentemmer (1939)
Het Tankschip (1942)
Het Dwaallicht (1947)

Encyclopaedia Brittanica. 1988. V.23. Chicago: Encyclopaedia Brittanica

Esterhuyse, J. 1980. Kaas Blokboek. Pretoria: Academica

Fens, K. 1982. Kaas kontra fromage. In: Kets-Vree, A. (Red.) Over Willem Elsschot. Beschouwingen en interviews. 's Gravenhage: BZZTôH

Galbraith, J.K. 1977. The age of uncertainty. London: Andre Deutsch

Goedegebuure, J. 1992. Nieuwe Zakelijkheid. Utrecht: HES Uitgevers

Greshoff, J. 1982. Willem Elsschot. In: Kets-Vree, A. (Red.) Over Willem Elsschot. Beschouwingen en interviews. 's Gravenhage: Uitgeverij BZZTôH

Greshoff, J. 1982. In Elsschot's laboratorium. In: Kets-Vree, A. (Red.) Over Willem Elsschot. Beschouwingen en interviews. 's Gravenhage: Uitgeverij BZZTôH

Grové, A.P. 1981. Literatuur van die lae lande met aantekeninge deur A.P. Grové. In: Elsschot, W. Lijmen. Pretoria: Academica

Hambidge, J. 1995. Postmodernisme. Pretoria: J.P. van der Walt

Hobsbawm, E.J. 1990. Nations and nationalism since 1780. Great Brittain: Cambridge University Press

Href 1 http:\\abbeyapana.org.au/official/papal/LeoXIII/L13permo.htm.

Hutcheon, L. 1988. QA Poetics of Postmodernism: History, Theory, Fiction. Londen & New York: Routledge

Kets-Vree, A. 1979. Zwijgen kan niet verbeterd worden. 's Gravenhage: BZZTôH

Knuvelder, G.P.M. 1976. Handboek tot de Geschiedenis der Nederlandse letterkunde. 's-Hertogenbosch: Malmberg den Bosch

Langen, F. 1982. Een interview met Willem Elsschot. De Vlaamse schrijver hield slechts dagboeken bij. In: Over Willem Elsschot. Beschouwingen en interviews. 's Gravenhage: BZZTôH

Lyon, Margot. 1971. Belgium. London: Thames and Hudson

Marks-van Lakerveld, G. 1977. Over Lijmen/Het Been van Willem Elsschot. Synthese. Amsterdam: Wetenschappelijke Uitgeverij b.v.

Marshall, B.K. 1992. Teaching the Postmodern: Fiction and Theory. New York & Londen: Routledge

Meijer, R.P. 1971. Literature of the Low Countries. Den Haag: Marthinus Nijhoff

Miller, David. (Red.) 1987. The Blackwell Encyclopaedia of Political Thought. Oxford: Blackwell Publishers

Motz, R. 1942. Belgium unvanquished. Buckingham Street: Lindsay Drummond

Multatuli. 1980. Max Havelaar of de koffieveilingen der Nederlandsche Handel-Maatschappij. Rotterdam: A.D. Donker

Muynes, J. & Van de Reijt, V. 1989. Als onweder bij zomerdag. De briefwisseling tussen Louis P. Boon en Willem Elsschot. Amsterdam: E.M. Querido's Uitgeverij

Nescio 1956. Titaantjes. 's Gravenhage: Nijgh & Van Ditmar

Nijhoff, M. 1972. "Awater". In: Antonissen, R. (Red.) Digkuns van die Nederlande 1100-1970 Deel 2. Stellenbosch-Grahamstad: Universiteitsuitgewers en –Boekhandelaars

Nijhoff, M. 1982. Rede. In: Kets-Vree, A. (Red.) Over Willem Elsschot. Beschouwingen en interviews. 's Gravenhage: Uitgeverij BZZTôH

Peet, R. 1991. Global Capitalism. London: Routledge

Postma, H. 1977. Marsman "Verzen" – Toetsing van een ergocentrisch interpretatie model. Groningen: Wolters-Noordhoff en Bouma's Boekhuis

Roelants, M. In: De Telegraaf. 16/December 1934, cit in: "Schrijvers wat is er van de Mens?" Brussel MCMX LIII, p. 91

Roll, E. 1938. A History of economic thought. London & Boston: Faber & Faber

Rutten, M. & Weisgerber, J. (Red.) 1988. Van arm Vlaanderen tot de voorstad groeit. De opbloei van de Vlaamse literatuur van Teirlinck-Stijns tot L.P. Boon. (1888-1946) Antwerpen: Standaard Uitgeverij

Segers, R.T. 1985. Vormen van literatuurwetenschap. Moderne richtingen en hun mogelijkheden voor de tekstinterpretatie. Groningen: Wolters-Noordhoff

Simpson, D. 1995: The academic Postmodern and the rule of literature. Chicago & London: University of Chicago Press.

Slabbert, A. 1997. Capitalism at the cross roads. International Journal of Social Economics. 23(9): 41-50

Smits, F. 1952. Feestreden. Amsterdam: Van Kampen & Zoon

Smits, F. 1976. Willem Elsschot, zijn Leven, zijn Werk en zijn Betekenis als prozaschrijver en dichter. Brussel: A. Manteau N.V.

Sötemann, A.L. 1985. "Vier Poeticas". In: Over Poetica en poëzie. pp. 119-130

Stern, G. (Red.) 1991. Communism. Great Brittain: Amazone Publishing

Stuiveling, G. 1982. Willem Elsschot, Dichter en prozaïst. In: Kets-Vree, A. (Red.). Over Willem Elsschot. Beschouwingen en interviews. 's Gravenhage: BZZTôH

Ter Braak, M. 1982. Willem Elsschot en de idee. In: Kets-Vree, A. (Red.) Over Willem Elsschot. Beschouwingen en interviews. 's Gravenhage: Uitgeverij BZZTôH

Terreblanche, S. 1980. Die wording van die Westerse ekonomie. Pretoria: Academica

Top, Kamiel. 1982. Een interview met Willem Elsschot. In: Over Willem Elsschot. Beschouwingen en interviews. 's Gravenhage: BZZTôH

Van de Reijt, V. 1993. Willem Elscchot Brieven. Amsterdam: Querido's Uitgeverij b.v.

Van der Elst, J., Ohlhoff, C.H.F. & Schutte, H.J. (Red.) 1988. Momente in die Nederlandse Letterkunde. Pretoria & Kaapstad: Academica

Van der Merwe, C.N. 1988. Sirkel en Sfeer. Kaapstad: Perskor

Van der Merwe, C.N. 1994. Breaking Barriers. Stereotypes and the changing of values in Afrikaans writing 1875-1990. Amsterdam: Rodopi B.V.

Van der Merwe, C.N. & Viljoen, H. 1998. Alkant Olifant. 'n Inleiding tot die literatuurwetenskap. Pretoria: J.L. Van Schaik (Akademies)

Van der Walt,

Van Heerden, Etienne. 1997. Postmodernisme en prosa: vertelstrategieë in vyf verhale van Abraham H. de Vries. Kaapstad, Pretoria & Johannesburg: Human & Rousseau

Van Vlierden, B.F. 1977. Willem Elsschot. Grote ontmoetingen. Nijmegen. Uitgeverij B. Gottmer

Van Vlierden, B.F. 1958. Willem Elsschot. Brugge: Desclée de Brouwer

Walschap, L. & Kellner-De Ridder, A. 1982. Hij was totaal vrij, die man; over de laatste jaren van Willem Elsschot. In: Kets-Vree, A. Over Willem Elsschot: Beschouwingen en Interviews. 's Gravenhage: Uitgeverij BZZtôH

Waugh, Patricia. 1984. Metafiction: The Theory and Practice of Self-Conscious Fiction. Londen & New York: Methuen.

White, H. 1968. The uses of history: essays in intellectual and social history/presented to William J. Bossenbrook.

Wolfswinkel, R. 1989. Die Interbellum. Honneurs Lesings